AFRIKAANS FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

*National Curriculum Statement (NCS)*

# *Curriculum and Assessment Policy Statement*

CAPS
STRUCTURED. CLEAR. PRACTICAL
HELPING TEACHERS UNLOCK THE POWER OF NCS

## *Foundation Phase*
## *Grades 1-3*

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING GRAAD 1-3

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**Department of Basic Education**

222 Struben Street
Private Bag X895
Pretoria 0001
South Africa
Tel: +27 12 357 3000
Fax: +27 12 323 0601

120 Plein Street Private Bag X9023
Cape Town 8000
South Africa
Tel: +27 21 465 1701
Fax: +27 21 461 8110
Website: http://www.education.gov.za

**© 2011 Department of Basic Education**

**ISBN: 978-1-4315-0412-1**

Design and Layout by: Ndabase Printing Solution

Printed by: Government Printing Works

# FOREWORD BY THE MINISTER



Our national curriculum is the culmination of our efforts over a period of seventeen years to transform the curriculum bequeathed to us by apartheid. From the start of democracy we have built our curriculum on the values that inspired our Constitution (Act 108 of 1996). The Preamble to the Constitution states that the aims of the Constitution are to:

- heal the divisions of the past and establish a society based on democratic values, social justice and fundamental human rights;
- improve the quality of life of all citizens and free the potential of each person;
- lay the foundations for a democratic and open society in which government is based on the will of the people and every citizen is equally protected by law; and
- build a united and democratic South Africa able to take its rightful place as a sovereign state in the family of nations.

Education and the curriculum have an important role to play in realising these aims.

In 1997 we introduced outcomes-based education to overcome the curricular divisions of the past, but the experience of implementation prompted a review in 2000. This led to the first curriculum revision: the *Revised National Curriculum Statement Grades R-9* and the *National Curriculum Statement Grades 10-12* (2002).

Ongoing implementation challenges resulted in another review in 2009 and we revised the *Revised National Curriculum Statement* (2002) to produce this document.


From 2012 the two 2002 curricula, for *Grades R-9* and *Grades 10-12* respectively, are combined in a single document and will simply be known as the *National Curriculum Statement Grades R-12.* The *National Curriculum Statement for Grades R-12* builds on the previous curriculum but also updates it and aims to provide clearer specification of what is to be taught and learnt on a term-by-term basis.

The *National Curriculum Statement Grades R-12* accordingly replaces the Subject Statements, Learning Programme Guidelines and Subject Assessment Guidelines with the

(a) Curriculum and Assessment Policy Statements (CAPS) for all approved subjects listed in this document;

(b) *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12*; and

(c) *National Protocol for Assessment Grades R-12.*



**MRS ANGIE MOTSHEKGA, MP**
**MINISTER OF BASIC EDUCATION**

# INHOUD


AFDELING 1: NASIONALE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGS-BELEIDSVERKLARING ................ 3

1.1 Agtergrond ........ 3

1.2 Oorsig ........ 3

1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum ........ 4

1.4 Tydstoekenning ........ 6

1.4.1 Grondslagfase ........ 6

1.4.2 Intermediêre Fase ........ 6

1.4.3 Senior Fase ........ 7

1.4.4 Graad 10-12 ........ 7

AFDELING 2: INLEIDING TOT TALE ........ 8

2.1 Inleiding ........ 8

2.2 Toegevoegde tweetaligheid ........ 8

2.3 Verskillende taalleerkontekste ........ 9

2.4 Tydstoekenning ........ 9

2.5 Assessering ........ 10

2.6 Bekendstelling van die Eerste Addisionele Taal ........ 10

2.7 Luister en Praat ........ 10

2.8 Lees en skryf ........ 12

2.8.1 Blootstelling aan die gedrukte media in die omgewing ........ 12

2.8.2 Gedeelde lees ........ 12

2.8.3 Groepbegeleide lees ........ 13

2.8.4 Lees in pare en selfstandige lees ........ 15

2.8.5 Klanke ........ 15

2.8.6 Woordherkenning ........ 16

2.8.7 Begrip ........ 16

2.8.8 Skryfwerk ........ 17

2.8.9 Taalstruktuur en -gebruik ........ 18

AFDELING 3: OORSIG VAN DIE TAALVAARDIGHEDE EN ONDERRIGPLANNE ........ 18

AFDELING 4: TEKSSOORTE WAT IN DIE GRONDSLAGFASE GEDEK WORD ........ 92

WOORDELYS ........ 95

# AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

## 1.1 Agtergrond

Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (NCS)* bepaal beleid oor kurrikulum en assessering in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

## 1.2 Oorsig

(a) Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012)* verteenwoordig 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende:

- (i) die Kurrikulum - en Assesseringsbeleidsverklarings vir elke goedgekeurde skoolvak*;*
- (ii) die beleidsdokument, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12;* en
- (iii) die beleidsdokument, *National Protocol for Assessment Grades R-12 (January 2012).*

(b) Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

- (i) die *Revised National Curriculum Statement Grades R-9, Government Gazette No. 23406* van 31 Mei 2002; en
- (ii) die *National Curriculum Statement Grades 10-12, Government Gazettes, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 17 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in subparagrawe b(i) en (ii), wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word toenemend deur die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

- (i) die Leerarea- / Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
- (ii) die beleid, *National Policy on assessment and qualifications for schools in the General Education and Training Band*, afgekondig in die *Government Notice No. 124* in die *Government Gazette No. 29626* van 12 Februarie 2007;
- (iii) die beleid, *National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF)*, afgekondig in *Government Gazette No. 27819* van 20 Julie 2005;

(iv) die beleid, *An addendum to the policy document, the National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF), regarding learners with special needs,* gepubliseer in die *Government Gazette, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleid, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12;* en

(v) die beleid, *An addendum to the policy document, the National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF), regarding the National Protocol for Assessment (Grades R-12)*, afgekondig in die *Government Notice No. 1267* in die *Government Gazette No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat word, bevat die norme en standaarde van die *National Curriculum Statement Grades R-12.* Dit sal in terme van *afdeling 6A* van die *South African Schools Act,* 1996 *(Act No. 84 of 1996),* die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum**

(a) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

(b) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van ’n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers ’n voldoende profiel van ’n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig ’n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

- *Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse
- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *National Curriculum Statement Grades R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp die wêreld is 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die struikelblokke in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Guidelines for Inclusive Teaching and Learning (2010).*

## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK | GRAAD R (UUR) | GRAAD 1-2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 7/8 | 7/8 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| **Lewensvaardighede:** | **6** | **6** | **7** |
| • Aanvangskennis | (1) | (1) | (2) |
| • Skeppende Kunste | (2) | (2) | (2) |
| • Liggaamsopvoeding | (2) | (2) | (2) |
| • Persoonlike en Sosiale Welsyn | (1) | (1) | (1) |
| **Totaal** | **23** | **23** | **25** |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. ’n Maksimum tyd van 8 uur en ’n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word ’n minimum tyd van 2 uur en ’n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word ’n maksimum van 8 uur en ’n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. ’n Minimum van 3 uur en ’n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 6 |
| Eerste Addisionele Taal | 5 |
| Wiskunde | 6 |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3,5 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| **Lewensvaardighede:** | **4** |
| • Skeppende Kunste | 1,5 |
| • Liggaamsopvoeding | 1 |
| • Persoonlike en Sosiale Welsyn | 1,5 |
| **Totaal** | **27,5** |

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Natuurwetenskappe | 3 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Tegnologie | 2 |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 2 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Skeppende Kunste | 2 |
| **Totaal** | **27,5** |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|---|
| Huistaal | 4.5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4.5 |
| Wiskunde | 4.5 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Enige drie keusevakke uit **Groep B** ***(Annexure B, Tables B1-B8)*** van die beleidsdokument, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12,* onderhewig aan die bepalings soos uiteengesit in paragraaf 28 van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur) |
| **Totaal** | **27,5** |

Die tydstoekenning per week mag net vir die minimum vereiste vakke in die *National Curriculum Statement Grades R-12* (NCS) soos hierbo uiteengesit, gebruik word. Dit mag nie vir enige addisionele vakke wat tot die vakkeuselys gevoeg is, gebruik word nie. As ’n leerder enige addisionele vakke wil aanbied, moet ekstra tyd toegeken word vir die onderrig van hierdie vakke.

# AFDELING 2: INLEIDING TOT TALE

## 2.1 Inleiding

In die Grondslagfase is die belangrikste vaardighede in die kurrikulum vir Eerste Addisionele Taal die volgende:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | *Dink en Redeneer* en *Taalstruktuur en -gebruik* is in al vier die taalvaardighede (luister, praat, lees en skryfwerk) geïntegreer. |
| Lees en klanke | |
| Skryf en handskrif | |

Die inhoud (kennis, begrippe en vaardighede) van die *Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)* is in die *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KAByvoorbeeld)* per kwartaal herrangskik onder bogenoemde opskrifte. Die KAByvoorbeeld voorsien aan onderwysers die volgende:

- ‘n inleiding wat riglyne bevat oor die gebruik van die Grondslagfase-dokument;
- inhoud, begrippe en vaardighede wat aangeleer moet word per kwartaal;
- riglyne ten opsigte van tydstoekenning;
- vereistes vir formele assesseringsaktiwiteite en voorstelle vir informele assessering; en
- lyste van voorgestelde hulpmiddels per graad.

## 2.2 Toegevoegde tweetaligheid

Leerders wat skool toe kom, ken hul huistaal. Hulle kan dit vlot praat en ken reeds duisende woorde. Mondelinge taal vorm dus die basis vir die aanleer van lees- en skryfvaardighede in Graad 1; daarom is dit makliker om in die huistaal te leer lees en skryf.

Wanneer kinders ‘n addisionele taal in Graad 1 aanleer, moet dit op ‘n sterk mondelinge grondslag gebou word. Hulle behoort baie en eenvoudige Afrikaans te hoor wat in konteks verstaan kan word. Deur na die onderwyser te luister terwyl hy of sy stories uit groot, geïllustreerde boeke voorlees, is 'n goeie manier om die taal in konteks te hoor, aangesien dit die leerder se ontluikende geletterdheid ondersteun. Soos wat die kind se begrip verbeter, moet daar talle geleenthede geskep word waar hulle die taal op eenvoudige maniere kan praat. Dit dien weer as grondslag vir die aanleer van lees en skryf in Graad 2 en 3.

Kinders kan baie geletterdheidsvaardighede van die huistaal af oordra. As leerders se skryfvaardighede goed in die huistaal aangeleer is, kan hulle hierdie vaardighede by die skryf van Afrikaans gebruik. Indien klanke goed in die huistaal aangeleer is, hoef die letter-klank-verhouding nie weer in Afrikaans herhaal te word nie. Hulle kan die aangeleerde klankkennis in Afrikaans toepas, en dan hoef slegs die klanke wat van die huistaal verskil, aangeleer te word.

Die Eerste Addisionele Taal van die KAByvoorbeeld benut die leerders se geletterdheidsvaardighede wat in die huistaal opgebou is. Aktiwiteite soos groepbegeleide lees wat in Graad 1 Huistaal aangebied word, word in Eerste Addisionele Taal, Graad 2 bekendgestel. Dit staan as “toegevoegde tweetaligheid” bekend - om 'n sterk geletterdheidsgrondslag in Huistaal te lê en dan die Eerste Addisionele Taal daarop te bou.

### 2.3 Verskillende taalleerkontekste

Daar is baie kinders wat in Afrikaans of Engels onderrig word, maar dit is nie hul huistaal nie, en heelwat tyd moet dus aan die aanleer van die taal bestee word.

### 2.4 Tydstoekenning

Die volgende tydstoekenning sal in 2012 in werking tree. Die tyd wat aan taal in die Grondslagfase toegesê word, word deur die taalkonteks van die skool bepaal. Die hoeveelheid tyd wat elke skool aan Huistaal en Eerste Addisionele Taal wil bestee, sal deur die leerders se behoeftes bepaal word. Die minimum tyd vir Huistaal en Eerste Addisionele Taal word in hakies in die onderstaande tabel aangedui:

| | **Huistaal** | **Eerste Addisionele Taal** |
|---|---|---|
| Graad 1 | 8 (7) ure | 3 (2) ure |
| Graad 2 | 8 (7) ure | 3 (2) ure |
| Graad 3 | 8 (7) ure | 4 (3) ure |

Die Departement van Basiese Onderwys is nie voorskriftelik met betrekking tot die verdeling van die tyd in die verskillende komponente nie, hoewel die volgende voorstelle vir elke graad gemaak word:

**Indien die maksimum tyd aan Eerste Addisionele Taal toegestaan word:**

| **EERSTE ADDISIONELE TAAL** | | | |
|---|---|---|---|
| | **GRAAD 1** | **GRAAD 2** | **GRAAD 3** |
| Luister en praat | 1 uur 30 minute | 1 uur | 1 uur |
| Lees en klanke | 1 uur 15 minute | 1 uur 30 minute | 1 uur 30 minute |
| Skryfwerk | 15 minute | 30 minute | 1 uur |
| Taalstruktuur | | | 30 minute |
| | **3 ure per week** | **3 ure per week** | **4 ure per week** |

**Indien die minimum tyd aan Eerste Addisionele Taal toegestaan word:**

| **EERSTE ADDISIONELE TAAL** | | | |
|---|---|---|---|
| | **GRAAD 1** | **GRAAD 2** | **GRAAD 3** |
| Luister en praat | 1 uur 30 minute | 45 minute | 1 uur |
| Lees en klanke | 30 minute | 45 minute | 1 uur |
| Skryfwerk | | 30 minute | 30 minute |
| Taalstruktuur | | | 30 minute |
| | **2 ure per week** | **2 ure per week** | **3 ure per week** |

### 2.5 Assessering

Die KAByvoorbeeld voorsien die volgende voorstelle vir elk van hierdie formele assesseringstake:

| GRAAD | VAK | KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | EAT | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 |
| 2 | EAT | 1 | 1 | 2 | 1 | 5 |
| 3 | EAT | 1 | 2 | 2 | 1 | 6 |

In die eerste kwartaal is daar slegs een formele assesseringstaak vir Graad 1 - 3 sodat onderwysers die geleentheid het om ‘n grondlynassessering aan die begin van die kwartaal met hulle leerders te doen. Daar word ook voorstelle gemaak vir informele assessering wat daaglikse leer en onderrig versterk, maar waarvan daar nie formeel verslag gehou hoef te word nie.

### 2.6 Bekendstelling van die Eerste Addisionele Taal

Wanneer die onderwyser die Eerste Addisionele Taal aan die leerders in Graad 1 bekendstel, moet die idee van ‘n “addisionele taal” op ‘n eenvoudige manier by die leerders tuisgebring word. ‘n Goeie manier is om dit te doen deur middel van ‘n handpop met ‘n naam in die Eerste Addisionele Taal, byvoorbeeld Hansie Handpop. Tydens die eerste les stel die onderwyser die handpop aan die leerders voor en vertel dat Hansie nie hulle huistaal kan praat nie. Hy kan net Afrikaans praat, en hulle sal in Afrikaans met hom moet praat. Hansie word dus ‘n permanente karakter in die Eerste Addisionele Taal-klas. Die onderwyser kan miskien ‘n tweede handpop (byvoorbeeld Hester Handpop) gebruik om interaksies in die addisionele taal te demonstreer (byvoorbeeld maniere waarop gegroet word).

### 2.7 Luister en Praat

Die aanleer van ‘n addisionele taal toon baie ooreenkomste met die aanleer van ‘n huistaal, behalwe dat dit heelwat later in die kind se lewe gebeur. In die eerste jaar van hul lewe hoor kinders baie eenvoudige taal in konteks, wat hulle in staat stel om die taalstruktuur en woordeskat in hul huistaal in te neem. Na omtrent ‘n jaar begin kinders hul huistaal praat, hoewel hulle nog nie in volsinne kan praat nie. Hulle gebruik een of twee woorde vir verskillende doeleindes en betekenisse. Hulle kan meer komplekse taal verstaan as wat hulle kan praat.

Dit is belangrik dat onderwysers dit in gedagte hou wanneer kinders ‘n addisionele taal leer. In Graad 1 moet die leerders aan baie taal in die vorm van stories en instruksies in die klaskamer blootgestel word. ‘n Uitstekende manier waarop kinders ‘n addisionele taal kan bemeester, is om na stories te luister wat aan hulle vertel word. Die onderwyser moet

- stories met ‘n eenvoudige en herhalende struktuur kies wat taal en woordeskat betref (byvoorbeeld *Die Drie Varkies*);
- die taal eenvoudig hou en stadig maar natuurlik praat;
- gebare, prente en werklike voorwerpe gebruik om begrip vir die storie te ondersteun;
- die storie ‘n paar keer vertel en die leerders geleidelik al hoe meer betrek, byvoorbeeld deur aan refreine deel te neem, soos: *Die wolf blaas en hy raas en hy blaas die varkie se huis om*.

‘n Ander manier om leerders aan die addisionele taal bekend te stel, is deur stories of niefiksie-tekste aan hulle voor te lees. Die onderwyser gebruik ‘n Grootboek met prente en vergrote teks wat al die leerders kan sien terwyl hy of sy lees. Dit staan as “gedeelde lees” bekend. Die voordeel van gedeelde lees is dat dit nie net ‘n uitstekende luisteraktiwiteit is nie, maar dit ontwikkel ook die leerder se ontluikende geletterdheid. Kinders leer so die konsepte van die gedrukte media (byvoorbeeld, ons lees van voor na agter in ‘n boek, van links na regs en van bo na onder op ‘n bladsy), en hulle begin die woorde in die addisionele taal herken (byvoorbeeld *hy, sy*). Die begrip van gedeelde lees behoort aan die leerders bekend te wees, aangesien hulle dit reeds in Huistaal-lesse doen.

Nog ‘n uitstekende manier om kinders aan ‘n addisionele taal bloot te stel, is deur middel van eenvoudige instruksies waarop die leerders fisies reageer. Die onderwyser sê byvoorbeeld: “Kom hier, Kerneels”, met ‘n toepaslike gebaar waarop Kerneels dan moet reageer. Hierdie metode, bekend as die Totale Fisieke Reaksie, het die voordeel dat die onderwyser onmiddellik kan sien of Kerneels verstaan of nie, en kan dan gepaste terugvoering gee, byvoorbeeld: “Mooi so, Kerneels", of sy kan die instruksie stadig herhaal met groter klem op die gebaar. Klaskamertaal (byvoorbeeld: “Kom vorentoe en kom sit op die mat”) bied baie geleenthede om die Totale Fisieke Reaksie bekend te stel. Aksierympies kombineer taal met fisieke reaksie wat begrip en memorisering van die taal bevorder.

Die voordeel van bogenoemde drie metodes (luister na stories, gedeelde lees en totale fisieke reaksie) is dat die klem vir die aanleer van ‘n taal op luisterbegrip val. Dit neem die druk van die leerders af om te praat, verminder angstigheid en bied die geleentheid om op die begrip van die taal te fokus. Om egter die taal ten volle te bemeester, moet leerders ook die geleentheid gebied word om die taal te praat.

Aanvanklik sal die leerders se gesproke taal op ingeoefende taalvorme berus, byvoorbeeld gememoriseerde liedjies, aksierympies en gediggies of ingedrilde taalkonstruksies soos “Goeiemôre, hoe gaan dit?” en “Dit gaan goed, hoe gaan dit met jou?” Soos wat die leerders se begrip vir die taal geleidelik toeneem, moet hulle meer praat - aanvanklik een of twee woorde, byvoorbeeld: In reaksie op die onderwyser se vraag: “Het jy die storie geniet?” kan die leerder “Ja” of “Nee” antwoord.

Aan die begin word die leerder se ontluikende gesproke taal opgebou (dit wil sê deur die onderwyser gedemonstreer en ondersteun). Die leerders kan, byvoorbeeld die storie wat vertel of gelees is, dramatiseer en van die dialoog herhaal. Leerders kan die storie met die onderwyser se hulp oorvertel. Die onderwyser moet leerders geleenthede bied om in Afrikaans te praat. Elke kind vorder teen sy eie tempo en dit is die onderwyser se taak om op die individu se vlak geleentheid te bied om in Afrikaans te praat (byvoorbeeld die vrae wat gestel word). Soos wat die leerders deur die verskillende grade vorder, moet die onderwyser van die leerder verwag om meer te praat.

Namate die leerders in Afrikaans vorder, moet hulle aan ‘n verskeidenheid tekste blootgestel word. In Graad 1 sal hulle baie blootstelling aan stories kry en sal hulle die struktuur en eienskappe van narratiewe tekste ontdek (dit wil sê, karakters word bekendgestel, die agtergrond word beskryf, ‘n probleem word opgelos, die storie word gewoonlik in die verlede tyd vertel). In Graad 2 word mondelinge oorvertellings in Eerste Addisionele Taal bekendgestel (byvoorbeeld: “Gister het ons dorp toe gegaan. Ons het eers by die supermark gaan kos koop. Daarna het ons biblioteek toe gegaan”, ensovoorts) en in Graad 3 word geskrewe vertellinge ingesluit. Die oorvertellings is belangrik omdat dit die oorbrugging vanaf mondeling na geskrewe taal is. Ons gebruik dikwels mondelinge vertellinge (byvoorbeeld om aan mense te vertel wat ons gedoen het), maar ons skryf dit ook neer. In Graad 3 word leerders mondeling aan tekste (soos instruksies vir resepte en feitelike oorvertellings, byvoorbeeld: Olifante is groot diere. Hulle woon in troppe, ensovoorts) bekendgestel. Voorbeelde van hierdie tekstipes word in Afdeling 4 aan die einde van hierdie dokument, asook ‘n beskrywing van hul strukture en eienskappe, ingesluit.

**Daaglikse en weeklikse / tweeweeklikse gefokusde luister- / praataktiwiteite wat rondom temas gebou word**

‘n Groot deel van die tyd moet in Graad 1 aan luister en praat toegewy word. Dit word in Graad 2 en 3 verminder wanneer meer lees- en skryfwerk in Eerste Addisionele Taal ingebring word. Gefokusde aandag moet in die Grondslagfase aan luister en praat gegee word.

In Eerste Addisionele Taal word luister en praat soos volg georganiseer:

- ‘n Lys van aktiwiteite wat daagliks oor ‘n week gedek moet word. Die keuse en aantal aktiwiteite wat daagliks gedek word, sal deur die onderwyser en die minimum of maksimum tyd wat hy of sy vir Eerste Addisionele Taal beskikbaar het, bepaal word.
- ‘n Gefokusde aktiwiteit, byvoorbeeld “Luister na stories wat gelees of vertel word” wat een of twee keer per week onderrig word, afhangend van die graad en die hoeveelheid tyd wat beskikbaar is.

Hierdie aktiwiteite word rondom temas georganiseer. Daar word aanbeveel dat onderwysers vier temas per kwartaal kies, miskien minder waar die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik word. Die onderwyser moet temas kies wat hulle tot die aanleer van ‘n addisionele taal leen. Die temas moet aan die leerders bekend wees, verkieslik temas wat reeds in Huistaal gebruik is en wat baie geleentheid bied om die taal in konteks te leer. (Voorsien byvoorbeeld geleenthede vir demonstrasie en gebruik voorwerpe wat reeds in die klas is.) Sommige temas word as voorbeelde gegee, maar dit is slegs voorstelle en MOET NIE as voorskriftelik beskou word nie.

Die rede vir die gebruik van temas, is om herhaling van woordeskat en taalstrukture in betekenisvolle konteks te plaas, byvoorbeeld woorde wat met die liggaam verband hou (gesig, oë, ore, neus, mond, arms, bene, voete) en die posisie van die liggaamsdele (Wys na jou …; Dit is my …; Hier is my …) moet herhaaldelik in konteks gehoor word en dan moet leerders die geleentheid kry om die woordeskat te gebruik. Soos wat die leerders na Graad 2 en 3 vorder, moet hulle ook die geleentheid kry om die woorde te lees en te skryf. Leerders sal die woorde en strukture onthou en gebruik indien dit gereeld herhaal word.

## 2.8 Lees en skryf

Om die bogenoemde redes word daar baie klem gelê op die ontwikkeling van mondelinge taal in Graad 1, wanneer leerders in hul huistaal leer lees en skryf. In Graad 2 en 3 moet daar egter ook op die ontwikkeling van die Eerste Addisionele Taal gefokus word.

Lees- en skryfwerk dra by tot die leerders se taalontwikkeling in Afrikaans. Leerders word meer aan hul addisionele taal blootgestel deur te lees. Navorsing toon dat daar ‘n duidelike verband tussen die hoeveelheid leesaktiwiteite is wat ‘n kind doen en hul woordeskatontwikkeling. Skryfwerk is belangrik omdat dit die kind dwing om oor taalstrukture en spelling na te dink. Dit moedig leerders aan om die taal te verwerk, bespoedig taalverwerwing en verbeter akkuraatheid, daarom word daar meer tyd aan lees- en skryfaktiwiteite in Eerste Addisionele Taal vir Graad 2 en 3 gewy.

Die aktiwiteite vir lees en skryf is soos volg:

### 2.8.1 Blootstelling aan gedrukte media in die omgewing

Vanaf hul vroegste jare word Suid-Afrikaanse kinders aan ‘n groot hoeveelheid media in die omgewing blootgestel, byvoorbeeld tekens (padtekens, winkeltekens, ens.) en verpakking. Onderwysers kan dit as die beginpunt vir leerders se ontluikende geletterdheid in hul addisionele taal gebruik. Hy of sy kan byvoorbeeld bekende verpakkings

of advertensies klas toe bring en vasstel of die leerders die handelsname kan herken. Vanaf die derde kwartaal van Graad 1, wanneer leerders reeds ‘n mate van geletterdheid in hul huistaal verwerf het, kan die onderwyser sekere voorwerpe in die klas in die leerders se huistaal en in Afrikaans etiketteer. Hierdie aktiwiteite ondersteun terloopse leer; hulle is nie gefokusde geletterdheidsaktiwiteite nie en daar behoort nie baie tyd daaraan bestee te word nie.

### 2.8.2 Gedeelde lees

Gedeelde lees is ‘n belangrike aktiwiteit vir taal- en geletterdheidsontwikkeling in die Grondslagfase. Die doel van gedeelde lees in Graad 1 is om die leerders in ‘n betekenisvolle, ondersteunende konteks aan hul addisionele taal bloot te stel. Dit ontwikkel die leerders se ontluikende geletterdheid in hul addisionele taal. Hulle ontwikkel die begrip van gedrukte teks en begin ‘n paar woorde in Afrikaans herken. Op hierdie vlak moet die onderwyser die volgende doen:

- Kies ‘n eenvoudige, vergrote teks (byvoorbeeld ‘n Grootboek) met beperkte teks en heelwat goeie illustrasies. Die storie moet ‘n duidelike, eenvoudige struktuur hê, byvoorbeeld *Die Drie Varkies*. Verkieslik moet die taal herhalend en voorspelbaar wees (byvoorbeeld “Waar is Snip? Hy is in die huis. Waar is Snip? Hy is in die tuin”, ensovoorts.) Namate die jaar vorder, behoort die vlak van die tekste moeiliker te word.

- Praat met die leerders oor die prente sodat hulle die woordeskat kan verstaan. Vra vrae in die huistaal. Help hulle om die verband tussen die storie en hul eie lewens te sien.

- Lees die teks ‘n paar keer deur en gebruik die vinger of ‘n wyser sodat die leerders die teks kan volg.

- Vra vrae oor die teks.

- Betrek die leerders geleidelik by die “lees” van die storie.

Namate die leerders na Graad 2 en 3 vorder, behoort die teks ook meer gevorderd te raak. Die onderwyser demonstreer hoe om vloeiend te lees en gebruik die teks om woordeskat op te bou, begrip te bevorder, woorde te ontsyfer, en teksstrukture, taalstrukture en leestekens te verstaan.

### 2.8.3 Groepbegeleide lees

In Graad 2 begin leerders met ‘n nuwe aktiwiteit in hul addisionele taal: groepbegeleide lees. Hulle behoort egter met hierdie aktiwiteit bekend te wees, omdat hulle dit reeds van die begin van Graad 1 af in Huistaal doen. Die onderwyser moet ‘n gegradeerde leesreeks hê wat volgens moeilikheidsgraad gegradeer is. Leerders word volgens vermoë in groepe van 6 - 10 geplaas en gebruik dan ‘n leesboek wat vir die groep se leesvlak geskik is. Die onderwyser werk vir 15 minute een maal per week met elke groep, terwyl die ander groepe met selfstandige lees, lees in pare, of aktiwiteite wat met die teks verband hou, besig is, byvoorbeeld eenvoudige skryfaktiwiteite soos om sinne te voltooi of sinne in die korrekte volgorde te plaas. Die doel van groepbegeleide lees is dat die onderwyser die geleentheid het om individuele aandag aan leerders te gee om hulle begrip en woordherkenningsvaardighede in die addisionele taal te ontwikkel.

**Samestelling van groepe volgens vermoë**

Voordat leerders gegroepeer kan word, moet hulle eers waargeneem word terwyl hulle uit die leesboeke lees. Kies 'n boek wat u dink die leerder kan lees, maar wat nie te maklik is nie - daar moet steeds 'n paar uitdagings wees. As die leerder die teks vlot en met toepaslike uitdrukking kan lees, is die teks op sy / haar leesvlak. Indien die leerder met die teks sukkel, moet 'n makliker teks gekies word totdat die korrekte vlak gevind is. Wanneer al die leerders geassesseer is, kan hulle volgens vermoë gegroepeer word.

**Stappe vir 'n groepbegeleide leesles**

**I Kies 'n toepaslike teks**

Gewoonlik word gegradeerde leesboeke vir groepbegeleide lees gebruik. Hierdie tekste behoort op 'n laer vlak as die gedeelde leestekste te wees. Lees vooraf deur die teks en maak 'n nota van enige woordeskat of taalstrukture wat vir die leerders 'n uitdaging mag wees. Dit bied vir die onderwyser 'n leerfokuspunt.

**II Inleiding**

Stel die tipe boek (byvoorbeeld fiksie of niefiksie) en die onderwerp bekend. Help die

leerders om die verband tussen die onderwerp en hul eie lewenservaringe te sien. Hou hierdie

praatjie gefokus en net lank genoeg sodat die leerders suksesvol kan lees (2 - 3 minute).

**III Praat oor die prente**

Gebruik die prente om die onderwerp aan die leerders bekend te stel en om oor nuwe

woordeskat te praat. Hou dit weereens 'n gefokusde en kort aktiwiteit (2 - 3 minute).

**IV Eerste lees**

Die leerders lees die teks individueel. Die onderwyser neem die leesgedrag waar en mag dalk 'n addisionele leerfokus kies wat op hierdie waarnemings gegrond is. Die onderwyser beweeg van leerder tot leerder en luister na 'n kort gedeelte wat elkeen hardop lees. Die onderwyser spoor die leerder op hierdie stadium aan deur byvoorbeeld te sê:

- Wat verwag jy om in hierdie boek te lees?
- Maak dit vir jou sin?
- Mooi so! Jy het jouself gekorrigeer. Dit maak sin.
- Wat sal reg klink in hierdie sin?
- Kyk na die prent.
- Dit kan wees, maar kyk weer na die eerste letter.

Aanvanklik sal die onderwyser moontlik die vrae in die leerder se huistaal moet vra. Begin egter die vrae so gou moontlik in Afrikaans te vra. Die leerders behoort met hierdie vrae bekend te wees, omdat hulle hierdie aktiwiteit reeds sedert die begin van Graad 1 in hul huistaal doen.

**V Begrip**

Vra vrae oor die teks om begrip te toets.

**VI Tweede en daaropvolgende leessessies**

Tydens daaropvolgende dae herlees die leerders die teks in pare of alleen. Die primêre fokus is om vlotheid te ontwikkel en die geleentheid te bied om die teks ter uitbreiding van woordeskat en dieper begrip te gebruik. Herhaalde lees ondersteun die ontwikkeling van vlotheid in die addisionele taal.

Onderwysers mag dalk nie vertroud wees met die gebruik van groepbegeleide lees nie, veral in die Eerste Addisionele Taal-klas, daarom kan hierdie metode geleidelik bekend gestel word. Sodra die metode met selfvertroue in Huistaal gebruik word, kan dit tydens Eerste Addisionele Taal aangewend word. Intussen kan onderwysers klaslees met die hele klas doen waar al die leerders dieselfde teks het en die leerders beurte neem om te lees. Onderwysers moet egter steeds individuele leesgedrag waarneem en die leerders help om begrip en woordherkennings-vaardighede te ontwikkel.

Daar is ook nie net soveel tyd vir groepbegeleide lees in Eerste Addisionele Taal beskikbaar as in Huistaal nie. Onderwysers wat die maksimum tyd vir Eerste Addisionele Taal volg, sal een maal per week vir 15 minute met elke kleingroep kan werk. Diegene wat egter die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal volg, sal dit nie kan doen nie en sal klasleeswerk in plaas van groepbegeleide lees moet doen.

### 2.8.4 Lees in pare en selfstandige lees

Lees in pare en selfstandige lees is ‘n manier waarop leerders aangemoedig word om vir genot te lees en die kans kry om lees in te oefen. Tydens lees in pare lees twee leerders saam en maak beurte om te lees.

Leerders gebruik hierdie tyd om twee dinge te doen: 1) Hulle herlees die leesboek wat tydens groepbegeleide lees gelees is, totdat dit vlot gelees kan word; 2) Hulle kies boeke uit die leeshoekie / klaskamerbiblioteek om vir genot te lees. Die teks is op ‘n laer vlak as dié wat vir gedeelde en groepbegeleide lees gebruik word.

Wanneer geleenthede vir leerders geskep word om **op hul eie te lees**, leer hulle vlot lees, mits die teks maklik genoeg is om sonder hulp te kan lees. Kort, eenvoudige boeke met voorspelbare teks en kleurvolle illustrasies is ideaal. Sommige onderwysers hou daarvan om vir die leerders leeshuiswerk te gee - die herlees van die groep se leesboek, of die lees van eenvoudige prentboeke. Hierdie aanvullende leesoefening speel ‘n belangrike rol wanneer iemand leer lees, indien dit op ‘n gereelde basis plaasvind.

### 2.8.5 Klanke

Die eerste stadium waarop geleer word om geskrewe woorde op te deel, vind mondeling plaas. Hier leer die leerders om die verskillende klanke van die taal te isoleer (**fonemiese bewustheid**). Die leerder moet die verwantskap herken tussen die klank en die letter wat die klank verteenwoordig, byvoorbeeld / b /, / o /, / k / of / oe /, waarna die letters saamgevoeg word om woorde te vorm, byvoorbeeld “bok”, “boek” (**klanke**). Die leerder moet die woorde verstaan (**begrip**) en gereeld in gedrukte media daarmee in aanraking kom sodat hy of sy die woord onmiddellik sal herken. Laastens moet die leerder die woorde vinnig en met begrip in sinne kan lees (**vlotheid**). Hierdie leesproses vind nie stap vir stap plaas nie. Kinders herken en verstaan byvoorbeeld woorde uit die omgewing en gedeelde lees, vanaf ‘n jong ouderdom. Dit is egter steeds belangrik dat ‘n sistematiese klankeprogram in die huistaal gebruik word om te leer lees, saam met lees, skryf en na stories luister.

Wanneer leerders in ‘n addisionele taal leer lees en skryf, kan hulle reeds woorde in die huistaal analiseer. Hulle verstaan reeds die konsep van gedrukte media en het ‘n beduidende hoeveelheid voorafgaande kennis van die verwantskap (verhouding) tussen klank en spelling. Tydens die klankelesse in Eerste Addisionele Taal moet die leerders oefen om hierdie kennis toe te pas en die woorde in Afrikaans te dekodeer (byvoorbeeld die samevoeging van verskillende klanke om woorde te vorm). Leerders moet ook leer waar die klank-spelling-verhouding tussen die huistaal en die addisionele taal verskil. Die oe-klank in Afrikaans verteenwoordig byvoorbeeld ‘n ander klank in Engels, byvoorbeeld: Afrikaans: k<u>oe</u>k, Engels: *g<u>oe</u>s*.

In Graad 1 is dit belangrik dat leerders ‘n sterk mondelinge grondslag in hul addisionele taal ontwikkel. Indien dit nie gebeur nie, sal hulle nie die dekodering in Graad 2 verstaan nie en gevolglik geen of gebrekkige begrip hê van wat hulle lees *(barking at print).* Dit sal tot die leerders se voordeel wees as hulle leer om die verskillende klanke in Afrikaans in Graad 1 te identifiseer (fonemiese / klankbewustheid). Dit word gedoen deur middel van liedjies en rympies wat hulle help om klanke te isoleer (byvoorbeeld: *Jan Viljoen woon in ‘n skoen*).

Die onderwyser moet besef dat dit sy of haar rol is om mettertyd die verwantskap tussen klank-spelling-bewustheid in die addisionele taal op te bou, en nie op volkome akkuraatheid aan te dring nie. Die leer van klanke behoort regdeur die Grondslagfase aan die hand van kort, gereelde aktiwiteite plaas te vind.

**Daaglikse / Weeklikse klanke-aktiwiteite**

Klanke behoort regdeur die Grondslagfase spesifieke aandag te geniet. ‘n Program word in die kurrikulum vir Eerste Addisionele Taal voorsien. In Graad 1 is die klem op die ontwikkeling van fonemiese / klankbewustheid. In Graad 2 en 3 bou die program voort op dit wat die leerders reeds in Huistaal gedoen het. Omdat die tyd vir die aanleer van klanke beperk is, word onderwysers aangemoedig om klanke by luister-, praat- en gedeelde leesaktiwiteite te integreer.

### 2.8.6 Woordherkenning

Sigwoorde word geleer wanneer leerders die woorde herhaaldelik sien. Woorde wat gereeld in teks voorkom (hoëfrekwensie woorde) word ook so aangeleer. Hoe meer die leerders in hul addisionele taal lees, hoe meer sigwoorde word aangeleer.

### 2.8.7 Begrip

Leerders is dikwels wel daartoe in staat om die woorde te dekodeer of te analiseer, maar hulle verstaan nie wat hulle lees nie. Dit lei tot die term *“barking at print”* wat deur sommige mense gebruik word. Die hoofrede waarom leerders nie verstaan wat hulle lees nie, is omdat hulle taalvaardighede swak ontwikkel is. Die nodige woordeskat en taal ontbreek om sin te maak uit dit wat gelees word. Daarom moet die leerders soveel moontlik aan Afrikaans op die regte vlak blootgestel word om woordeskat en taal te bevorder. Strategieë soos om, byvoorbeeld, ‘n “woordmuur” in die klaskamer op te bou, of om die leerders aan te moedig om persoonlike woordeboeke (woordeskatboeke) aan te hou, kan suksesvol gebruik word.

‘n Ander belangrike manier om die leerders se leesbegrip te ontwikkel, is om vrae te vra wat die leerders in staat stel om interaksie met die teks te hê. Die onderwyser begin met eenvoudige vrae, byvoorbeeld: “Wie het die pap geëet?”, “Wat het Gouelokkies geëet?” en “Waar het Gouelokkies geslaap?” Soos wat die leerders aan die vrae gewoond raak en die nodige taal ontwikkel om dit te beantwoord, kan meer komplekse vrae gevra word. Wanneer leerders in Graad 3 kom, behoort hulle hoekom-vrae, soos “Hoekom het Gouelokkies nie Pappa Beer se pap geëet nie?”, te kan beantwoord.

Verdere inligting oor gedeelde lees, groepbegeleide lees, lees in pare en selfstandige lees, klanke, woordherkenning en begrip, kan in die Departement van Basiese Onderwys se handboek *Teaching Reading in the Early Grades* (2008) op www.education.gov.za verkry word.

### 2.8.8 Skryfwerk

Leerders leer die vaardighede ten opsigte van lettervorming en skryf in hul huistaal aan. Hierdie kennis kan vanaf die derde kwartaal van Graad 1 in Eerste Addisionele Taal toegepas word. Die skryfaktiwiteite in Graad 1 is eenvoudig omdat die leerders nog in hul huistaal op skryfwerk fokus.

In Graad 2 word daar in Eerste Addisionele Taal meer klem op skryfwerk geplaas. Skryfwerk word met behulp van die onderwyser se leiding gedoen. Leerders skryf, byvoorbeeld, sinne met behulp van 'n sinsraam, soos *Ek hou van ______ / Ek hou nie van ______ nie*. In Graad 3 word die skryfwerk meer uitdagend. Daar word van leerders verwag om 'n eenvoudige stel reëls en 'n persoonlike oorvertelling neer te skryf. Hulle skryf ook, met hulp van die onderwyser, 'n eenvoudige storie tydens gedeelde skryfwerk.

Baie van die skryfvaardighede word van die huistaal af oorgedra. Leerders leer byvoorbeeld hoe om 'n teks, soos 'n persoonlike oorvertelling, eers in hul huistaal te skryf voordat hulle hierdie kennis na die addisionele taal oordra. Net so leer die leerders om hul skryfwerk in die huistaal en later in die addisionele taal te beplan, te skryf en te hersien.

### 2.8.9 Taalstruktuur en -gebruik

Die grondslag vir die ontwikkeling van taalvaardighede (luister, praat, lees en skryf) is kennis van die woordeskat en taalstruktuur van die addisionele taal. In Graad 1 is die woordeskat en taal wat aangeleer word terloops, met ander woorde deur middel van blootstelling aan die gesproke taal. In Graad 2 en 3 word woordeskat en taal ook deur die lees van Afrikaans aangeleer. In Graad 3 is daar spesifieke aktiwiteite wat op Taalstruktuur fokus.

Woordeskatteikens word vir elke graad gestel en 'n lys hoëfrekwensie woorde in Afrikaans word in Afdeling 3 van hierdie dokument voorsien. Onderwysers kan die volgende strategieë gebruik om leerders se woordeskat te ontwikkel:

- Woordmure en etikette / kaartjies in die klaskamer
- Woordeskatspeletjies, byvoorbeeld woordvasvrae
- Selfstandige lees
- Persoonlike woordeboeke / woordeskatboeke
- Geïllustreerde kinderwoordeboeke (een- en tweetalig)

# AFDELING 3: OORSIG VAN DIE TAAL VAARDIGHEDE EN ONDERRIGPLANNE

| OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN DIE EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 1-3 | | | |
|---|---|---|---|
| | **GRAAD 1** | **GRAAD 2** | **GRAAD 3** |
| **LUISTER EN PRAAT** | • Bou 'n mondelinge woordeskat op deur gebruik te maak van temas wat deur die onderwyser gekies is, byvoorbeeld: *Dinge wat ek kan doen; Die weer*.<br>• Bou verbandhoudende woordeskat op met betrekking tot vorms, grootte en rigting.<br>• Reageer gepas op twee of meer eenvoudige mondelinge instruksies, byvoorbeeld: *Plaas die rooi balle in die sak*.<br>• Reageer op groetvorme en rig ook eenvoudige versoeke, byvoorbeeld: *Mag ek die klaskamer verlaat?*<br>• Memoriseer en dra aksierympies voor, asook eenvoudige gedabout gediggies en liedjies.<br>• Speel eenvoudige taalspeletjes.<br>• Luister na kort, eenvoudige stories wat vertel of voorgelees word en voer besprekings oor die prente.<br>• Dramatiseer eenvoudige stories deur gedeeltes van die tekste te gebruik.<br>• Reageer op eenvoudige vrae oor 'n storie en gee kort antwoorde.<br>• Identifiseer 'n persoon, dier of voorwerp uit 'n eenvoudige mondelinge beskrywing, byvoorbeeld om die beskrywing by die prent te pas.<br>• Luister en reageer op eenvoudige vrae soos: Wat? Hoeveel? Wat is jou naam?<br>• Gebruik kort frases om jouself op eenvoudige maniere uit te druk, byvoorbeeld: *My naam is …* | • Gaan voort deur 'n mondelinge woordeskat op te bou deur gebruik te maak van temas wat deur die onderwyser gekies is, byvoorbeeld: *Gevoelens, Seisoene*.<br>• Bou verbandhoudende woordeskat op met betrekking tot tyd en volgorde.<br>• Volg kort opmekaarvolgende instruksies, byvoorbeeld: *Trek 'n sirkel. Kleur dit rooi in*.<br>• Gee eenvoudige instruksies.<br>• Verstaan deur te reageer op eenvoudige vrae soos: *Watter? Wie se? Wie se boek is dit?*<br>• Vra eenvoudige formulerende vrae: *Wat is jou naam?*<br>• Maak eenvoudige stellings en rig duidelike versoeke, byvoorbeeld: *Mag ek uitgaan, asseblief? Ek voel siek.*<br>• Identifiseer 'n voorwerp deur 'n eenvoudige mondelinge beskrywing te gee.<br>• Praat oor iets in 'n prent.<br>• Luister na stories en vertel hulle oor.<br>• Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie, byvoorbeeld: *Wie het die pap geëet?*<br>• Dramatiseer eenvoudige stories deur gedeeltes van die tekste te gebruik.<br>• Vertel die storie oor met die hulp van die onderwyser.<br>• Vertel kort, eenvoudige, opeenvolgende gebeure of ondervindings oor.<br>• Memoriseer en dra aksierympies, gediggies en liedjies voor.<br>• Speel eenvoudige taalspeletjies. | • Gaan voort deur 'n mondelinge woordeskat op te bou deur gebruik te maak van temas wat deur die onderwyser gekies is, byvoorbeeld: *Vind uit …*<br>• Bou verbandhoudende woordeskat op met betrekking tot vergelykings en beskrywings.<br>• Luister na instruksies en reageer gepas.<br>• Reageer op en stel versoeke<br>• Praat oor 'n prent of 'n foto.<br>• Vra vir duidelikheid, byvoorbeeld: *Ek verstaan nie. Herhaal dit asseblief.*<br>• Vertel gebeure in die regte volgorde oor.<br>• Luister na stories en persoonlike vertellings en beantwoord begripsvrae.<br>• Voorspel wat volgende gaan gebeur in 'n storie of in 'n persoonlike oorvertelling.<br>• Druk gevoelens oor 'n storie uit.<br>• Vertel die storie oor.<br>• Luister na niefiksie-tekste (feitelike oorvertellings, prosedures of 'n inligtingsverslag) en beantwoord dan begripsvrae.<br>• Gee, met hulp van die onderwyser, 'n eenvoudige opsomming van niefiksie-tekste.<br>• Neem aan 'n kort gesprek oor 'n bekende onderwerp deel.<br>• Verstaan en reageer op vrae soos *Wanneer? Wie? Waarom het die huis omgeval?*<br>• Dra 'n gediggie of rympie voor. Sing 'n liedjie (met meegaande aksies).<br>• Speel taalspeletjies. |

| OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN DIE EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 1-3 | | | |
|---|---|---|---|
| | **GRAAD 1** | **GRAAD 2** | **GRAAD 3** |
| **KLANKE** | • Ontwikkel klankbewustheid in die Eerste Addisionele Taal deur middel van rympies en liedjies, byvoorbeeld: *San sit op die mat. Sy speel gou met die kat.*<br>• Identifiseer sommige rymwoorde.<br>• Herken beginklanke in bekende woorde, byvoorbeeld *k* in *kat*.<br>• Kan mondelinge sinne in woorde verdeel. Klap en sê die woorde.<br>• Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe. Klap en sê die woorde.<br>• Onderskei tussen die aanvangsklank en die res van die lettergreep in eenvoudige woorde soos *k-at*, *m-at*, *l-at*.<br>• Herken meervoude mondeling (*s* en *e*). | **Fonemiese bewustheid**<br>• Onderskei mondeling tussen klanke wat dikwels verwarrend kan wees, byvoorbeeld: mier, muur<br>**Klanke**<br>• Identifiseer letter-klank-verhoudings van alle enkelklanke - begin met dié wat dieselfde in die huistaal en die addisionele taal is.<br>• Identifiseer letter-klank-verhoudings wat verskil van dié in die huistaal.<br>• Bou en breek woorde op met 3-letterklanke, byvoorbeeld: k-a-t, k-at, kat; p-e-n, p-en, pen.<br>• Herken algemene eindklanke in byvoorbeeld meervoude en verkleiningsuitgange.<br>• Groepeer algemene woorde in woordgroepe, byvoorbeeld kos, los, pos, kat, mat, lat.<br>• Herken algemene konsonant-tweeklanke aan die begin en einde van woorde, byvoorbeeld ***dr***-*om*, ***dr***-*oom*, *t-a-**nd**,* *n-aa-**ld***.<br>• Bou en breek woorde op wat begin met algemene konsonant-tweeklanke, soos ***st***-*aan*, ***kr***-*o-m*.<br>• Herken 3 vokaal-tweeklanke soos in *b-**oo**-t*, *l-**ee**-r*, *m-**uu**-r*. | • Identifiseer letter-klank-verhoudings van alle enkelklanke in die huistaal en die addisionele taal en is ook bewus van enige verskille.<br>• Herken konsonanttweeklanke aan die begin en einde van woorde, byvoorbeeld st-, dr-, sm-, -d, -ld, -rg.<br>• Herken ten minste 10 diftonge, byvoorbeeld: eeu, aai, ooi, oei.<br>• Herken klanke wat uit twee vokale bestaan, byvoorbeeld: ei, eu, ou.<br>• Herken die *e* wat soos ‘n *i* klink, soos in *wat**e**r*, *lat**e**r*.<br>• Herken die **d** wat soos **t** (*broo**d**,* *be**d***) klink.<br>• Bou en breek woorde op deur gebruik te maak van konsonanttweeklanke, byvoorbeeld ***dr***-*i*-***nk***.<br>• Herken bekende rymwoorde, byvoorbeeld *kom*, *som*, *dom*.<br>• Herken meer komplekse woordgroepe, byvoorbeeld *spr-ing*, *spr-eek*.<br>• Herken en gebruik agtervoegsels.<br>• Bou woorde met reeds aangeleerde klanke en klank hulle. |

| OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN DIE EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 1-3 | | | |
|---|---|---|---|
| | **GRAAD 1** | **GRAAD 2** | **GRAAD 3** |
| **LEES EN KYK** | **Omgewingsgedrukte media**<br>• Lees eenvoudige etikette (Eerste Addisionele en Huistaal) uit jou onmiddellike omgewing, byvoorbeeld *deur*, *venster*, *kas*, *skryfbord*, ens.<br>**Ontluikende / Vormende lees**<br>• Kennis en vaardighede wat in die huistaal opgedoen is, word nou op die addisionele taal oorgedra, byvoorbeeld soos die hantering van boeke en basiese beginsels van skryf (links na regs, bo na onder).<br>• Herken 'n paar hoëfrekwensie sigwoorde (*is*, *was*, *sy*, *hy*).<br>**Gedeelde lees as 'n klas saam met die onderwyser**<br>• Luister na eenvoudige, Grootboek niefiksie-tekste of stories. Die onderwyser maak van Grootboeke of prente gebruik.<br>• Praat oor die illustrasies in die Grootboek of in die prente. Die huistaal kan gebruik word waar nodig.<br>• Leer sekere mondelinge woordeskat uit die prente in Eerste Addisionele Taal.<br>• Beantwoord eenvoudige mondelinge vrae oor die storie.<br>• Na herhaalde voorlesings kan leerders saam lees waar moontlik.<br>• Deur blootstelling aan tekste, kan die leerder 'n hoëfrekwensie sigwoordeskat ontwikkel (die, en, hy, sy, ons, julle, hulle, kan).<br>• Dramatiseer die storie. | **Gedeelde lees**<br>• Lees 'n kort geskrewe teks saam met die onderwyser (fiksie of niefiksie) deur van Grootboeke en vergrote tekste gebruik te maak. Gebruik die prente om woordeskat uit te brei en die titel om voorspellings te doen. Beantwoord kort mondelinge vrae oor die teks.<br>• Kry betekenis uit 'n kort geskrewe teks met prente, deur die prente in logiese volgorde te rangskik of om onderskrifte by prente te pas.<br>• Verbind eie ervarings aan die teks wat deur die onderwyser gelees word.<br>• Vertel 'n gedeelte van die storie oor of maak 'n opsomming van 'n niefiksie-teks (2 - 3 sinne) met hulp van die onderwyser.<br>**Groepbegeleide lees**<br>• Lees hardop uit eie boek gedurende groepbegeleide lees saam met die onderwyser (die groep lees dieselfde teks).<br>• Gebruik die leesstrategieë wat in die huistaal aangeleer is om betekenis uit 'n teks te kry. Leerders begin hulself moniteer betreffende klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise en sigwoorde.<br>• Gebruik diagramme en illustrasies om die teks te verstaan.<br>• Lees toenemend vlot en ekspressief.<br>• Toon begrip vir punktuasie tydens hardoplees. | **Omgewingsgedrukte media**<br>• Lees eenvoudige plakkate of opskrifte van plakkate in die omgewing.<br>**Gedeelde lees**<br>• Lees fiksie- en niefiksie-tekste saam met die onderwyser. Gebruik die illustrasies om woordeskatontwikkeling te ondersteun.<br>• Beantwoord eenvoudige vrae wat die begrip van die teks ondersteun.<br>• Vertel oor en rangskik gebeure in die storie in 'n logiese volgorde.<br>• Gee 'n opsomming oor 'n niefiksie-teks, byvoorbeeld: 'n feitelike vertelling.<br>**Groepbegeleide lees**<br>• Lees stil asook hardop tydens begeleide lees, d.w.s die hele groep lees dieselfde teks saam met die onderwyser.<br>• Gebruik die leesstrategieë wat in die huistaal aangeleer is om betekenis uit 'n teks te kry. Leerders begin hulself moniteer betreffende klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise en sigwoorde.<br>• Gebruik diagramme en illustrasies vir toenemende begrip.<br>• Lees hardop met toenemende vlotheid, spoed en uitdrukking.<br>• Toon begrip vir punktuasie tydens hardoplees deur die stemtoon voortdurend te verander sodat dit die teks kan pas. |

| OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN DIE EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 1-3 | | | |
|---|---|---|---|
| | • Teken prente om die hoofgedagte van die storie weer te gee. | • Gaan voort om ‘n sigwoordeskat op te bou.<br>**Lees in pare / Selfstandige lees**<br>• Lees eie skryfwerk en dié van ander.<br>• Lees selfstandig boeke wat tydens gedeelde lees gelees is, eenvoudige prentverhale en ander boeke wat in die leeshoekie voorkom.<br>• Gebruik geïllustreerde woordeboeke vir jong leerders om die betekenis van onbekende woorde na te slaan. | • Gebruik selfkorrigeringstrategieë tydens lees.<br>**Lees in pare / Selfstandige lees**<br>• Lees eie skryfwerk en die van ander.<br>• Lees hardop vir ‘n maat.<br>• Lees selfstandig eenvoudige fiksie en niefiksie, boeke uit verskillende kulture, boeke wat tydens gedeelde lees gebruik is, tydskrifte en prentverhale.<br>• Gebruik geïllustreerde woordeboeke vir jong leerders om die betekenis van onbekende woorde na te slaan. |

| OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN DIE EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 1-3 | | | |
|---|---|---|---|
| | **GRAAD 1** | **GRAAD 2** | **GRAAD 3** |
| **SKRYF** | • Maak gebruik van skryfvaardighede wat reeds in die huistaal aangeleer is.<br>• Teken, met hulp van die onderwyser, prente en skryf gepaste byskrifte. Lees die byskrifte.<br>• Skryf eenvoudige lyste, byvoorbeeld ‘n inkopielys. | • Gebruik skryfvaardighede wat reeds in die huistaal aangeleer is.<br>• Skryf lyste met opskrifte<br>• Kies ‘n onderskrif en skryf dit oor by ‘n prent waarby dit die beste pas.<br>• Skryf, met hulp, ‘n onderskrif vir ‘n prent, byvoorbeeld *Die rooi motor is groot*. Lees wat geskryf is.<br>• Voltooi sinne deur die gepaste, ontbrekende woord in te vul.<br>• Skryf sinne deur ‘n skryfraam te gebruik, byvoorbeeld: *Ek hou van … Ek hou nie van … nie.*<br>• Skryf sinne deur gebruik te maak van letters en eenvoudige sigwoorde wat reeds aangeleer is.<br>• Skryf bekende woorde en sinne neer wat deur die onderwyser gedikteer word.<br>• Orden sinne om 'n paragraaf te vorm. Skryf dit oor.<br>• Skryf ‘n paragraaf van omtrent 3 sinne oor ‘n bekende onderwerp.<br>• Skryf kort, eenvoudige tekste wat reeds in die huistaal aangeleer is, byvoorbeeld ‘n boodskap op ‘n beterskapkaartjie.<br>• Gebruik vaardighede wat in die huistaal aangeleer is om inligting in ‘n eenvoudige grafiekvorm, byvoorbeeld ‘n tabel of ‘n tydlyn, te organiseer.<br>• Gebruik, met hulp, selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde op die korrekte wyse. | • Gebruik skryfvaardighede wat reeds in die huistaal aangeleer is.<br>• Skryf meer komplekse lyste met opskrifte, byvoorbeeld: *insekte: miere, bye, skoenlappers.*<br>• Skryf sinne wat deur die onderwyser dikteer word.<br>• Skryf eenvoudige tekste soos uitnodigings of verjaardagkaarte.<br>• Skryf, met hulp, ‘n persoonlike vertelling van jou ervarings deur van ‘n raamwerk gebruik te maak (*Gister het ek … en toe … Daarna … Uiteindelik het ...*)<br>• Skryf, met hulp, ‘n lys met instruksies, byvoorbeeld ’n resep.<br>• Skryf saam met die onderwyser ‘n eenvoudige storie op die skryfbord en leerders skryf dit oor (gedeelde skryf).<br>• Organiseer inligting in ‘n tabel of op ‘n staafgrafiek.<br>• Skryf sinne oor ‘n bekende onderwerp (6 - 8 sinne, een of twee paragrawe).<br>• Gebruik die skryfproses (beplan, skryf, redigeer, bied aan).<br>• Gebruik leestekens korrek (byvoorbeeld hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalingstekens, afkappingstekens).<br>• Spel algemene woorde korrek, en probeer onbekende woorde reg spel deur bestaande klankkennis te gebruik. |

| OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN DIE EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 1-3 | | | |
|---|---|---|---|
| | | • Skryf, met hulp, eenvoudige voorbeelde van die teenwoordige en verlede tyd.<br>• Vorm met die onderwyser se hulp meervoude van bekende selfstandige naamwoorde.<br>• Spel algemene woorde korrek deur van ‘n kinderwoordeboek gebruik te maak.<br>• Gebruik hoofletters en punte wat reeds in die huistaal geleer is.<br>• Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek. | • Gebruik die teenwoordige, toekomende en verlede tyd met toenemende akkuraatheid.<br>• Gebruik voorsetsels, selfstandige naamwoorde, werkwoorde en voornaamwoorde met toenemende akkuraatheid.<br>• Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek.<br>• Gebruik een- en tweetalige kinderwoordeboeke. |

| | GRAAD 1 | GRAAD 2 | GRAAD 3 |
|---|---|---|---|
| **TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK** | • Toon begrip en die vermoë om taalstrukture binne die konteks van betekenisvolle gesproke taal te ontwikkel.<br>• Verstaan ontkenningsvorme, byvoorbeeld: *Moenie hardloop nie.*<br>• Verstaan en gebruik sinne in die teenwoordige tyd, byvoorbeeld: *Sy hou van skool.*<br>• Verstaan vraagsinne, byvoorbeeld: *Wat? Hoe? Hoeveel?*<br>• Verstaan en gebruik persoonlike voornaamwoorde (*ek*, *jy*, *ons*, *hulle*).<br>• Verstaan en gebruik modale hulpwerkwoorde (mag, kan), byvoorbeeld: *Ek kan spring. Mag ek die kamer verlaat?*<br>• Verstaan en gebruik sinne in die negatiewe vorme, byvoorbeeld: *Sy lees nie. Sy kan nie spring nie*.<br>• Herken en gebruik meervoudsvorme van selfstandige naamwoorde, byvoorbeeld: *boek / boeke*.<br>• Verstaan en gebruik besitlike voornaamwoorde, byvoorbeeld: *myne*, *syne*, *hare.*<br>• Verstaan en gebruik voorsetsels, byvoorbeeld: *op*, *in*, *uit*, *langs*.<br>• Verstaan en gebruik byvoeglike naamwoorde byvoorbeeld: *gelukkig*, *hartseer*, en bywoorde, byvoorbeeld: *vinnig*, *stadig*.<br>• Verstaan en gebruik 700 - 1 000 woorde aan die einde van Graad 1. | • Toon begrip en die vermoë om taalstrukture binne die konteks van betekenisvolle gesproke en geskrewe taal, te ontwikkel.<br>• Gebruik sommige grammatikale vorme waaraan die leerders in Graad 1 blootgestel was byvoorbeeld die teenwoordige tyd, modale werkwoorde, negatiewe vorme, meervoude, voornaamwoorde, voorsetsels, byvoeglike naamwoorde en werkwoorde.<br>• Verstaan en gebruik die verlede tyd, byvoorbeeld: *Ek het my gesig gewas*.<br>• Verstaan en gebruik tydlyne, byvoorbeeld: *Eers … en toe … (volgende). Daarna …*<br>• Verstaan en gebruik vraagsinne, byvoorbeeld: *Wanneer het jy …?*<br>• Verstaan en gebruik voornaamwoorde, byvoorbeeld: *my*, *haar*, *hy*.<br>• Begryp en gebruik ‘n groter verskeidenheid byvoeglike naamwoorde en werkwoorde.<br>• Begin gebruik die koppelwerkwood **is**, byvoorbeeld: *Sy **is** gelukkig*.<br>• Verstaan en gebruik 1 000 - 2 000 woorde aan die einde van Graad 2. | • Toon begrip en die vermoë om taalstrukture binne die konteks van betekenisvolle, gesproke en geskrewe taal te ontwikkel.<br>• Gebruik die teenwoordige tyd, verlede tyd en die toekomstige tyd.<br>• Verstaan en gebruik selfstandige naamwoorde, soos boeke, suiker, sand.<br>• Gebruik die lidwoorde *’n* en *die* saam met die selfstandige naamwoord.<br>• Gebruik besitlike voornaamwoorde, byvoorbeeld: *Die man was sy gesig*.<br>• Verstaan en gebruik trappe van vergelyking, byvoorbeeld: *vinnig*, *vinniger*, *die vinnigste*.<br>• Verstaan en gebruik aanwysende voornaamwoorde, byvoorbeeld: *hierdie*, *daardie*, *die*, *dit.*<br>• Gebruik ‘n verskeidenheid vraagsinne, byvoorbeeld: *Watter? Waarom?*<br>• Verstaan en gebruik 1 500 - 2 500 woorde aan die einde van Graad 3. |

## 3.1 Graad 1

| AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL<br>GRAAD 1<br>VEREISTES PER KWARTAAL | |
|---|---|
| KWARTAAL 1 | |
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>1 uur 30 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Week 1 - 5***

Onderwysers behoort twee temas te kies wat hulle in staat sal stel om woordeskat bekend te stel, te gebruik en al die onderstaande aktiwiteite te dek.

***Let daarop dat die voorgestelde temas / onderwerpe slegs voorstelle is. Onderwysers kan hul eie geskikte temas kies. Dit sal van die konteks en die beskikbare hulpmiddels afhang. Hulle moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke, plakkate, rympies, liedjies, speletjies en regte voorwerpe beskikbaar het vir die tema wat hulle gekies het.***

Indien moontlik, probeer al die aktiwiteite meer as een keer dek. Onderwysers moet ook die leerders assesseer deur van die aanbevole informele assesseringsaktiwiteite vir week 1 **-** 5 gebruik te maak.

***Week 6 - 10***

Onderwysers moet twee nuwe temas kies wat voortbou op die werk wat in die eerste vyf weke gedoen is. Die temas behoort hulle geleentheid te gee om nuwe woordeskat bekend te stel en dit wat reeds onderrig is, te konsolideer, asook om eenvoudige basiese taalstrukture voortdurend te herhaal as hy of sy met die leerders in die Eerste Addisionele Taal kommunikeer.

Onderwysers moet al die aktiwiteite meer as een keer probeer gebruik. Hulle behoort ook die leerders te assesseer deur van die aanbevole informele assesseringsaktiwiteite vir Week 6 - 10 gebruik te maak. Die formele assesseringsaktiwiteit word aan die einde van die kwartaal gedoen.

***Daaglikse aktiwiteite (1 uur per week)***

Een of meer van die volgende aktiwiteite moet elke dag gedoen word:

- Begin ‘n mondelinge woordeskat (luister en praat) ontwikkel deur van temas, byvoorbeeld: *My klere*, gebruik te maak.
- Reageer op eenvoudige groetvorme deur frases te gebruik, byvoorbeeld: *Goeie môre. Hoe gaan dit? Dit gaan goed met my*.
- Rig eenvoudige versoeke, byvoorbeeld: *Mag ek asseblief toilet toe gaan?*
- Wys na voorwerpe in die klaskamer of op prente in opdrag van die onderwyser se instruksies, byvoorbeeld: *Wys vir my die meisie wat ‘n rooi rok aanhet.*
- Benoem sommige voorwerpe in die klaskamer na aanleiding van die onderwyser se vrae, byvoorbeeld: *Wat is dit? ’n Hoed*.
- Reageer op eenvoudige mondelinge instruksies, byvoorbeeld: *Trek jou trui uit.*
- Reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Watter kleur is die trui? Rooi.*
- Verstaan en gebruik eenvoudige taalstrukture in konteks, soos die meervoudsvorm van naamwoorde wat getel kan word, byvoorbeeld: *Een sokkie, twee sokkies*.
- Sing eenvoudige liedjies en voer die aksies uit, byvoorbeeld: *Dit is hoe ek my trui aantrek, trui aantrek, trui aantrek …*
- Neem aan aksieliedjies en rympies deel en voer bewegings uit, byvoorbeeld: *Hier is Oupa se bril, Hier is Oupa se hoed*.
- Speel taalspeletjies. Die onderwyser steek ‘n hoed in die klaskamer weg en vra dan vrae soos: *Waar is die hoed? Is dit onder die bank? Is dit in die kas?*

***Aktiwiteite wat op luister en praat gefokus is (15 minute twee maal per week)***

***Luister na stories wat vertel of gelees word.***

***Die onderwyser moet twee maal per week ‘n storie lees of vertel. Stories wat vertel word, kan met behulp van gebare en ander toneelrekwisiete, byvoorbeeld maskers, gedramatiseer word. ’n Grootboek of geïllustreerde plakkaat (waar al die leerders die prent kan sien) word gebruik vir stories wat gelees word.***

- Luister met genot na kort fiksie- en niefiksie-tekste wat uit ‘n Grootboek of ‘n geïllustreerde plakkaat vertel of gelees word, en neem deel aan refreine op gepaste tye, byvoorbeeld: *Jan Viljoen woon in ’n skoen.*
- Verstaan en reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Watter kleur is die skoen*? en instruksies, byvoorbeeld: *Wys my Jan Viljoen se skoen*.
- Noem van die dinge in ‘n prent as reaksie op die onderwyser se vrae, byvoorbeeld: *Wie is dit? Dit is Jan Viljoen*.

***Die ontwikkeling van begrippe, woordeskat en taalstrukture***

Deur aan die bostaande aktiwiteite deel te neem, word …

- mondelinge woordeskat (insluitend begripswoordeskat, byvoorbeeld kleure, blou, rooi, groen) voortdurend opgebou; en
- die begrip en vermoë om eenvoudige taalstrukture te gebruik (byvoorbeeld bevele, soos *Trek jou trui uit*, besitlike voornaamwoorde soos *my trui* en die meervoudsvorm van naamwoorde wat getel kan word, soos *een sokkie, twee sokkies*) ontwikkel.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

***Week 1 - 5***

- Reageer op eenvoudige mondelinge instruksies.
- Wys na voorwerpe in die klaskamer, of op prente in opdrag van die onderwyser se instruksies.

***Week 6 - 10***

- Noem sommige voorwerpe in ‘n prent of in die klaskamer.
- Reageer op eenvoudige vrae.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Reageer op eenvoudige vrae.
- Demonstreer begrip van basiese woordeskat deur na sommige voorwerpe in die klaskamer, of op ‘n prent in opdrag van die onderwyser te wys, byvoorbeeld: *Wys vir my die rooi / geel / blou / groen trui / sokkies / hemp*.

| GRAAD 1: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 30 minute<br>Maksimum tyd: 1 uur 15 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Klanke / klankbewustheidsaktiwiteite (1 - 5 minute per aktiwiteit)***

***Hierdie aktiwiteit moet baie vlugtig gedoen word en met luister en praat en gedeelde leesaktiwiteite geïntegreer word.***

- Breek mondelinge sinne in woorde op deur op elke woord te klap, byvoorbeeld sinne uit die storie.
- Identifiseer met behulp van die onderwyser woorde wat in stories, liedjies en rympies rym, byvoorbeeld: *My twee ogies kan* ***sien.*** *My twee handjies kan* **dien.**
- Identifiseer verskillende beginklanke in woorde, byvoorbeeld: *h* in *hoed*, *s* in *sak*.

***Ontluikende / Vormende lees (5 - 10 minute een of twee keer per kwartaal)***

***Daar moet 'n permanente uitstalling in die klaskamer van plakkate en ander verpakkingsmedia wees wat in die mark en omgewing beskikbaar is. Indien daar op uitstappies gegaan word, moet die onderwyser die leerders van gedrukte teks uit die omgewing bewus maak.***

- Herken algemene woorde uit die alledaagse omgewing, byvoorbeeld *oop / toe, in / uit*.
- Ontwikkel ontluikende lees, byvoorbeeld die konsep van teks deur die gedeelde leesaktiwiteite.

***Gedeelde lees (minimum 30 minute en maksimum 1 uur en 15 minute per week)***

***As die onderwyser die maksimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik, moet sy / hy 'n groot boek of plakkaat (of enige ander vorm van vergrote teks) elke week bekendstel en elke dag die aktiwiteit doen. As die onderwyser die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik, moet sy / hy dieselfde teks oor 2 tot 3 weke versprei en die aktiwiteit een of twee maal per week doen. Die onderwyser lees die teks vir die hele klas, wys na die woorde en bespreek die prente en die storielyn. Sy lees dit weer gedurende die week en moedig die leerders aan om mee te doen. Die teks word gebruik om nuwe woordeskat bekend te stel.***

- Luister na, volg die storie of niefiksie-teks en kyk saam met die onderwyser na die prente.
- Praat oor die prente en gebruik die huistaal waar nodig.
- Identifiseer voorwerpe in die storie. (*Wys vir my die ou man. Wys na die hond.*)
- Beantwoord eenvoudige vrae met behulp van die prente. (*Waar is die hoed?*)
- Leer mondelinge woordeskat aan, byvoorbeeld *hoed*, *oud, man, wind*.
- Na herhaalde lees, neem op gepaste tye aan refreine deel, byvoorbeeld: *Sjj, sjj waai die wind*.
- Dramatiseer die stories deur gedeeltes van die teks te gebruik.
- Teken 'n prent wat die hoofgedagte van die storie weergee.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Fonologiese en fonemiese bewustheid (mondeling en / of prakties)**

- Begin verskillende beginklanke in woorde identifiseer.
- Identifiseer woorde wat in stories, liedjies en rympies rym.

**Lees (mondeling en / of prakties)**

- Identifiseer sommige mense, diere en voorwerpe in die illustrasies wat in die Grootboek (of enige ander vergrote teks) voorkom.
- Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie of niefiksie-teks.
- Teken 'n prent wat die hoofgedagte van die storie of niefiksie-teks weergee.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

- Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie of niefiksie-teks.
- Demonstreer - in opdrag van die onderwyser - begrip van die woordeskat in die storie deur na die voorwerpe in prente te wys, byvoorbeeld: *Wys vir my die ou man se hoed / stok / jas*.

| GRAAD 1: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: Geen<br>Maksimum tyd: 15 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Gedeelde skryf (maksimum tyd - een maal per week)***

***Die onderwyser moet bystand verleen met vroeë skryfaktiwiteite in die Eerste Addisionele Taal.***

- Skryf, met behulp van die onderwyser, ‘n onderskrif vir sy of haar tekening, en lees terug wat geskryf is.

**ASSESSERING**

**Voorstel vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Skrif (Geskrewe)**

- Skryf ‘n onderskrif vir sy of haar tekening en lees terug wat geskryf is.

| GRAAD 1: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT(MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>1 uur 30 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Week 1 - 5***

Onderwysers moet twee temas kies wat hulle in staat sal stel om woordeskat bekend te stel, te gebruik en al die onderstaande aktiwiteite te dek. Let daarop dat die voorgestelde temas / onderwerpe slegs voorstelle is. Onderwysers kan hul eie temas kies. Dit sal van die konteks en die beskikbare hulpmiddels afhang. Hulle moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke / plakkate, rympies, liedjies, speletjies en voorwerpe beskikbaar het vir die tema wat hulle gekies het.

Indien moontlik probeer al die aktiwiteite meer as een keer dek. Onderwysers moet die leerders assesseer deur van die aanbevole informele assesseringsaktiwiteite vir week 1 - 5 gebruik te maak.

***Week 6 - 10***

Onderwysers moet twee nuwe temas kies wat voortbou op die werk wat in die eerste vyf weke gedoen is. Die temas behoort hulle geleentheid te gee om nuwe woordeskat bekend te stel en dit wat reeds onderrig is, te konsolideer, asook om eenvoudige basiese taalstrukture voortdurend te herhaal as hy of sy met die leerders in die Eerste Addisionele Taal kommunikeer.

Onderwysers moet al die aktiwiteite meer as een keer probeer doen. Hulle behoort ook die leerders te assesseer deur van die aanbevole informele assesseringaktiwiteite vir Week 6 - 10 gebruik te maak. Die formele assesseringsaktiwiteit word aan die einde van die kwartaal gedoen.

***Daaglikse aktiwiteite (1 uur per week)***

Een of meer van die volgende aktiwiteite moet elke dag gedoen word, afhangend van die tyd wat beskikbaar is:

- Begin mondelinge woordeskat (luister en praat) ontwikkel deur van temas, byvoorbeeld *Voedsel*, gebruik te maak.
- Reageer op eenvoudige groetvorme deur frases te gebruik, byvoorbeeld: *Goeie môre. Hoe gaan dit? Dit gaan goed met my*.
- Rig eenvoudige versoeke, byvoorbeeld: *Mag ek asseblief 'n appel kry?*
- Wys na voorwerpe in die klaskamer of op prente, in opdrag van die onderwyser se instruksies, byvoorbeeld: *Wys vir my die appel / piesang / lemoen*.
- Benoem sommige voorwerpe in die klaskamer na aanleiding van die onderwyser se vrae, byvoorbeeld: *Wat is dit? 'n Appel*.
- Reageer op eenvoudige, mondelinge instruksies, byvoorbeeld: *Neem die appel. Sit dit op die tafel*.
- Reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Hoeveel lemoene is daar? Twee*.
- Begin eenvoudige taalstrukture in konteks verstaan, soos die gebruik van die teenwoordige tyd, byvoorbeeld: *Ek hou van appels*. *Ek hou nie van lemoene nie.*
- Sing eenvoudige liedjies en voer die aksies uit, byvoorbeeld: *Dis hoe ek my appel eet, appel eet, appel eet …*
- Neem aan aksieliedjies en rympies deel en voer bewegings uit, byvoorbeeld: *Stop, sê die rooi lig ...*
- Speel taalspeletjies, byvoorbeeld: *Raai, Raai*. Een leerling tel 'n kaartjie op en die ander moet raai watter soort kos op die prentjie is.

***Aktiwiteite wat op luister en praat gefokus is (15 minute twee maal per week)***

***Luister na stories wat vertel of gelees word.***

***Die onderwyser moet twee maal per week 'n storie lees of vertel. Stories wat vertel word, kan met behulp van gebare en ander toneelrekwisiete, byvoorbeeld maskers, gedramatiseer word. 'n Grootboek of geïllustreerde plakkaat (waarop al die leerders die prent kan sien) word gebruik vir stories wat gelees word.***

- Luister met genot na kort fiksie- en niefiksie-tekste wat uit 'n Grootboek of 'n geïllustreerde plakkaat vertel of gelees word, byvoorbeeld: *Die honger ruspe*, en neem op gepaste tye aan refreine deel.
- Verstaan en reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Hoeveel aarbeie is daar?* en instruksies, byvoorbeeld: *Wys vir my die aarbeie*.
- Noem van die dinge in 'n prent as reaksie op die onderwyser se vrae, byvoorbeeld: *Wat is dit? Dit is 'n aarbei.*

**Die ontwikkeling van begrippe, woordeskat en taalstrukture**

Deur aan die bostaande aktiwiteite deel te neem, word …

- mondelinge woordeskat (insluitend begripswoordeskat soos volgorde - dae van die week) voortdurend aangeleer; en
- die begrip van en vermoë om eenvoudige taalstrukture in konteks van die gesproke taal te gebruik, byvoorbeeld teenwoordige tyd - *Ek hou van appels*, asook die negatiewe vorm - *Ek hou nie van piesangs nie*, aangeleer.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

**Week 1 - 5**

- Noem voorwerpe in 'n prent of die klaskamer wat op die tema betrekking het.
- Reageer op eenvoudige vrae.

**Week 6 - 10**

- Reageer op eenvoudige vrae.
- Gebruik kort frases om hom- / haarself uit te druk, byvoorbeeld: *Ek hou van appels. Ek hou nie van piesangs nie.*

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 2**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Reageer op eenvoudige vrae.
- Gebruik kort frases om hom- / haarself uit te druk, byvoorbeeld: *Ek hou van appels. Ek hou nie van pere nie*.
- Demonstreer, in opdrag van die onderwyser, begrip van basiese mondelinge woordeskat deur na sommige voorwerpe in die klaskamer of op 'n prent te wys, byvoorbeeld: *Wys vir my die appel / peer / lemoen. Teken drie lemoene / vyf piesangs.*

<table>
<tr><th colspan="2">GRAAD 1: KWARTAAL 2</th></tr>
<tr><th>LEES EN KLANKE</th><th>VOORGESTELDE KONTAKTYD<br>Minimum tyd: 30 minute<br>Maksimum tyd: 1 uur 15 minute per week</th></tr>
<tr><td colspan="2">INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE<br>Klanke en fonemiese bewustheid (1 - 5 minute per aktiwiteit)<br>Hierdie aktiwiteit moet baie vlugtig gedoen word en met luister en praat, en gedeelde leesaktiwiteite geïntegreer word.<br>• Breek sinne in woorde op deur op elke woord te klap, byvoorbeeld sinne uit die storie.<br>• Klap op die lettergrepe van bekende woorde, byvoorbeeld: skoen - lap - per.<br>• Identifiseer, met hulp van die onderwyser, woorde wat in stories, liedjies en rympies rym, byvoorbeeld luister en fluister.<br>• Identifiseer verskillende beginklanke in woorde, byvoorbeeld: p in piesang, l in lemoen.<br>Ontluikende / Vormende lees (5 - 10 minute een of twee keer per kwartaal)<br>Daar moet ‘n permanente uitstalling in die klaskamer van plakkate en ander verpakkingsmedia wees wat in die mark en die omgewing beskikbaar is. Indien daar op uitstappies gegaan word, moet die onderwyser die leerders van gedrukte teks uit die omgewing bewus maak.<br>• Herken algemene woorde uit die alledaagse omgewing, byvoorbeeld SPAR, Cell C.<br>• Ontwikkel ontluikende lees, byvoorbeeld die konsep van teks deur die gedeelde leesaktiwiteit.<br>Gedeelde lees (minimum 30 minute en maksimum 1 uur en 15 minute per week)<br>As die onderwyser die maksimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik, moet hy of sy elke week ‘n Grootboek of plakkaat (of enige ander vorm van vergrote teks) bekend stel en die aktiwiteit elke dag doen. As die onderwyser die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik, moet sy of hy dieselfde teks oor 2 of 3 weke versprei en die aktiwiteit een of twee maal per week doen. Die onderwyser lees die teks vir die hele klas, wys na die woorde en bespreek die prente en storielyn. Lees dit weer gedurende die week en moedig die leerders aan om mee te doen. Die teks word gebruik om nuwe woordeskat bekend te stel.<br>• Luister na, volg die storie of niefiksie-teks en kyk saam met die onderwyser na die prente.<br>• Praat oor die prente en gebruik die huistaal indien dit nodig is.<br>• Identifiseer voorwerpe in die storie, byvoorbeeld: Wys vir my die jellie. Wys na die roomys.<br>• Beantwoord eenvoudige vrae met behulp van die prente, byvoorbeeld: Waar is die koek?<br>• Leer mondelinge woordeskat aan, byvoorbeeld: jellie, roomys, koek.<br>• Na herhaalde lees, neem op gepaste tye aan refreine deel.<br>• Dramatiseer die storie deur gedeeltes van die teks te gebruik.<br>• Teken ‘n prent wat die hoofgedagte van die storie weergee.</td></tr>
</table>

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Fonologiese en fonemiese bewustheid (mondeling en / of prakties)**

- Begin verskillende beginklanke in woorde identifiseer.
- Klap op die lettergrepe in bekende woorde.

**Lees (mondeling en / of prakties)**

- Identifiseer sommige mense, diere en voorwerpe in die illustrasies wat in die Grootboek voorkom.
- Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie of niefiksie-teks.
- Teken 'n prent wat die hoofgedagte van die storie of niefiksie-teks weergee.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 2**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

- Klap op die lettergrepe van bekende woorde.
- Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie of niefiksie-teks; en
- Demonstreer - in opdrag van die onderwyser - dat die woordeskat in die storie verstaan word deur na die voorwerpe op prente te wys, byvoorbeeld: *Wys vir my die jellie / koek / beskuit*.

| GRAAD 1: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: Geen<br>Maksimum tyd: 15 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Gedeelde skryf (maksimum tyd: een maal per week)**

**Die onderwyser moet in die Eerste Addisionele Taal bystand verleen met vroeë skryfaktiwiteite.**

- Skryf, met hulp van die onderwyser, ‘n onderskrif vir sy of haar tekening en lees terug wat geskryf is.

**ASSESSERING**

**Voorstel vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Skryf (geskrewe)**

- Skryf ‘n onderskrif vir sy of haar tekening en lees terug wat geskryf is.

| GRAAD 1: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT(MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>1 uur 30 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Week 1 - 5***

Onderwysers moet twee temas kies wat hulle in staat sal stel om woordeskat bekend te stel, te gebruik en al die onderstaande aktiwiteite te dek. Let daarop dat die voorgestelde temas / onderwerpe slegs voorstelle is. Onderwysers kan hulle eie geskikte temas kies. Dit sal van die konteks en die beskikbare hulpbronne afhang. Hulle moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke, plakkate, rympies, liedjies, speletjies en regte voorwerpe beskikbaar het vir die tema wat hulle gekies het.

Indien moontlik, probeer al die aktiwiteite meer as een keer dek. Onderwysers moet ook die leerders assesseer deur van die aanbevole informele assesseringsaktiwiteite vir week 1 - 5 gebruik te maak.

***Week 6 - 10***

Onderwysers moet twee nuwe temas kies wat voortbou op die werk wat in die eerste vyf weke gedoen is. Die temas behoort hulle geleentheid te gee om nuwe woordeskat bekend te stel en dit wat reeds onderrig is, te konsolideer, asook om eenvoudige basiese taalstrukture voortdurend te herhaal as hy of sy met die leerders in die Eerste Addisionele Taal kommunikeer.

Onderwysers moet al die aktiwiteite meer as een keer probeer gebruik. Hulle behoort ook die leerders te assesseer deur van die aanbevole informele assesseringsaktiwiteite vir week 6 - 10 gebruik te maak. Die formele assesseringsaktiwiteit word aan die einde van die kwartaal gedoen.

***Daaglikse aktiwiteite (1 uur per week)***

Verskeie van die volgende aktiwiteite moet elke dag gedoen word, afhangend van die tyd wat beskikbaar is:

- Begin ‘n mondelinge woordeskat (luister en praat) ontwikkel deur van temas, byvoorbeeld *Diere*, gebruik te maak.
- Reageer op eenvoudige groetvorme deur frases te gebruik, byvoorbeeld: *Totsiens. Sien jou môre*.
- Rig eenvoudige versoeke, byvoorbeeld: *Mag ek asseblief ‘n potlood kry?*
- Wys na voorwerpe in die klaskamer of op prente in opdrag van die onderwyser, byvoorbeeld: *Wys vir my die koei*.
- Noem sommige voorwerpe in die klaskamer na aanleiding van die onderwyser se vrae, byvoorbeeld: *Wat is dit? ‘n Skaap.*
- Reageer op eenvoudige mondelinge instruksies, byvoorbeeld: *Teken ’n kat.*
- Reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Watter kleur is die kat? Swart*.
- Begin eenvoudige taalstrukture in konteks verstaan, soos die gebruik van ‘n paar byvoeglike naamwoorde, byvoorbeeld: *Die koei is groot. Die kat is klein*.
- Identifiseer ‘n persoon / dier / voorwerp deur middel van ‘n eenvoudige mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Ek is ‘n klein diertjie. Ek het vier pote en ‘n stert. Ek sê miaau, miaau, miaau. Watter dier is ek?*
- Sing eenvoudige liedjies en voer die aksies uit, byvoorbeeld: *Oompie Klaas het ’n plaas*.
- Neem aan aksieliedjies en rympies deel en voer bewegings uit, byvoorbeeld: *Eendjies, eendjies stap in ‘n ry* ...
- Speel taalspeletjies, byvoorbeeld: *Raai, Raai*: Een leerling maak ‘n geluid en die ander moet in die Eerste Addisionele Taal raai watter soort dier dit is.

***Aktiwiteite wat op luister en praat gefokus is (15 minute twee maal per week)***

***Luister na stories wat vertel of gelees word***

***Die onderwyser moet twee maal per week 'n storie lees of vertel. Stories wat vertel word, kan met behulp van gebare en ander toneelrekwisiete, byvoorbeeld maskers, gedramatiseer word. 'n Grootboek of geïllustreerde plakkaat (waar al die leerders die prente kan sien) word gebruik vir stories wat gelees word.***

- Luister met genot na kort fiksie- en niefiksie-tekste wat uit 'n Grootboek of 'n geïllustreerde plakkaat vertel of gelees word, en neem op gepaste tye aan refreine deel, byvoorbeeld in *Die Drie Varkies*.
- Verstaan en reageer op instruksies, byvoorbeeld: *Wys vir my die varkie*. *Hoeveel varkies is daar?*
- Beantwoord eenvoudige ja- / nee-vrae, of vrae met kort antwoorde oor die storie, byvoorbeeld: *Hoeveel varkies is in die storie? Drie.*
- Noem van die dinge in 'n prent na aanleiding van die onderwyser se vrae, byvoorbeeld: *Wat is dit? Dit is 'n varkie.*

***Die ontwikkeling van begrippe, woordeskat en taalstrukture***

Deur aan die bostaande aktiwiteite deel te neem, word …

- mondelinge woordeskat (insluitend begripswoordeskat, byvoorbeeld getal en grootte) voortdurend uitgebrei; en
- begrip en vermoë om eenvoudige taalstrukture in konteks van die gesproke taal te gebruik (byvoorbeeld byvoeglike naamwoorde, soos *groot / klein,* voorsetsels soos *in / op,* bywoorde soos *vinnig / stadig),* ontwikkel.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (Mondeling en / of prakties)**

**Week 1 - 5**

- Noem sommige voorwerpe in 'n prent of in die klaskamer wat met die tema verband hou.
- Reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Watter kleur is die koei?*

**Week 6 - 10**

- Gebruik kort frases om hom- of haarself uit te druk, byvoorbeeld: *Die koei is bruin*.
- Identifiseer 'n persoon / dier / voorwerp deur middel van 'n eenvoudige, mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Ek is 'n groot dier. Ek gee vir jou melk. Ek sê moe, moe, moe. Watter dier is ek?*

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 3**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Hoeveel varkies is daar in die prent?*
- Identifiseer 'n persoon / dier / voorwerp deur middel van 'n eenvoudige, mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Ek is 'n groot dier. Ek gee vir jou melk. Ek sê moe, moe, moe. Watter dier is ek?*
- Demonstreer begrip van basiese mondelinge woordeskat deur na voorwerpe in die klaskamer of in 'n prent te wys, of om 'n prent in opdrag van die onderwyser te teken, byvoorbeeld: *Wys vir my die koei / hond / kat / bok. Teken twee katte*.

| GRAAD 1: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 30 minute<br>Maksimum tyd: 1 uur 15 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Klanke en fonemiese bewustheid (1 - 5 minute per aktiwiteit)***

***Hierdie aktiwiteit moet baie vlugtig gedoen word en met luister en praat en gedeelde leesaktiwiteite geïntegreer word.***

- Klap op die lettergrepe van bekende woorde, byvoorbeeld: *o-li-fant, don-kie*.
- Identifiseer, met die onderwyser se hulp, woorde in stories, liedjies en rympies wat rym, byvoorbeeld: *Jan bad die kat dat die water spat*.
- Identifiseer verskillende beginklanke in woorde, byvoorbeeld *b* in *bok*, *d* in *donkie*.
- Herken meervoude wat op *s* en *e* eindig deur na voorbeelde te luister.

***Ontluikende / Vormende lees (5 - 10 minute, een of twee keer per kwartaal)***

***Daar moet ‘n permanente uitstalling in die klaskamer van plakkate en ander verpakkingsmedia wees wat in die mark en die omgewing beskikbaar is. Indien daar op uitstappies gegaan word, moet die onderwyser die leerders van gedrukte teks uit die omgewing bewus maak.***

- Herken algemene woorde uit die omgewing, byvoorbeeld padtekens, winkelname en handelsname soos Toyota, BMW, Joko, Omo, Tastic, Nando’s.
- Ontwikkel ontluikende geletterdheid, byvoorbeeld die konsep van tekste deur die gedeelde leesaktiwiteite.

***Gedeelde lees (minimum 25 - 30 minute per week, maksimum 1 uur en 15 minute per week)***

***As die onderwyser die maksimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik moet hy of sy elke week ‘n Grootboek of plakkaat (of enige ander vorm van vergrote teks) bekend stel en die aktiwiteit elke dag doen. As die onderwyser die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik, moet sy / hy dieselfde teks oor 2 of 3 weke versprei en die aktiwiteit een of twee maal per week doen. Die onderwyser lees die teks vir die hele klas, wys na die woorde en bespreek die prente en storielyn. Sy lees dit weer gedurende die week en moedig die leerders aan om mee te doen. Die teks word gebruik om nuwe woordeskat bekend te stel.***

- Luister na die storie, volg die storie of niefiksie-teks en kyk na die prente saam met die onderwyser.
- Praat oor die prente en gebruik die huistaal waar nodig.
- Identifiseer voorwerpe in die storie, byvoorbeeld: *Wys vir my die haas. Wys na die haas.*
- Beantwoord eenvoudige vrae met behulp van die prente, byvoorbeeld: *Het die haas lang of kort ore?*
- Leer mondelinge woordeskat aan, byvoorbeeld: *dier, haas, stert, ore*.
- Ná herhaalde lees, neem op gepaste tye aan refreine deel.
- Dramatiseer die storie deur van die teks te gebruik.
- Teken ‘n prent wat die hoofgedagte van die storie weergee.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Fonologiese en fonemiese bewustheid (mondeling en / of prakties)**

- Klap op die lettergrepe van bekende woorde.
- Herken meervoude (*s* en *e*) op gehoor, byvoorbeeld: *hond - honde, donkie - donkies*.

**Lees (mondeling en / of prakties)**

- Identifiseer enkele mense, diere en voorwerpe in die illustrasies in die groot boek (of enige vorm van vergrote teks).
- Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie deur kort antwoorde te verskaf.
- Teken ‘n prent wat die hoofgedagte van die storie of niefiksie-teks weergee.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 3**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

- Herken meervoude (s en *e*) op gehoor, byvoorbeeld *hond* - *honde*, *donkie* - *donkies*.
- Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie deur kort antwoorde te verskaf.
- Demonstreer - in opdrag van die onderwyser - dat woordeskat in die storie verstaan word deur na die voorwerpe in prente te wys, byvoorbeeld: *Wys vir my die haas / bok / olifant*.

<table>
<tr><th colspan="2">GRAAD 1: KWARTAAL 3</th></tr>
<tr><th>SKRYF</th><th>VOORGESTELDE KONTAKTYD<br>Minimum tyd: Geen<br>Maksimum tyd: 15 minute per week</th></tr>
<tr><td colspan="2">INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE<br>Gedeelde skryf (maksimum tyd - een maal per week)<br>Die onderwyser moet in Eerste Addisionele Taal bystand verleen met vroeë skryfaktiwiteite.<br>• Skryf, met hulp van die onderwyser, ‘n onderskrif vir sy of haar tekening en lees terug wat geskryf is.<br>• Skryf, met hulp van die onderwyser, ‘n eenvoudige lysie woorde met ‘n opskrif, byvoorbeeld: <u>Diere</u>: hond, kat, koei / <u>Vrugte</u>: appel, peer, piesang.</td></tr>
<tr><td colspan="2">ASSESSERING<br>Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite<br>Skryf (Geskrewe)<br>• Skryf ‘n onderskrif vir sy / haar tekening en lees terug wat geskryf is.<br>• Skryf ‘n eenvoudige lys woorde met ’n opskrif.</td></tr>
</table>

| GRAAD 1: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>1 uur 30 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Week 1 - 5***

Onderwysers moet twee temas kies wat hulle in staat sal stel om woordeskat bekend te stel, te gebruik en al die onderstaande aktiwiteite te dek. Neem kennis dat die voorgestelde temas / onderwerpe slegs voorstelle is. Onderwysers kan hul eie geskikte temas kies. Dit sal van die konteks en die beskikbare hulpmiddels afhang. Hulle moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke, plakkate, rympies, liedjies, speletjies en voorwerpe beskikbaar het vir die tema wat hulle gekies het.

Indien moontlik, probeer al die aktiwiteite meer as een keer dek. Onderwysers moet die leerders ook assesseer deur van die aanbevole informele assesseringsaktiwiteite vir Week 1 - 5 gebruik te maak.

***Week 6 - 10***

Onderwysers moet twee nuwe temas kies wat voortbou op die werk wat in die eerste vyf weke gedoen is. Die temas moet die onderwyser die geleentheid gee om nuwe woordeskat bekend te stel, en dit wat reeds onderrig is, te konsolideer. Dit behoort die onderwyser toe te laat om eenvoudige, basiese taalstrukture voortdurend weer te herhaal as hy of sy met die leerders in die Eerste Addisionele Taal kommunikeer.

Onderwysers moet al die aktiwiteite meer as een keer probeer dek. Hulle moet die leerders ook assesseer deur van die aanbevole informele assesseringsaktiwiteite vir week 6 - 10 gebruik te maak. Die formele assesseringsaktiwiteit moet aan die einde van die kwartaal gedoen word.

***Daaglikse aktiwiteite (1 uur per week)***

Verskeie van die volgende aktiwiteite moet elke dag gedoen word, afhangend van die tyd wat beskikbaar is:

- Begin ‘n mondelinge woordeskat (luister en praat) ontwikkel deur gebruik te maak van temas, byvoorbeeld: *Dinge wat gedoen kan word*.
- Reageer op eenvoudige groetvorme deur frases te gebruik, byvoorbeeld: *Totsiens. Sien jou later*.
- Rig eenvoudige versoeke, byvoorbeeld: *Mag ek asseblief ‘n glas water kry?*
- Wys in opdrag van die onderwyser na voorwerpe in die klaskamer of op prente, byvoorbeeld: *Wys vir my die voëltjie*.
- Benoem na aanleiding van die onderwyser se vrae enkele voorwerpe in die klaskamer, byvoorbeeld: *Wat is dit? ‘n Voëltjie*.
- Reageer op eenvoudige mondelinge instruksies, byvoorbeeld: *Teken ‘n prentjie van ‘n voëltjie. Teken die liggaam. Teken die vlerke. Teken twee bene. Teken die kop. Teken die oë. Teken die bek.*
- Reageer op eenvoudige vrae van die onderwyser, byvoorbeeld: *Kan jy spring? Wys vir my. Kan jy huppel? Wys vir my.*
- Begin eenvoudige taalstrukture in konteks verstaan, soos die gebruik van die woord *kan,* byvoorbeeld: *Ek kan spring / huppel / hardloop. Ek kan my tone raak.*
- Identifiseer ‘n persoon, dier of voorwerp deur middel van ‘n eenvoudige, mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Ek het twee vlerke en ‘n bek. Ek kan vlieg. Wat is ek?*
- Sing eenvoudige liedjies en voer die aksies uit, byvoorbeeld: *Ek kan vlieg*.
- Neem aan aksieliedjies en rympies deel en voer bewegings uit, byvoorbeeld: *Ek kan my tande borsel*.
- Speel taalspeletjies, byvoorbeeld ’n kettingspeletjie. Een leerling begin deur te sê: *Ek kan vlieg. Wat kan jy doen?* Die volgende leerling moet antwoord, en dan vir die volgende leerling vra: *Wat kan jy doen?*

***Aktiwiteite wat op luister en praat gefokus is (15 minute twee maal per week)***

***Luister na stories wat vertel of gelees word.***

***Die onderwyser moet twee maal per week 'n storie lees of vertel. Stories wat vertel word, kan gedramatiseer word met gebare en ander toneelrekwisiete, byvoorbeeld maskers. 'n Grootboek of geïllustreerde plakkaat (waar al die leerders die prent kan sien) word gebruik vir stories wat gelees word.***

- Luister na kort fiksie- en niefiksie-tekste wat uit 'n Grootboek of 'n geïllustreerde plakkaat vertel of gelees word en neem op gepaste tye aan refreine deel.
- Verstaan en reageer op instruksies, byvoorbeeld: *Wys vir my die skoenlapper.*
- Beantwoord eenvoudige vrae oor 'n storie deur kort antwoorde te verskaf, byvoorbeeld: *Kan 'n vlermuis vlieg? Wanneer vlieg 'n vlermuis?*
- Noem van die dinge in 'n prent as reaksie op die onderwyser se vrae, byvoorbeeld: *Wat is dit? Dis 'n vlermuis*.

***Die ontwikkeling van begrippe, woordeskat en taalstrukture***

Deur aan die bostaande aktiwiteite deel te neem, word …

- mondelinge woordeskat, insluitend begripswoordeskat soos vermoë (*vlermuise kan vlieg*), voortdurend uitgebrei; en
- die begrip en vermoë ontwikkel om eenvoudige taalstrukture in konteks van die gesproke taal te gebruik, byvoorbeeld die gebruik van die woord *kan,* bywoorde soos: *Ek hardloop vinnig*, en negatiewe vorme soos: *Ek kan nie vlieg nie*.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties )**

**Week 1 - 5**

- Reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Kan jy jou naam skryf? Wys vir my.*
- Druk hom- of haarself op eenvoudige wyse uit, byvoorbeeld: *Ek kan spring*.

**Week 6 - 10**

- Druk hom- of haarself op 'n eenvoudige wyse deur middel van kort sinne uit, byvoorbeeld: *Ek kan huppel*.
- Identifiseer 'n persoon, dier of voorwerp deur middel van 'n eenvoudige, mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Ek is 'n klein diertjie. Ek is swart. Ek drink bloed. Ek kan vlieg. Ek vlieg in die nag. Wat is ek?*

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 4**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Kan jy tot 10 tel? Wys vir my*.
- Druk hom- of haarself op 'n eenvoudige wyse uit, byvoorbeeld: *Ek kan my naam skryf.*
- Demonstreer begrip van basiese mondelinge woordeskat deur in opdrag van die onderwyser na sommige voorwerpe in die klaskamer of op 'n prent te wys, of om 'n prent te teken, byvoorbeeld: *spring / hop / huppel / raak jou tone / loop stadig / loop vinnig*.
- Verstaan ten minste **700** woorde (in konteks gebruik ) waar die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal toegeken word, en ten minste **1 000** woorde waar die maksimum tyd vir Eerste Addisionele Taal toegeken word. Gebruik die woordelys in Afdeling 3.

| GRAAD 1: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 30 minute<br>Maksimum tyd: 1 uur 15 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Klanke en fonemiese bewustheid (1 - 5 minute per aktiwiteit)***

***Hierdie aktiwiteit moet baie vlugtig gedoen word en met luister en praat, en gedeelde leesaktiwiteite geïntegreer word.***

- Klap op die lettergrepe van bekende woorde, byvoorbeeld: *o-li-fant, don-kie*.
- Identifiseer, met hulp van die onderwyser, woorde in stories, liedjies en rympies wat rym, byvoorbeeld: *spring, kring, hop, skop*.
- Identifiseer verskillende beginklanke in woorde, byvoorbeeld *l* in *loop*, *g* in *gaap*.
- Herken meervoude (*s* en *e*) op gehoor, byvoorbeeld: *tou - toue, voël - voëls*.

***Ontluikende / Vormende lees (5 - 10 minute een of twee keer per kwartaal)***

***Daar moet 'n permanente uitstalling in die klaskamer van plakkate en ander verpakkingsmedia wees wat in die mark en die omgewing beskikbaar is. Indien daar op uitstappies gegaan word, moet die onderwyser die leerders van gedrukte teks uit die omgewing bewus maak.***

- Herken algemene woorde uit die alledaagse omgewing, byvoorbeeld padtekens, winkelname en handelsname soos Toyota, Jeep, BMW, Joko, Omo, Tastic, Nando's.
- Ontwikkel ontluikende geletterdheid, byvoorbeeld die konsep van teks, deur gedeelde leesaktiwiteite.

***Gedeelde lees (minimum 25 - 30 minute, en maksimum 1 uur 15 minute per week)***

***As die onderwyser die maksimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik, moet hy of sy elke week 'n Grootboek of plakkaat (of enige ander vorm van vergrote teks) bekend stel en die aktiwiteit elke dag doen. As die onderwyser die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik, moet hy of sy dieselfde teks oor twee of drie weke versprei en die aktiwiteit een of twee maal per week doen. Die onderwyser lees die teks vir die hele klas, wys na die woorde en bespreek die prente en storielyn. Hy of sy lees dit weer gedurende die week en moedig die leerders aan om mee te doen. Die teks word gebruik om nuwe woordeskat bekend te stel.***

- Luister na die storie of niefiksie-teks, volg die onderwyser en kyk na die prente.
- Praat oor die prente en gebruik die huistaal waar nodig.
- Identifiseer voorwerpe in die storie, byvoorbeeld: *Wys vir my die voël. Wys na die voël*.
- Beantwoord eenvoudige vrae met behulp van die prente, byvoorbeeld: *Kan 'n voël vlieg? Hoeveel vlerke het 'n voël?*
- Leer mondelinge woordeskat aan, byvoorbeeld: *kan, vlieg, lug, voël, skoenlapper*.
- Ná herhaalde lees, neem op gepaste tye aan refreine deel.
- Dramatiseer die storie deur van die teks te gebruik.
- Teken 'n prent wat die hoofgedagte van die storie of niefiksie-teks weergee.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Fonologiese en fonemiese bewustheid (mondeling en / of prakties)**

- Klap op die lettergrepe van bekende woorde, byvoorbeeld: *skoen-lap-per*.
- Herken meervoude (*e* en *s*) op gehoor, byvoorbeeld: *hond - honde, donkie - donkies*.

**Lees (mondeling en / of prakties )**

- Identifiseer mense, diere en voorwerpe in die illustrasies in die Grootboek (of in enige vorm van vergrote teks).
- Beantwoord sommige eenvoudige vrae oor die storie of niefiksie-teks deur kort antwoorde te verskaf.
- Teken ‘n prent wat die hoofgedagte van die storie of niefiksie-teks weergee.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 4**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

- Herken meervoude (*e* en *s*) op gehoor, byvoorbeeld: *hond - honde, donkie - donkies*.
- Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie deur kort antwoorde te verskaf.
- Demonstreer - in opdrag van die onderwyser - dat woordeskat in die storie verstaan word, deur na die voorwerpe in prente te wys, byvoorbeeld: *Wys vir my die skoenlapper,* ensovoorts.

| GRAAD 1: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| SKRYF | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: Geen<br>Maksimum tyd: 15 minute per week |
| **INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**<br>***Gedeelde skryf (maksimum tyd - een maal per week)***<br>***Die onderwyser moet in die Eerste Addisionele Taal bystand verleen met vroeë skryfaktiwiteite.***<br>• Skryf, met hulp van die onderwyser, ‘n onderskrif vir sy of haar tekening en lees wat geskryf is.<br>• Skryf, met hulp van die onderwyser, ‘n eenvoudige lysie woorde met ’n opskrif, byvoorbeeld: *Dinge wat kan vlieg: voëls, vlermuise, skoenlappers, bye*, ensovoorts. | |
| **ASSESSERING**<br>**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**<br>**Skryf (geskrewe)**<br>• Skryf ‘n onderskrif vir sy of haar tekening en lees terug wat geskryf is.<br>• Skryf ‘n eenvoudige lys woorde met ’n opskrif. | |

## VOORGESTELDE TEKSTE / LEERMATERIAAL VIR DIE JAAR

**LUISTER EN PRAAT**

- Storieboeke (Grootboeke) en mondelinge stories
- Niefiksie (Grootboeke)
- Prente en plakkate ter ondersteuning van die onderrig van stories en woordeskat
- Kleur- en getallekaarte
- Liedjies, aksierympies en gediggies
- Werklike voorwerpe wat op die temas en onderwerpe van toepassing is
- Rekwisiete vir toneel- en rolspel van die stories, soos byvoorbeeld maskers, fantasieklere, voorwerpe
- CD’s , DVD’s en televisieprogramme
- ‘n Handpop om die Eerste Addisionele Taal bekend te stel

**LEES EN KLANKE**

- Prente en plakkate
- Handelsmerke en relevante voorbeelde van teks uit die omgewing, byvoorbeeld inkopiesakke, handelsname op verpakkings
- Grootboeke (ten minste 2 verskillende stories of niefiksie-tekste per kwartaal)
- Vergrote teks, byvoorbeeld rympies en liedjies
- Flitskaarte vir klaskameritems en uitstallings
- Wysers vir gebruik tydens die lees van vergrote tekste, muurstories en uitstallings

**SKRYF EN HANDSKRIF**

- Skryfmateriaal, byvoorbeeld potlode, inkleurkryt, vetkryte, blanko papier in verskillende groottes (A3, A4, A5), blanko boeke
- Blaaiborde en dik koki-penne

## 3.2 Graad 2

| AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL<br>GRAAD 2 | |
|---|---|
| **KWARTAAL 1** | |
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>2 uur 30 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Week 1 - 5***

Onderwysers moet twee temas kies wat hulle in staat sal stel om woordeskat bekend te stel, te gebruik en al die onderstaande aktiwiteite te dek. Neem kennis dat die voorgestelde temas / onderwerpe slegs voorstelle is. Onderwysers kan hul eie temas kies. Dit sal van die konteks en beskikbare hulpmiddels afhang. Hulle moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke, plakkate, rympies, liedjies, speletjies en voorwerpe beskikbaar het vir die tema wat hulle gekies het.

Onderwysers moet gedurende die beskikbare tyd soveel moontlik aktiwiteite probeer dek. Hulle moet 'n nuwe aktiwiteit bekendstel, die leerders moet daarna luister en dit oorvertel. Die onderwyser demonstreer deur self te vertel, byvoorbeeld wat hy of sy oor die naweek gedoen het. So moedig hy of sy die leerders aan om hul eie vertelling te lewer. Die onderwyser voorsien die leerders van woorde wat struktuur aan hul vertelling kan gee, byvoorbeeld: *Verlede naweek het ek … toe het ek … daarna het ek …*. Help leerders ook om die eenvoudige verlede tyd te gebruik. Leerders oefen dus regdeur die jaar die vaardigheid om te luister en dan vertelling te lewer. Dit gee leerders die geleentheid om die verlede tyd en skakelwoorde (eerste, toe, dan) in die regte konteks te gebruik. Vir verdere riglyne, verwys ook na Afdeling 4 aan die einde van hierdie dokument.

Die onderwyser maak gebruik van die informele assesseringsaktiwiteite wat in week 1 - 5 voorgestel word om leerders te assesseer.

***Week 6 - 10***

Onderwysers kies nou twee nuwe temas wat hulle sal toelaat om voort te bou op dit wat hulle die eerste vyf weke gedoen het. Nuwe woordeskat kan nou weer bekendgestel word, en aangeleerde woordeskat kan vasgelê word. Die temas moet onderwysers deurgaans toelaat om eenvoudige, basiese, taalstrukture te herhaal, terwyl daar met die leerders in die Addisionele Taal gekommunikeer word.

As dit moontlik is, moet onderwysers seker maak dat al die aktiwiteite meer as een keer gedek word. Leerders moet geassesseer word deur gebruik te maak van die informele assesseringsaktiwiteite wat vir week 6 - 10 voorgestel word. 'n Formele assesseringsaktiwiteit moet aan die einde van die kwartaal gedoen word.

***Daaglikse aktiwiteite (30 minute per week)***

***Die aktiwiteite varieer in lengte. Die onderwyser kan een langer aktiwiteit, of twee of drie korter aktiwiteite per week doen.***

- Ontwikkel 'n mondelinge (luister en praat) woordeskat deur van onderwerpe en temas, byvoorbeeld: *Gevoelens*, gebruik te maak.
- Volg 'n kort reeks instruksies, byvoorbeeld: *Teken 'n gelukkige gesig. Teken nou 'n hartseer gesig*.
- Gee eenvoudige instruksies, byvoorbeeld: *Teken 'n gelukkige gesig*.
- Verstaan en reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Wie? Wie s'n? Wie se boek is dit? Watter storie wil jy hoor?*
- Maak eenvoudige versoeke en bewerings, byvoorbeeld: *Ek is dors. Kan ek 'n glas water kry?*
- Identifiseer 'n voorwerp deur 'n eenvoudige, mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Die meisie is hartseer. Sy huil*. Leerders pas die beskrywing by die regte prent.
- Praat oor 'n voorwerp in 'n prent en reageer op die onderwyser se instruksies, byvoorbeeld: *Wat sien jy? Vertel vir my meer van wat jy sien*.

- Luister na ‘n eenvoudige oorvertelling, byvoorbeeld na die onderwyser wat vertel wat hy of sy die vorige naweek gedoen het.
- Vertel, met die hulp van die onderwyser, wat hy of sy byvoorbeeld die vorige naweek gedoen het.
- Memoriseer en dra eenvoudige gediggies, aksierympies en liedjies voor, byvoorbeeld: *Ek kan sien met my twee kleine ogies …*
- Speel taalspeletjies, byvoorbeeld deur te raai hoe iemand voel en van gepaste uitdrukkings en gebare gebruik te maak.

***Fokus op luister- en praataktiwiteite (minimum 15 minute een maal per week, maksimum 15 minute twee maal per week).***

***Luister na stories wat vertel of gelees word (gedeelde lees).***

***Afhangend van die klasrooster, kan die onderwyser een of twee maal per week ‘n storie lees of vertel (of ‘n reeks gebeure weergee). Stories wat vertel word, kan deur gebare en met behulp van ander toneelbenodighede, byvoorbeeld maskers, gedramatiseer word. ‘n Grootboek of ‘n geïllustreerde plakkaat (waarop al die leerders die prent kan sien) word gebruik vir stories wat gelees word.***

- Luister vir genot na kort stories en neem op gepaste tye aan refreine deel; gee terugvoering oor niefiksie-tekste wat uit Grootboeke of geïllustreerde plakkate vertel word.
- Verstaan en reageer op instruksies. Maak gebruik van stories en tekste wat voorgelees word.
- Beantwoord eenvoudige ja- / nee-vrae oor ’n storie.
- Die onderwyser stel vrae en leerders identifiseer die voorwerpe in prente, byvoorbeeld: *Wat is dit hierdie? Dit is ‘n vis.*
- Dramatiseer dele van die storie deur van die teks gebruik te maak.

***Ontwikkeling van begrippe, woordeskat en taalstrukture***

Deur aan die bostaande aktiwiteite deel te neem, word …

- woordeskat, asook begripswoordeskat, byvoorbeeld die uitdrukking van gevoelens, uitgebrei; en
- begrip ontwikkel vir die gebruik van eenvoudige skakelwoorde by die verlede tyd, byvoorbeeld: *Eers het ek … toe het ek … daarna het ek…*

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

**Week 1 - 5**

- Identifiseer ‘n prentjie uit ‘n eenvoudige beskrywing, byvoorbeeld: *Die seun is gelukkig, hy glimlag.*
- Luister na ‘n eenvoudige vertelling en beantwoord maklike vrae daaroor, byvoorbeeld: *Wat het Mandla eerste gedoen? Wat het hy daarna gedoen?*

**Week 6 - 10**

- Volg ‘n reeks instruksies, byvoorbeeld: *Teken ‘n glimlaggende gesig. Teken dan ‘n hartseer gesig.*
- Gee ‘n eenvoudige mondelinge vertelling, byvoorbeeld: *Ek het Sondag 8-uur opgestaan. Toe was ek my en trek aan. Daarna het ek kerk toe gegaan.*

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na ‘n eenvoudige vertelling en beantwoord eenvoudige vrae daaroor, byvoorbeeld: *Wat het die ou dame eerste gedoen? Wat het sy volgende gedoen?*
- Demonstreer begrip van sekere basiese woordeskat deur na die mense in die prent te wys, of voer aksies uit op grond van die onderwyser se versoek, byvoorbeeld: Gee voor dat jy baie hartseer / gelukkig / kwaad / moeg, ensovoorts, is. Wys in die prent na die hartseer / gelukkige / woedende / moeë meisie, ensovoorts.

| GRAAD 2: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur 30 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Klanke en fonemiese bewustheid (15 minute per week)***

***Onderwysers hersien die enkelklanke deur te begin met die letter-klank-verhouding wat met die huistaal ooreenstem. Bou kort, bekende woorde deur klanke te gebruik wat die leerders reeds in die huistaal ken. Stel leerders geleidelik bekend aan klank-spel-verhoudings wat in die Huistaal en die Eerste Addisionele Taal verskil. Hierdie aktiwiteite behoort 5 - 10 minute te duur en kan ook met die luister-, praat- en leesaktiwiteite geïntegreer word.***

- Onderskei tussen verskillende klanke, byvoorbeeld *e* en *a* wat dikwels verwar word.
- Identifiseer letter-klank-verhoudings van die meeste enkelkonsonante en kort vokale, byvoorbeeld *a, b, d, e, f, g, h, i, j, k, l, m, n ,o, p, r, s, t, u, v, w, y*.
- Bou en breek 3-letterwoorde op wat uit bekende klanke bestaan, byvoorbeeld: *kat, k-at, k-a-t, pen, p-en, p-e-n.*

***Gedeelde lees (vorm deel van luister en praat)***

***Gedeelde lees is 'n lees- en luisteraktiwiteit. Dit sluit ook praat in, aangesien leerders met hul onderwyser oor die teks gesels. In Graad 2 is gedeelde lees deel van luister en praat.***

***Groepbegeleide lees (minimum 30 min en maksimum 1 uur 15 minute per week)***

***Groepbegeleide lees word in hierdie kwartaal bekend gestel. Onderwysers wat gebruik maak van die maksimum tydstoekenning vir Eerste Addisionele Taal, moet hul klas in vyf groepe verdeel, elke groep op dieselfde leesvlak. Werk slegs met een groep vir 15 minute per dag. Terwyl die onderwyser besig is met een groep, hou ander groepe hulle met lees in pare besig. Hulle lees eenvoudige tekste en doen aktiwiteite wat op die teks betrekking het. Maak gebruik van boeke wat eenvoudige strukture, woordeskat en prente het om die inhoud en begrip te ondersteun. Leerders het alreeds in Graad 1 in hul huistaal met begeleide lees kennis gemaak, dus is hulle bekend met hierdie benadering.***

***Onderwysers wat van die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak waar daar net 30 minute beskikbaar is, kan twee maal per week klasbegeleide (almal) lees doen.***

- Lees hardop tydens groepbegeleide lees uit hul eie boek saam met die onderwyser. Tydens groepbegeleide lees, lees al die leerders dieselfde fiksie- of niefiksie-teks saam met die onderwyser.
- Maak gebruik van dieselfde leestegnieke wat in Huistaal aangeleer is, om sin te maak sodat leerders hulself moniteer wanneer daar gelees word (klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise, sigwoorde).
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking.
- Toon begrip vir leestekens tydens hardoplees.
- Bou 'n sigwoordeskat op tydens groepbegeleide, gedeelde en selfstandige lees.

***Selfstandige lees (gedurende leerders se vrye tyd by die skool en tuis)***

***Leerders moet aangemoedig word om selfstandig te lees in die Eerste Addisionele Taal-periode (byvoorbeeld wanneer hulle voor ander leerders hul skriftelike werk voltooi het) en by die huis (vir huiswerk). Dit is belangrik dat leerders elke geleentheid in die klas gebruik om hul lees te ontwikkel.***

- Lees hul eie en ander se skryfwerk.
- Lees selfstandig (op hul eie) boeke met eenvoudige onderskrifte, prentstorieboeke wat tydens gedeelde lees gelees is, en ander boeke wat in die leeshoekie voorkom.
- Maak gebruik van prentwoordeboeke om die betekenis van onbekende woorde na te slaan.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Klanke (mondeling en / of prakties)**

- Bou en breek 3-letterwoorde op met die nuwe klanke wat aangeleer is, byvoorbeeld: *p-en - pen*.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit**

**Klanke**

Identifiseer die letter-klank-verhouding van die meeste enkelkonsonante en vokale, byvoorbeeld *a, b, d, e, f, g, h, i, j, k, l, m, n ,o, p, r, s, t, u, v, w, y*.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Lees**

- Lees met toenemende spoed en uitdrukking.
- Toon begrip vir leestekens tydens hardoplees.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Lees**

Lees 'n kort teks saam met die onderwyser en volg die onderwyser se oog-en vinger-bewegings (1 - 2 sinne per bladsy).

| GRAAD 2: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| SKRYF | VOORGESTELDE KONTAKTYD<br>30 minute per week |
| **INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**<br>**Skryfaktiwiteite (twee maal per week)**<br>• Maak gebruik van handskrifvaardighede wat in Huistaal aangeleer is.<br>• Maak lyste met opskrifte.<br>• Kies en kopieer 'n byskrif wat by die prent sal pas.<br>• Leerders kan, met hulp, 'n onderskrif vir die prent skryf.<br>• Voltooi sinne deur ontbrekende woorde in te vul. | |
| **ASSESSERING :**<br>**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**<br>**Skryf (geskrewe)**<br>**Week 1 - 5**<br>• Leerders kan, met hulp, 'n onderskrif vir die prent skryf.<br>**Week 6 - 10**<br>• Voltooi drie sinne deur die ontbrekende woorde in te vul.<br>**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 1**<br>**Skryf (geskrewe)**<br>• Voltooi drie sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. | |

| GRAAD 2: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| LUISTER EN PRAAT (MONDELING) | VOORGESTELDE KONTAKTYD<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Week 1 - 5**

Onderwysers behoort twee temas te kies wat hulle in staat sal stel om woordeskat uit te brei, en al die onderstaande aktiwiteite te dek. Let daarop dat die voorgestelde temas / onderwerpe slegs voorstelle is. Onderwysers kan hulle eie temas kies. Dit sal van die konteks en die beskikbare hulpmiddels afhang. Onderwysers moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke, plakkate, rympies, liedjies, speletjies en voorwerpe beskikbaar het vir die tema wat hulle gekies het.

Onderwysers moet gedurende die beskikbare tyd soveel moontlik aktiwiteite probeer dek. Om leerders te assesseer, moet onderwysers van die informele assesseringsaktiwiteite gebruik maak wat in week 1 - 5 voorgestel is.

***Week 6 - 10***

Onderwysers kies twee nuwe temas wat hulle sal toelaat om voort te bou op dit wat hulle die eerste vyf weke gedoen het. Nuwe woordeskat kan nou weer bekendgestel word en aangeleerde woordeskat moet vasgelê word. Die temas moet onderwysers deurgaans toelaat om eenvoudige, basiese, taalstrukture te herhaal, terwyl daar in die addisionele taal met die leerders gekommunikeer word.

Indien dit moontlik is, moet onderwysers seker maak dat al die aktiwiteite meer as een keer gedek word. Leerders moet geassesseer word deur van die informele assesseringsaktiwiteite gebruik te maak wat vir week 6 - 10 voorgestel word. ‘n Formele assesseringsaktiwiteit moet aan die einde van die kwartaal gedoen word.

***Daaglikse aktiwiteite (30 minute per week)***

Die aktiwiteite wissel in lengte. Die onderwyser kan een langer aktiwiteit, of twee of drie korter aktiwiteite per week doen.

- Brei woordeskat uit deur van ‘n onderwerp, soos *Die weer*, gebruik te maak.
- Volg ‘n kort reeks instruksies, byvoorbeeld: *Staan op. Gaan deur toe en maak dit oop.*
- Gee eenvoudige instruksies, byvoorbeeld: *Maak die deur toe*.
- Verstaan en reageer op eenvoudige vrae soos: *Wie? Wie s’n? Wie se sambreel is dit?*
- Maak eenvoudige bewerings en rig eenvoudige versoeke, byvoorbeeld: *Dit is koud. Kan ek ‘n trui kry?*
- Gee ‘n beskrywing en kies die toepaslike prent vir die beskrywing, byvoorbeeld: *‘n Lekker warm dag in die park*.
- Praat oor ‘n voorwerp in ‘n prent en reageer op die onderwyser se instruksies, byvoorbeeld: *Wat sien jy? Vertel vir my meer van wat jy sien.*
- Luister na ‘n eenvoudige vertelling, byvoorbeeld na die onderwyser wat vertel van haar ervaring op ‘n warm dag by die swembad.
- Die onderwyser help leerders om ‘n eenvoudige mondelinge vertelling te gee oor, byvoorbeeld ‘n reis wat hulle meegemaak het.
- Memoriseer eenvoudige gediggies, aksierympies en liedjies, en dra dit voor, byvoorbeeld: *Ek hoor donderweer, ek hoor donderweer*.
- Speel taalspeletjies, byvoorbeeld: Leerders werk in groepe. Hulle moet klere benoem wat ons op ‘n warm / koue dag dra. Die groep wat die meeste kledingstukke kan benoem, is die wenners.

***Fokus op luister- en praataktiwiteite (minimum 15 minute een maal per week, maksimum 15 minute twee maal per week)***

***Luister na stories wat vertel of gelees word (gedeelde lees).***

***Afhangend van die klasrooster kan die onderwyser een of twee maal per week 'n storie lees of vertel (of 'n reeks gebeure weergee). Stories wat vertel word, kan deur middel van gebare en ander toneelbenodighede, byvoorbeeld maskers, gedramatiseer word. 'n Grootboek of geïllustreerde plakkaat (waarop al die leerders die prent kan sien) word gebruik vir stories wat gelees word.***

- Luister met genot na kort stories en neem op gepaste tye aan refreine deel, byvoorbeeld: *Die drie varkies*.
- Verstaan en reageer op instruksies. Maak van stories en tekste gebruik wat reeds voorgelees is, byvoorbeeld: *Hoeveel varkies is daar? Kom ons tel hulle. Waarvan was die drie huisies gebou?*
- Beantwoord eenvoudige ja- / nee-vrae, of vrae met kort antwoorde oor die storie, byvoorbeeld: *Was die huis van strooi sterk genoeg? In watter huis sou jy wou bly?*
- Die onderwyser stel vrae en die leerders identifiseer die voorwerpe op die prente, byvoorbeeld: *Wat is hierdie? Is dit die huis van stokke / strooi?*
- Dramatiseer dele van die storie.
- Die leerder vertel, met hulp van die onderwyser, die storie.

***Ontwikkeling van begrippe, woordeskat en taalstrukture***

Deur aan die bostaande aktiwiteite deel te neem, word …

- woordeskat, asook begripswoordeskat, uitgebrei, byvoorbeeld: *Die weer*; en
- begrip vir eenvoudige taalstrukture bevorder, soos die gebruik van die werkwoord, byvoorbeeld: *Dit is koud,* en byvoeglike naamwoorde, byvoorbeeld: *winderige, bewolkte, reënerige, sonnige*, ensovoorts.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringskaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

**Week 1 - 5**

- Identifiseer 'n prent deur 'n eenvoudige mondelinge beskrywing daarvan te gee, byvoorbeeld: *Dit reën.*
- Luister na 'n eenvoudige vertelling en beantwoord vrae daaroor, byvoorbeeld: *Wat het Jannie eerste gedoen? Wat het hy daarna gedoen?*

**Week 6 - 10**

- Beantwoord eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Hoe lyk die weer vandag?*
- Gee 'n eenvoudige, mondelinge vertelling, byvoorbeeld: *Sondae staan ek 8 uur op. Ek was myself. Daarna trek ek my klere aan en gaan dan kerk toe.*

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 2**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na 'n eenvoudige vertelling en beantwoord eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Hoe laat het Jannie wakker geword? Hoe was die weer? Wat het hy eerste gedoen? Wat het hy volgende gedoen? Wat het hy laaste gedoen?*
- Toon begrip van basiese woordeskat deur na voorwerpe in die klaskamer of in prente te verwys (noem die voorwerpe), of leerders kan op instruksies van die onderwyser reageer, byvoorbeeld: *Wys my die sambreel. Watter kleur is dit?* ensovoorts.

| GRAAD 2: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute<br>Maksimum tyd: 1 uur 30 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Klanke en fonemiese bewustheid (15 minute per week)***

***Hierdie aktiwiteit moet kort wees (5 - 10 minute) en moet oor die week versprei word. Dit kan ook by luister-, praat- en leesaktiwiteite geïntegreer word.***

- Identifiseer die letter-klank-verhouding van die meeste enkelkonsonate en kort vokale.
- Herken die *-jie*- en *-tjie*-uitgange aan die einde van woorde, soos in *mand**jie***.
- Verdeel eenvoudige 3-letterwoorde wat met ‘n enkelkonsonant begin, gevolg deur ‘n kort vokaal en ‘n eindkonsonant in individule klanke, byvoorbeeld: *k-a-t, p-e-n; p-o-t*.
- Onderskei tussen kort en lang vokale, soos in *poot / pot, boot / bot*.

***Gedeelde lees (vorm deel van luister en praat)***

***Gedeelde lees is beide ’n lees- en luisteraktiwiteit. Dit sluit ook praat in, aangesien leerders met hul onderwyser oor die teks gesels. In Graad 2 is gedeelde lees deel van luister en praat.***

***Groepbegeleide lees (minimum 30 minute en maksimum 1 uur 15 minute per week)***

***Onderwysers wat van die maksimum tydstoewysing vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak, moet hul klas in vyf groepe verdeel, elke groep op dieselfde leesvlak. Werk vir 15 minute slegs met een groep. Terwyl die onderwyser met een groep besig is, hou die ander groepe hulle met lees in pare besig. Hulle lees eenvoudige tekste en doen aktiwiteite wat op die teks betrekking het. Maak gebruik van boeke wat eenvoudige strukture, woordeskat en prente het om die inhoud en begrip te ondersteun.***

***Onderwysers wat van die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak, waar daar net 30 minute beskikbaar is, kan twee maal per week klasbegeleide (almal) lees doen.***

- Lees uit eie boek hardop tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser. Tydens klasbegeleide lees, lees die leerders saam met die onderwyser dieselfde teks of niefiksie-teks.
- Maak gebruik van dieselfde leestegnieke wat in Huistaal aangeleer is, om sin te maak en moniteer self wanneer daar gelees word (klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise, sigwoorde).
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking.
- Toon tydens hardoplees begrip vir leestekens.
- Bou ‘n sigwoordeskat op uit die groepbegeleide, gedeelde en selfstandige lees.

***Selfstandige lees (gedurende leerders se vrye tyd by die skool en tuis)***

***Leerders moet aangemoedig word om in hul vrye tyd selfstandig te lees, byvoorbeeld tuis of wanneer hulle voor ander leerders hul skriftelike werk voltooi het. Dit is belangrik dat leerders elke geleentheid in die klas benut om hul lees te ontwikkel.***

- Lees hul eie en ander se skryfwerk.
- Lees selfstandig boeke met eenvoudige onderskrifte, prentstorieboeke wat tydens gedeelde lees gelees is, en ander boeke wat in die leeshoekie voorkom.
- Maak gebruik van prentwoordeboeke om die betekenis van onbekende woorde na te slaan.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Klanke (mondeling en / of prakties)**

- Onderskei tussen kort en lang vokale, byvoorbeeld: *poot / pot, bot / boot.*

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 2**

**Klanke (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Identifiseer die letter-klank-verhouding van die meeste enkelkonsonante en kort vokale.
- Verdeel eenvoudige woorde met enkelaanvangskonsonante en kort vokale in die eerste klank en die tweede deel van die lettergreep, soos in *k-at, m-at, v-at, w-at*.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Lees (mondeling of prakties)**

- Lees hardop uit eie leesboeke in groepbegeleide lees. Die hele groep lees dieselfde storie.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 2**

**Lees (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Lees Grootboeke of ander vergrote tekste (met illustrasies) saam met die onderwyser, volg die onderwyser se oog- en vingerbewegings.
- Toon begrip vir ‘n eenvoudige storie deur prente te orden, ‘n sin of onderskrif by ‘n prent te pas en vrae te beantwoord.

| GRAAD 2: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>30 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Skryfaktiwiteite (twee maal per week)***

***Onderwysers moet uit die volgende kies: Hulle moet soveel aktiwiteite moontlik probeer kies vir die beskikbare tyd.***

- Maak gebruik van handskifvaardighede wat in Huistaal onderrig is.
- Kies en kopieer 'n byskrif wat by die prent sal pas.
- Leerders kan met hulp 'n onderskrif vir die prent skryf.
- Voltooi sinne deur die ontbrekende woorde in te vul.
- Skryf sinne deur van klanke en eenvoudige sigwoorde gebruik te maak wat reeds onderrig is.
- Maak gebruik van leestekens wat reeds in Huistaal onderrig is (punte, hoofletters).
- Bou eie woordbank en woordeboek op.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Skryf (geskrewe)**

**Week 1 - 5**

- Voltooi drie sinne deur die ontbrekende woorde in te vul.

**Week 6 - 10**

- Maak sinne met woorde wat die klanke en sigwoorde bevat wat reeds geleer is.
- Gebruik leestekens wat reeds in Huistaal geleer is (hoofletters en punte).

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 2**

**Skryf (geskrewe)**

- Maak sinne met woorde wat die klanke en sigwoorde bevat wat reeds geleer is.
- Gebruik leestekens wat reeds in Huistaal geleer is (hoofletters en punte).

| GRAAD 2: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Week 1 - 5**

Onderwysers behoort twee temas te kies wat hulle in staat sal stel om woordeskat bekend te stel, te gebruik en al die onderstaande aktiwiteite te dek. Let daarop dat die voorgestelde temas / onderwerpe slegs voorstelle is. Onderwysers kan hul eie temas kies. Dit sal van die konteks en beskikbare hulpmiddels afhang. Hulle moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke / plakkate, rympies, liedjies, speletjies en voorwerpe beskikbaar het vir die tema wat hulle gekies het.

Onderwysers moet probeer om soveel moontlik aktiwiteite gedurende die beskikbare tyd te dek (meer as een keer). Leerders moet geassesseer word deur van die eerste formele assesseringsaktiwiteit gebruik te maak wat vir week 1 - 5 aanbeveel is.

**Week 6 - 10**

Onderwysers kies twee nuwe temas wat hulle sal toelaat om voort te bou op dit wat hulle die eerste vyf weke gedoen het. Nuwe woordeskat kan nou weer ingevoer word, en aangeleerde woordeskat moet vasgelê word. Die temas moet onderwysers deurgaans toelaat om eenvoudige, basiese taalstrukture in te skerp, terwyl daar met die leerders in die addisionele taal gekommunikeer word.

Onderwysers moet seker maak dat al die aktiwiteite, indien moontlik, meer as eenkeer gedek word. Leerders moet geassesseer word deur gebruik te maak van die tweede formele assesseringsaktiwiteite teen die einde van die kwartaal.

***Daaglikse aktiwiteite (30 minute per week)***

Onderwysers kan een lang aktiwiteit, of twee of drie kortes doen.

- Gaan voort om ‘n mondelinge (luister en praat) woordeskat te ontwikkel deur van onderwerpe en temas, byvoorbeeld *Sport*, gebruik te maak.
- Volg ‘n kort reeks instruksies, byvoorbeeld: *Neem die kryt en skryf jou naam op die bord. Gebruik nou die uitveër om die bord skoon te maak.*
- Gee eenvoudige instruksies, byvoorbeeld: *Skop die bal.*
- Verstaan en reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Wie? Wie s’n? Van watter sportsoorte hou jy baie? Rugby, sokker, krieket?*
- Maak eenvoudige versoeke en beweringe, byvoorbeeld: *Kan ek buitetoe gaan, ek wil speel, asseblief?*
- Gee ‘n beskrywing en kies die toepaslike prent vir die beskrywing, byvoorbeeld: *Die seun skop die bal.*
- Praat oor ‘n voorwerp in ‘n prent en reageer op die onderwyser se instruksies, byvoorbeeld: *Wat sien jy? Vertel vir my meer van wat jy sien.*
- Luister na ‘n eenvoudige vertelling, byvoorbeeld na die onderwyser wat van ‘n sokkerwedstryd vertel.
- Onderwyser help leerders wanneer hulle van ‘n wedstryd vertel waarna hulle gekyk het.
- Memoriseer eenvoudige gediggies, aksiesrympies en liedjies, en dra dit voor, byvoorbeeld: *Die wiele van die bus draai om en om …*
- Speel taalspeletjies buite die klaskamer, byvoorbeeld: *Simon sê: Stap vinnig / stadig, kyk links / regs / voor jou / agter jou.*

***Fokus op luister en praataktiwiteite (minimum 15 minute een maal per week, maksimum 15 minute twee maal per week).***

***Luister na stories wat vertel of gelees word (gedeelde lees).***

***Afhangend van die klasrooster kan die onderwyser een of twee maal per week 'n storie lees of vertel (of 'n reeks gebeure weergee). Stories wat vertel word, kan deur gebare en met behulp van ander toneelbenodighede, byvoorbeeld maskers, gedramatiseer word. 'n Grootboek of geïllustreerde plakkaat (waarop al die leerders die prent kan sien) word gebruik vir stories wat gelees word.***

- Luister vir genot na kort stories en neem op gepaste tye aan refreine deel; gee terugvoering oor niefiksie-tekste wat uit Grootboeke of geïllustreerde plakkate vertel word.
- Verstaan en reageer op instruksies, byvoorbeeld: *Wys vir my die krieketblad. Tel die spelers. Wie is die paaltjiewagter?*
- Beantwoord eenvoudige ja- / nee-vrae, of vrae met kort antwoorde oor die storie, byvoorbeeld: *Wie het die doel aangeteken?*
- Benoem van die voorwerpe in die prent en reageer op vrae wat die onderwyser stel, byvoorbeeld: *Wat is dit? Die doelhok.*
- Dramatiseer dele van die storie deur van die teks te gebruik.
- Die onderwyser help leerders om die storie oor te vertel, of om 'n opsomming van die inhoud te gee.

***Ontwikkeling van begrippe, woordeskat en taalstrukture***

Deur aan die bostaande aktiwiteite deel te neem, word …

- woordeskat, asook begripswoordeskat, byvoorbeeld: *rigting - links / reg*s uitgebrei; en
- die gebruik van eenvoudige taalstrukture, byvoorbeeld die teenwoordige tyd (*Hy skop die bal*), asook bywoorde, byvoorbeeld *vinnig, stadig*, begryp en ontwikkel.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

**Week 1 - 5**

- Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie / teks.
- Vertel die storie oor / gee 'n mondelinge opsomming van die teks (3 - 4 sinne).

**Week 6 - 10**

- Beantwoord eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Van watter sportsoort hou jy die meeste?*
- Identifiseer drie prente deur middel van eenvoudige mondelinge beskrywings, byvoorbeeld: *Die man speel sokker. Die man speel krieket. Die man speel tennis*.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 3**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na 'n kort vertelling en beantwoord eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Watter span het die eerste doel aangeteken? Watter span het die tweede / derde doel aangeteken? Watter span het gewen?*
- Verstaan basiese woordeskat deur na voorwerpe in die klaskamer, of in prente te wys. Reageer op die onderwyser se instruksies en voer die aksies uit, byvoorbeeld: *Wys vir my die tennisraket / krieketbal / sokkerbal.*

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 4**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na 'n kort vertelling oor iets wat, byvoorbeeld, tydens 'n sokkerwedstryd gebeur het.
- Verstaan basiese woordeskat deur na voorwerpe in die klaskamer te wys, of prente te wys. Reageer op die onderwyser se instruksies en voer die aksies uit, byvoorbeeld: *Wys na die kaptein van die span. Wys na die doelwagter.*

| GRAAD 2: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur 30 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Klanke en fonemiese bewustheid (15 minute per week)***

***Gaan voort om die aanvangsklanke aan te leer. Stel eers die tweeletterkombinasies aan die begin van woorde bekend. Gebruik woorde wat die leerders reeds ken en gebruik die woorde in eenvoudige sinne. Hierdie aktiwiteit duur ongeveer 5 - 10 minute en word oor die week versprei. Dit kan ook met luister-, praat- en leesaktiwiteite geïntegreer word.***

- Doen woordbou-aktiwiteite en verdeel eenvoudige woorde met enkelbeginklanke en kort vokale, byvoorbeeld: *k-a-t, m-a-t*.
- Groepeer woorde met kort vokale, byvoorbeeld: *k**a**t, m**a**t, v**a**t, w**a**t*.
- Groepeer woorde met lang vokale, byvoorbeeld: *k**aa**s, r**aa**s, b**aa**s, Kl**aa**s*.
- Herken die *-jie-* en *-tjie*-uitgange aan die einde van woorde, byvoorbeeld: *mand**jie**, kat**jie***.
- Herken tweeletterkombinasies aan die begin van woorde, byvoorbeeld: ***gr**-oen, **bl**-om*.

***Gedeelde lees (vorm deel van luister en praat)***

***Gedeelde lees is 'n lees- en luisteraktiwiteit. Dit sluit ook praat in, aangesien leerders met hul onderwyser oor die teks gesels. In Graad 2 is gedeelde lees deel van luister en praat.***

***Groepbegeleide lees (minimum 30 minute en maksimum 1 uur 15 minute per week)***

***Onderwysers wat van die maksimum tydstoekenning vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak, moet hul klas in vyf groepe verdeel, elke groep op dieselfde leesvlak. Werk vir 15 minute per dag slegs met een groep. Terwyl die onderwyser met een groep besig is, hou die ander groepe hulle met lees in pare besig. Hulle lees eenvoudige tekste en doen aktiwiteite wat op die teks betrekking het. Maak gebruik van boeke wat eenvoudige strukture, woordeskat en prente bevat om die inhoud en begrip te ondersteun.***

***Onderwysers wat van die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak, waar daar net 30 minute beskikbaar is, kan twee maal per week klasbegeleide (almal) lees doen.***

- Leerders lees saam met die onderwyser hardop uit hul eie boeke tydens groepbegeleide lees. Leerders lees dieselfde teks of niefiksie-teks saam met die onderwyser deur tydens klasbegeleide lees.
- Maak van dieselfde leestegnieke gebruik wat in Huistaal aangeleer is, sodat leerders hulself kan moniteer wanneer daar gelees word (klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise, sigwoorde).
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking.
- Toon begrip vir leestekens tydens hardoplees.
- Bou 'n sigwoordeskat op uit die groepbegeleide, gedeelde en selfstandige lees.

***Selfstandige lees (gedurende leerders se vrye tyd by die skool en tuis)***

***Leerders moet aangemoedig word om in hul vrye tyd selfstandig te lees, byvoorbeeld tuis of wanneer hulle voor ander leerders hul skriftelike werk voltooi het. Dit is belangrik dat leerders elke geleentheid in die klas benut om hul lees te ontwikkel.***

- Lees hul eie en ander se skryfwerk.
- Lees selfstandig eie boeke met eenvoudige onderskrifte, prentstorieboeke wat tydens gedeelde lees gelees is, en ander boeke wat in die leeshoekie voorkom.
- Maak gebruik van prentwoordeboeke om die betekenis van onbekende woorde na te slaan.

**ASSESSERING**

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 3**

**Klanke (mondeling en / of prakties en /of geskrewe)**

- Bou en verdeel eenvoudige woorde met enkelaanvangskonsonante en kort vokale, byvoorbeeld: *k-a-t, m-a-t, v-a-t*, *w-a-t*.
- Groepeer woorde in woordfamilies, byvoorbeeld: *kat, mat, vat, wat*.
- Herken die *-jie-* en *-tjie*-uitgange aan die einde van woorde, byvoorbeeld: *hand**jie**, mat**jie***.

**Lees (mondeling en / of prakties)**

- Neem saam met die onderwyser aan groepbegeleide lees deel. Almal lees dieselfde storie uit hulle eie boeke.
- Gebruik prente om ‘n kort storie te verstaan. Rangskik die prente in die regte volgorde, pas ‘n sin (onderskrif) by ‘n prent en teken ‘n prent om ‘n sin te illustreer.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 4**

**Klanke (mondeling en / of prakties en / of geskrewe )**

- Herken tweekonsonantkombinasies aan die begin van woorde, byvoorbeeld: ***gr**-oen, **bl**-om*.

**Lees (mondeling en / of prakties)**

- Lees ‘n kort gedeelte saam met die onderwyser en beantwoord kort, mondelinge vrae oor die storie.

| GRAAD 2: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>30 minute per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Skryfaktiwiteite (twee maal per week)***

***Onderwysers moet uit die volgende kies. Hulle moet probeer om soveel aktiwiteite moontlik vir die beskikbare tyd te kies.***

- Maak gebruik van handskrifvaardighede wat reeds in Huistaal onderrig is.
- Skryf 'n onderskrif vir 'n prent.
- Voltooi sinne deur ontbrekende woorde in te vul.
- Skryf sinne en maak gebruik van klanke en sigwoorde wat reeds onderrig is.
- Skryf sinne deur sinsrame te gebruik, byvoorbeeld: *Ek hou van … Ek hou nie van … nie*.
- Leerders skryf bekende woorde en sinne wat deur die onderwyser gedikteer word.
- Skryf kort, eenvoudige tekste wat reeds in Huistaal onderrig is, byvoorbeeld: beterskapskaartjies.
- Gebruik selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde, byvoorbeeld: *ek, jy, hy, sy* in skryfwerk.
- Spel woorde korrek uit bestaande kennis, byvoorbeeld: *motor, speel, gaan*, of deur klankkennis te gebruik, byvoorbeeld: *net, pet, vet*.
- Gebruik 'n kinderwoordeboek, indien nodig.
- Gebruik leestekens wat reeds in Huistaal onderrig is.
- Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek.

**ASSESSERING**

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 3**

**Skryf (geskrewe)**

- Skryf 'n onderskrif vir 'n prent, byvoorbeeld: *Die koei vreet gras*.
- Skryf sinne deur sinsrame te gebruik, byvoorbeeld: *Ek hou van … Ek hou nie van ….*

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 4**

**Skryf (geskrewe)**

- Skryf sinne met die korrekte leestekens tydens diktee.
- Skryf en illustreer 'n beterskapskaartjie.

| GRAAD 2: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Week 1 - 5***

Onderwysers behoort twee temas te kies wat hulle in staat sal stel om woordeskat bekend te stel, te gebruik en al die onderstaande aktiwiteite te dek. Let daarop dat die voorgestelde temas / onderwerpe slegs voorstelle is. Onderwysers kan hulle eie temas kies. Dit sal van die konteks en beskikbare hulpmiddels afhang. Hulle moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke, plakkate, rympies, liedjies, speletjies en voorwerpe beskikbaar het vir die tema wat hulle gekies het.

Die onderwyser maak van die informele assesseringaktiwiteite gebruik wat vir week 1 - 5 voorgestel is om leerders te assesseer.

***Week 6 - 10***

Die onderwyser kies twee nuwe temas wat hulle sal toelaat om voort te bou op dit wat hulle die eerste vyf weke gedoen het. Nuwe woordeskat kan nou weer ingevoer word, en aangeleerde woordeskat moet vasgelê word. Die temas moet onderwysers deurgaans in staat stel om eenvoudige, basiese taalstrukture in te skerp, terwyl daar met die leerders in die addisionele taal kommunikeer word.

Onderwysers moet seker maak dat al die aktiwiteite, indien moontlik, meer as een keer gedek word. Leerders moet geassesseer word deur van die informele assesseringsaktiwiteite gebruik te maak wat vir week 6 - 10 voorgestel word. ‘n Formele assesseringsaktiwiteit moet aan die einde van die kwartaal gedoen word

***Daaglikse aktiwiteite ( 30 minute per week)***

Die aktiwiteite kan in lengte varieer. Onderwysers kan een langer aktiwiteit, of twee of drie kortes per week doen.

- Ontwikkel ‘n woordeskat met onderwerpe en temas, soos *Seisoene*.
- Volg ‘n kort reeks instruksies, byvoorbeeld: *Kom sit hier voor in die klaskamer*.
- Gee eenvoudige instruksies, byvoorbeeld: *Klap jou hande*.
- Verstaan en reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Watter …?*
- Rig eenvoudige versoeke, byvoorbeeld: *Mag ek my boeke wegpak?*
- Identifiseer ‘n voorwerp deur eenvoudige, mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Dis somer. Die son skyn. Daar is bloeisels aan die bome. Die kinders dra kort broeke en sandale*. Kies die toepaslike prent vir die beskrywing.
- Praat oor voorwerpe in ‘n prent en reageer op die onderwyser se instruksies, byvoorbeeld: *Wat sien jy? Vertel vir my meer van wat jy sien.*
- Luister na ‘n eenvoudige vertelling, byvoorbeeld na die onderwyser wat van haar inkopietog vertel.
- Lewer, met hulp van die onderwyser, ‘n kort vertelling oor iets wat hy of sy gedoen het.
- Memoriseer eenvoudige gediggies, aksierympies en liedjies, en dra dit voor, byvoorbeeld: *Vader Jakob ...*
- Speel taalspeletjies, byvoorbeeld: *My klein ogies sien iets wat met ‘n … begin*.

***Fokus op luister- en praataktiwiteite (minimum 15 minute, een maal per week, maksimum 15 minute, twee maal per week).***

***Luister na stories wat vertel of gelees word (gedeelde lees).***

***Afhangend van die klasrooster kan die onderwyser een of twee maal per week 'n storie lees of vertel (of 'n reeks gebeure weergee). Stories wat vertel word, kan deur gebare en met behulp van ander toneelbenodighede, byvoorbeeld maskers, gedramatiseer word. 'n Grootboek of geïllustreerde plakkaat (waarop al die leerders die prent kan sien) word gebruik vir stories wat gelees word.***

- Luister vir genot na kort stories en neem op gepaste tye aan refreine deel; gee terugvoering oor niefiksie-tekste, byvoorbeeld *Winter*, wat uit Grootboeke of geïllustreerde plakkate vertel word.
- Verstaan en reageer op instruksies, byvoorbeeld: *Wys vir my die bome. Is daar enige blare aan die bome? Watter tyd van die jaar is dit?*
- Beantwoord eenvoudige vrae met kort antwoorde, byvoorbeeld: *Wat gebeur met die bome in die winter?*
- Benoem van die voorwerpe in die prent en reageer op die onderwyser se vrae, byvoorbeeld: *Wat is dit hierdie? Dit is sneeu.*
- Dramatiseer dele van die storie deur van die teks te gebruik.
- Die onderwyser help leerders om die storie oor te vertel, of 'n kort opsomming te maak.

***Ontwikkeling van begrippe, woordeskat en taalstrukture***

Deur aan die bostaande aktiwiteite deel te neem, word …

- woordeskat, asook begripswoordeskat, byvoorbeeld deur 'n tema soos *Veranderinge in seisoene*, uitgebrei; en
- eenvoudige taalstrukture verstaan en in die konteks van betekenisvolle gesproke taal gebruik, byvoorbeeld werkwoorde (*Die wind waai*, *Dit is somer*); byvoeglike naamwoorde (*koel, warm*) en bywoorde (*sag*).

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

**Week 1 - 5**

- Antwoord eenvoudige vrae oor 'n storie of teks.
- Leerders vertel die storie oor, of hulle maak 'n kort opsomming (3 - 4 sinne).

**Week 6 - 10**

- Beantwoord eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Van watter seisoen hou jy die meeste*?
- Identifiseer drie prente en gee 'n eenvoudige mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Dis somer. Die son skyn. Daar is bloeisels aan die bome. Die kinders dra kort broeke en sandale. / Dit is winter. Daar is nie blare aan die bome nie. / Dit is lente. Die voëltjie bou sy nessie.*

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 5**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na 'n eenvoudige vertelling, byvoorbeeld: *My somervakansie*, en beantwoord eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Waarheen het Tandi vir haar somervakansie gegaan? Wat het sy gedoen toe hulle daar aankom? Wat het sy volgende gedoen?*
- Gebruik 'n skryfraam en gee 'n eenvoudige vertelling van 3 - 4 sinne.
- Verstaan basiese woordeskat deur na voorwerpe in die klaskamer of in prente te wys. Reageer op die onderwyser se instruksies en voer die aksies uit, byvoorbeeld: *Wys vir my die tennisraket / krieketbal / sokkerbal*, ensovoorts.
- Verstaan ten minste 500 woorde indien die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik word, en ongeveer 1 000 woorde indien die maksimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik word (gebruik die woordelys in Afdeling 3 as riglyn).

| GRAAD 2: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Klanke en fonemiese bewustheid (15 minute per week)***

***Onderwysers stel leerders bloot aan algemene konsonantkombinasies en vokaalverbindinge in hoëfrekwensie woorde, of woorde wat reeds aan die leerders bekend is. Maak seker dat leerders die betekenis verstaan as nuwe woorde bekendgestel word. Gebruik die woorde in sinne. Hierdie aktiwiteit duur ongeveer 5 - 10 minute wat oor die week versprei word. Dit kan ook met luister-, praat- en leesaktiwiteite geïntegreer word.***

- Groepeer woorde in woordfamilies, byvoorbeeld:

  **a** - l**a**t, m**a**t, d**a**t, v**a**t

  **e** - m**e**s, s**e**s, l**e**s, n**e**s

  **i** - m**i**k, t**i**k, st**i**k, h**i**k

  **o** - st**o**k, r**o**k, l**o**k, b**o**k

  **u** - b**u**s, l**u**s, m**u**s
- Doen woordbou-aktiwiteite met aangeleerde klanke.
- Herken woorde met lang vokale, byvoorbeeld: **aa** - **aa**p, **ee** - **ee**n, **oo** - **oo**g, **uu** - **uu**r.
- Onderskei tussen klanke wat maklik verwar word, byvoorbeeld: **i** en **u**.

***Gedeelde lees (vorm deel van luister en praat)***

***Gedeelde lees is 'n lees- en luisteraktiwiteit. Dit sluit ook praat in aangesien leerders met hul onderwyser oor die teks gesels. In Graad 2 is gedeelde lees deel van luister en praat.***

***Groepbegeleide lees (minimum 30 minute en maksimum 1 uur 15 minute per week)***

***Onderwysers wat van die maksimum tydstoekenning vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak, moet hul klas in vyf groepe verdeel, elke groep op dieselfde leesvlak. Werk vir 15 minute per dag slegs met een groep. Terwyl die onderwyser met een groep besig is, hou die ander groepe hulle met lees in pare besig. Hulle lees eenvoudige tekste en doen aktiwiteite wat op die teks betrekking het. Maak gebruik van boeke wat eenvoudige strukture, woordeskat en prente bevat om die inhoud en begrip te ondersteun.***

***Onderwysers wat van die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak, waar daar net 30 minute beskikbaar is, kan twee maal per week klasbegeleide lees doen.***

- Leerders lees in groepbegeleide lees hardop uit hul eie leesboeke saam met die onderwyser. Tydens klasbegeleide lees, lees leerders dieselfde teks of niefiksie-teks saam met die onderwyser.
- Maak gebruik van dieselfde leestegnieke wat in Huistaal aangeleer is sodat leerders hulself moniteer wanneer daar gelees word (klanke, sigwoorde, kontekstuele leidrade, struktuuranalise).
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking.
- Toon begrip vir leestekens tydens hardoplees.
- Bou 'n sigwoordeskat uit die groepbegeleide, gedeelde en selfstandige lees op.

***Selfstandige lees (gedurende leerders se vrye tyd by die skool en tuis)***

***Leerders moet aangemoedig word om in hul vrye tyd selfstandig te lees, byvoorbeeld tuis of wanneer hulle voor ander leerders hul skriftelike werk voltooi het. Dit is belangrik dat leerders elke geleentheid in die klas benut om hul lees te ontwikkel.***

- Lees hul eie en ander se skryfwerk.
- Lees selfstandig (op hul eie) boeke wat in die geleide lees gelees is, boeke met eenvoudige onderskrifte en prentstorieboeke wat in die leeshoekie voorkom.
- Maak van een- en tweetalige prentwoordeboeke gebruik om die betekenis van onbekende woorde na te slaan.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Klanke (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Groepeer woorde in woordfamilies, byvoorbeeld:

  **a** - l**a**t, m**a**t, d**a**t, v**a**t

  **e** - m**e**s, s**e**s, l**e**s, n**e**s

  **i** - m**i**k, t**i**k, st**i**k, h**i**k

  **o** - st**o**k, r**o**k, l**o**k, b**o**k

  **u** - b**u**s, l**u**s, m**u**s

- Bou en vorm eenvoudige woorde met tweekonsonantverbindings, byvoorbeeld: *plat, klip, klap, prop, drup, klep*.
- Herken woorde met lang vokale, byvoorbeeld: die *oo* in *gr**oo**t* en *b**oo**t*; die *ee* in *sp**ee**l* en *k**ee**l*.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

- Vertel, met hulp van die onderwyser, 'n deel van die storie in 2 - 3 sinne.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 5**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

- Gebruik prente om die storie te verstaan. Rangskik die prente in die korrekte volgorde, gee 'n onderskrif by die prent en teken 'n prent om die sin te illustreer.
- Lees uit 'n Grootboek of enige ander vergrote teks 'n kort leesstuk saam met die onderwyser, lees die titel en voorspel waaroor die teks handel. Beantwoord mondelinge kortvrae oor die storie.
- Lees saam met die onderwyser in 'n begeleide groep hardop uit eie leesboek. Die hele groep lees dieselfde storie.

| GRAAD 2: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>30 minute per week |
| **INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**<br>***Skryfaktiwiteite (twee of drie maal per week)***<br>Onderwysers moet soveel moontlike aktiwiteite vir die beskikbare tyd kies.<br>• Maak gebruik van handskrifvaardighede wat reeds in Huistaal aangeleer is.<br>• Skryf sinne en maak gebruik van klanke en sigwoorde wat reeds onderrig is.<br>• Skryf bekende woorde en sinne wat deur die onderwyser gedikteer word.<br>• Orden sinne in die regte volgorde, en skryf dit neer om ‘n paragraaf te vorm.<br>• Skryf ‘n paragraaf van ten minste drie sinne oor ‘n bekende onderwerp.<br>• Organiseer inligting in ‘n eenvoudige, grafiese voorstelling, byvoorbeeld ‘n tabel of ‘n tydlyn.<br>• Gebruik selfstandige en voornaamwoorde in skryfwerk.<br>• Maak gebruik van die teenwoordige en verlede tyd in skryfwerk.<br>• Gebruik meervoude van bekende woorde.<br>• Spel woorde korrek uit die kop uit, byvoorbeeld: *vriende, baie, groot*, of deur klankkennis te gebruik, byvoorbeeld: *kaas, plaas, raas*.<br>• Gebruik ’n kinderwoordeboek indien nodig.<br>• Gebruik leestekens wat reeds in Huistaal onderrig is.<br>• Leerders bou hul eie woordbank en persoonlike woordeboek op. | |
| **ASSESSERING**<br>**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**<br>**Skryf (geskrewe)**<br>• Skryf vyf sinne met korrekte leestekens wat deur die onderwyser gedikteer word.<br>• Orden sinne in die regte volgorde en skryf dit neer om ‘n paragraaf te vorm.<br>**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 5**<br>**Skryf (geskrewe)**<br>• Skryf ‘n paragraaf van ten minste drie sinne oor ‘n bekende onderwerp.<br>• Organiseer inligting in ‘n eenvoudige grafiese voorstelling, byvoorbeeld ‘n tabel of ‘n tydlyn. | |

## VOORGESTELDE TEKSTE / LEERMATERIAAL VIR DIE JAAR

**LUISTER EN PRAAT**

- Prente
- Plakkate
- Werklike voorwerpe wat op die temas van toepassing is
- Rekwisiete vir toneel- en rolspel van die stories, byvoorbeeld maskers, fantasieklere, voorwerpe
- Prente vir volgorde
- CD-speler / bandspeler, CD's of kassette met stories, gedigte, rympies, liedjies
- CD's, DVD's en televisieprogramme
- Storieboeke / Mondelinge stories
- Gedigte, liedjies en rympies
- Taalspeletjies (mondeling)

**LEES EN KLANKE**

- Prente en plakkate
- Grootboeke (gekoop of tuisgemaak)
- Aanbevole leesreekse (7 - 10 stories)
- Vergrote teks (gediggies, rympie en liedjies)
- Prenteboeke met onderskrifte
- Fantasieklere vir rolspel en dramatisering
- Flitskaarte vir die klaskameritems, uitstallings en sigwoorde
- Alfabetkaarte
- Wysers vir gebruik tydens die lees van vergrote tekste, muurstories en uitstallings
- Kinderwoordeboeke (een- en tweetalig)

**SKRYF EN HANDSKRIF**

- Skryfmateriaal, byvoorbeeld potlode, inkleurkryt, vetkryte, blanko papier in verskillende groottes (A3, A4, A5), blanko boeke
- Blaaiborde en dik koki-penne

## 3.3 Graad 3

| AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL<br>GRAAD 3<br>VEREISTES PER KWARTAAL | |
|---|---|
| KWARTAAL 1 | |
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOOFGESTELDE KONTAKTYD**<br>1 uur per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

***Week 1 - 5***

Onderwysers kies twee temas wat hulle in staat sal stel om woordeskat uit te brei en in te skerp, asook om die aktiwiteite wat hieronder gelys is, te dek. Let daarop dat die voorgestelde temas slegs voorstelle is. Onderwysers kan hul eie temas kies, afhangend van die inhoud en beskikbare hulpmiddels. Hulle moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke, muurprente, rympies, liedjies, speletjies en voorwerpe het vir die tema wat hulle gekies het. Onderwysers moet soveel moontlike aktiwiteite gedurende die beskikbare tyd dek.

Om leerders te assesseer, maak onderwysers van die informele assesseringsaktiwiteite gebruik, wat in week 1 - 5 voorgestel is.

***Week 6 - 10***

Onderwysers kies twee nuwe temas wat hulle in staat sal stel om voort te bou op dit wat hulle die eerste vyf weke gedoen het. Die temas moet deurgaans die onderwyser in staat stel om eenvoudige, basiese taalstrukture te vestig, terwyl daar met die leerders in die Eerste Addisionele Taal gekommunikeer word.

Indien dit moontlik is, moet die onderwyser seker maak dat al die aktiwiteite meer as een keer gedek word. Leerders word geassesseer deur van die informele assesseringsaktiwiteite gebruik te maak wat vir week 6 - 10 voorgestel is. ‘n Formele assesseringsaktiwiteit moet aan die einde van die kwartaal gedoen word.

***Daaglikse aktiwiteite (30 minute per week)***

Die lengte van die aktiwiteite kan varieer. Die onderwyser kan een lang aktiwiteit, of twee of drie kortes per week doen.

- Ontwikkel mondelinge (luister en praat) woordeskat deur van onderwerpe en temas soos *Wilde diere* gebruik te maak.
- Volg instruksies, byvoorbeeld: *Haal jul skryfboeke en potlode uit. Skryf die datum aan die regterkant van die bladsy*.
- Gee eenvoudige instruksies, byvoorbeeld: *Hou my hand vas*.
- Verstaan en reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Wanneer? Wie? Waar? Waar het jy ‘n sebra gesien? Wanneer het jy dit gesien?*
- Stel vrae om duidelikheid te kry, byvoorbeeld: *Ek verstaan nie. Herhaal dit asseblief.*
- Stel versoeke en reageer daarop, byvoorbeeld: *Mag ek asseblief die woordeboek gebruik?*
- Neem aan ‘n kort gesprek oor ‘n bekende onderwerp deel, byvoorbeeld: *Die weer, My gesin*.
- Identifiseer ‘n voorwerp deur ‘n eenvoudige mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Ek is ‘n baie groot dier. Ek is vaal. My vel is skurf. Ek het skerp tande en ‘n lang slurp. Wat is ek?*
- Praat oor ‘n voorwerp op prente of foto’s en reageer op die onderwyser se instruksies, byvoorbeeld: *Wat sien jy op die foto? Vertel vir my meer van wat jy sien.*
- Luister na ‘n eenvoudige vertelling, byvoorbeeld na die onderwyser wat van ‘n besoek aan die dieretuin vertel.
- Onderwyser help leerders om vertelling te lewer, byvoorbeeld wanneer die leerder vertel van iets wat hy / sy gedoen het.
- Verstaan en gebruik taalstrukture in konteks, byvoorbeeld: *Ek het ‘n kameelperd gesien.*
- Memoriseer en dra eenvoudige gediggies, aksierympies en liedjies voor.

- Speel taalspeletjies, byvoorbeeld: *Raai wie is ek …*

***Gefokusde luister en praataktiwiteite (30 minute per week)***

***Luister na stories en lees dit voor (gedeelde lees)***

***Die onderwyser lees twee maal per week 'n storie (of 'n reeks gebeure) voor. Stories wat gelees word, kan deur gebare en toneelbenodighede gedramatiseer word om die betekenis van die storie duidelik verstaanbaar te maak. Die stories moet uit Grootboeke of illustrasies op plakkate gelees word, sodat al die leerders die prente kan sien.***

- Luister na kort stories, persoonlike vertellings of niefiksie-tekste, byvoorbeeld: feitelike vertellings, instruksies, inligtingsverslae wat vertel of uit Grootboeke of geïllustreerde muurkaarte vir leerders voorgelees word om te geniet.
- Luister na persoonlike vertellings en stories, byvoorbeeld: *Hoe kameelperd sy lang nek gekry het* en beantwoord begripsvrae, soos: *Hoe het kameelperd sy lang nek gekry?*
- Voorspel wat volgende gaan gebeur, byvoorbeeld: *Wat dink jy gaan nou met die kameelperd gebeur?*
- Druk gevoelens oor die storie uit: *Het jy van die storie gehou? Hoekom? Hoekom nie?*
- Vertel die storie oor
- Luister na niefiksie-tektse soos feitelike weergawe of inligtingsverslag oor olifante en beantwoord begripsvrae, soos *Wat eet 'n olifant? Waarvoor word die slurp gebruik?*

***Ontwikkeling van konsepte, woordeskat en taalstrukture***

Om aan bogenoemde aktiwiteite deel te neem, word …

- woordeskat en kontekstuele woordeskat uitgebrei, byvoorbeeld: *diere - fisiese voorkoms, habitat,* ensovoorts; en
- die gebruik van eenvoudige taalstrukture in die konteks van gesproke taal verstaan en ontwikkel, byvoorbeeld selfstandige naamwoorde, lidwoorde (*'n* en *die*), en die teenwoordige en verlede tyd.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

**Week 1 - 5**

- Verstaan 'n verskeidenheid vraagvorme, byvoorbeeld: *Waar*? *Wanneer*? en *Hoekom*?
- Identifiseer 'n voorwerp na aanleiding van 'n eenvoudige beskrywing, byvoorbeeld: *Ek is 'n lang dier. Ek het 'n lang nek. Ek eet blare. Wie is ek?*

**Week 6 - 10**

- Vertel 'n storie mondelings oor
- Neem deel aan 'n bespreking oor 'n bekende onderwerp

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na niefiksie-tekste, byvoorbeeld feitelike gebeure of feitelike vertellings, en beantwoord begripsvrae mondeling.
- Maak 'n opsomming van 3 tot 4 sinne van 'n niefiksie-teks.
- Toon begrip van woordeskat deur na voorwerpe in die klas of op prente te wys, en reageer op vrae / instruksies van die onderwyser, byvoorbeeld: *Wat is dit? Wys na die olifant se slurp*.

| GRAAD 3: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur per week<br>Maksimum tyd: 1 uur 30 minute per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

***Klanke (15 minute per week)***

***Hersien enkelklanke en sommige tweeklanke deur gebruik te maak van hoëfrekwensie woorde wat die leerder reeds ken. Verseker dat leerders die betekenis van nuwe woorde ken en dit in 'n sin kan toepas. Leerders gebruik luisteraktiwiteite om die begin- en eindklanke van woorde wat hulle reeds in die Eerste Addisionele Taal ken, te identifiseer. Daar kan een klankkombinasie per week uit die voorbeelde aangeleer word. Hierdie aktiwiteite duur ongeveer 5 - 10 minute en word oor die week versprei. Dit kan ook met luister-, praat- en leesaktiwiteite geïntegreer word.***

**Week 1 - 5**

- Identifiseer die letter-klank-verhouding van alle enkelklanke en herken uitspraakverskille tussen die huistaal en die addisionele taal.
- Herken tweekonsonantkombinasies, byvoorbeeld: *sk-, br-, fr-, pl-* aan die begin van woorde - *sk- ip , br-ug, fr-is, pl-uk*.
- Bou en klank drie- tot vierletterwoorde met klanke wat reeds bemeester is.

**Week 6 - 10**

- Herken tweekonsonantkombinasies, byvoorbeeld: *-lf, -nt, -rk, -rs* aan die einde van woorde - *wo-lf, se-nt, vu-rk, ke-rs*.
- Herken tweevokaalklanke, byvoorbeeld: *oe (boek); ie (dier)*.
- Bou en klank drie- tot vierletterwoorde met klanke wat reeds bemeester is.

***Gedeelde lees (vorm deel van luister en praat)***

***Gedeelde lees is 'n lees- en luisteraktiwiteit. Dit sluit ook praat in aangesien leerders met hul onderwyser oor die teks gesels. Gedeelde lees word in Graad 3 voortgesit, maar vorm deel van luister en praat.***

- Lees saam met die onderwyser 'n kort storie uit 'n Grootboek en gebruik die titel om te voorspel wat in die storie gaan gebeur.
- Beantwoord vrae oor die storie, byvoorbeeld: *Wat het die seun by die skool gedoen?*
- Elke leerder beskryf hoe die storie hom / haar laat voel.

***Groepbegeleide lees (minimum 45 minute maksimum 1 uur 15 minute per week)***

***Onderwysers wat van die maksimum tydstoekenning vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak, moet hul klas in vyf groepe verdeel, elke groep op dieselfde leesvlak. Leerders behoort gegradeerde leesreekse te gebruik en daar moet seker gemaak word dat elke groep tekste het wat op die voorgestelde vlak is, byvoorbeeld woordherkenning tussen 90% en 95%. Werk vir 15 minute per dag slegs met een groep. Terwyl die onderwyser met een groep besig is, hou die ander groepe hulle met lees in pare of selfstandige lees besig, of hulle doen aktiwiteite wat op die teks betrekking het.***

***Onderwysers wat van die minimum tydstoekenning vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak, kan 3 maal per week klasbegeleide lees doen.***

- Lees saam met die onderwyser stories **-** die hele groep lees dieselfde storie.
- Maak van dieselfde leestegnieke gebruik wat in Huistaal aangeleer is (klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise, sigwoorde).

- Lees hardop met toenemende vlotheid en uitdrukking.
- Toon begrip vir leestekens (punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens en aanhalingstekens) tydens hardoplees.
- Gaan voort om sigwoordeskat op te bou deur groepbegeleide, gedeelde en selfstandige lees.

***Selfstandige lees (gedurende leerders se vrye tyd by die skool en tuis)***

***Leerders moet aangemoedig word om selfstandig te lees in hul Eerste Addisionele Taal-periode, byvoorbeeld wanneer hulle voor ander leerders hul skriftelike werk voltooi het en by die huis (vir huiswerk). Dit is belangrik dat leerders elke geleentheid in die klas gebruik om hul lees te ontwikkel.***

- Lees eie en ander se skryfwerk.
- Lees boeke wat tydens groepbegeleide leessessies gelees is, en boeke met eenvoudige onderskrifte en prentstorieboeke in die leeshoekie.
- Lees bekende gedigte en rympies.
- Maak van een- en tweetalige kinderprentwoordeboeke gebruik om die betekenis van onbekende woorde na te slaan.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Klanke (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Bou en klank kort (drieletter- en vierletter-) woorde deur die aangeleerde klanke te gebruik

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Klanke (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Identifiseer die letter-klank-verhouding van alle enkelklanke en herken uitspraakverskille tussen die huistaal en eerste addisionele taal.
- Herken tweekonsonantkombinasies, byvoorbeeld: *sk- , br- ,fr- , pl-* aan die begin van woorde - ***sk-** ip , **br**-ug, **fr**-is, **pl**-uk*.
- Herken tweekonsonantkombinasies, byvoorbeeld: *-lf, - nt, -rk, -rs* aan die einde van woorde **-** *wo-**lf,** se-**nt**, vu-**rk**, ke-**rs***.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

*Gedeelde lees*

- Lees saam met die onderwyser ‘n kort storie uit ‘n Grootboek of ‘n ander teks en gebruik die titel om te voorspel wat in die storie gaan gebeur.
- Beantwoord vrae oor ‘n storie, byvoorbeeld: *Wat het die seun by die skool gedoen?*

*Groepbegeleide lees*

- Toon begrip en vlotheid wanneer die leerder op sy leesvlak, saam met die onderwyser lees.

*Selfstandige lees*

- Toon begrip en vlotheid wanneer leerder selfstandig lees.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

*Gedeelde lees*

- Vertel ‘n storie, of som ‘n niefiksie-teks op.

*Groepbegeleide lees*

- Lees in groepe saam met die onderwyser.
- Gebruik sigwoorde, klanke en begripsvaardighede om die teks te verstaan.

| GRAAD 3: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **SKRYF**<br>**TAALSTRUKTUUR** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>**Skryf**<br>Minimum tyd: 30 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week<br>**Taalstruktuur**: 30 minute per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

**Skryfaktiwiteite (minimum 30 minute per week, maksimum 1 uur per week)**

***Een of twee skryfaktiwiteite as maksimum tyd gebruik word, en een aktiwiteit wanneer minimum tyd gebruik word.***

- Maak gebruik van handskrifvaardighede wat reeds in Huistaal aangeleer is.
- Maak langer en moeiliker lyste met opskrifte, byvoorbeeld: *Wilde diere: olifante, kameelperde, leeus, sebras*.
- Skryf eenvoudige tekste, byvoorbeeld 'n verjaardagkaartjie.
- Skryf, met hulp, 'n eenvoudige stel instruksies, byvoorbeeld 'n resep.
- Skryf 'n paragraaf van 4 - 6 sinne oor 'n bekende onderwerp.
- Gebruik die skryfproses (beplan, skryf, redigeer en bied aan).
- Gebruik leestekens wat reeds in Huistaal aangeleer is.
- Spel algemene woorde korrek en probeer onbekende woorde gebruik deur van klankkennis gebruik te maak.
- Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek op.
- Gebruik een- en tweetalige kinderwoordeboeke.

**Taalstruktuuraktiwiteite (30 minute per week)**

***Gedurende hierdie aktiwiteite sal leerders op Taalstruktuur fokus. Taal moet in 'n betekenisvolle konteks onderrig word.***

- Verstaan en gebruik die teenwoordige tyd.
- Verstaan en gebruik werkwoordtye en besitlike voornaamwoorde.
- Hersien Taalstruktuure wat informeel in Graad 1 - 2 gebruik is.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Skryfwerk (geskrewe)**

- Skryf, met hulp van die onderwyser, eenvoudige instruksies.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Skryfwerk (geskrewe)**

- Skryf 'n paragraaf van ongeveer 4 - 6 sinne oor 'n bekende onderwerp.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Taalstruktuur (geskrewe)**

- Skryf betekenisvolle onderskrifte vir prente deur van 'n skryfraam gebruik te maak, byvoorbeeld: *Daar is ….*
- Skryf sinne deur van besitlike voornaamwoorde gebruik te maak.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Skryfwerk (geskrewe)**

- Skryf betekenisvolle sinne in die teenwoordige tyd.

| GRAAD 3: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| LUISTER EN PRAAT (MONDELING) | VOORGESTELDE KONTAKTYD<br>1 uur per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

***Week 1 - 5***

Onderwysers kies twee temas wat hulle in staat sal stel om woordeskat uit te brei en in te skerp, asook om die aktiwiteite wat onder gelys, te dek. Let daarop dat die voorgestelde temas slegs voorstelle is. Onderwysers kan hul eie temas kies, afhangend van inhoud en beskikbare hulpmiddels. Hulle moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke, muurprente, rympies, liedjies, speletjies en voorwerpe het vir die tema wat hulle gekies het. Onderwysers moet soveel moontlik aktiwiteite gedurende die beskikbare tyd dek.

Om leerders te assesseer, maak die onderwyser van die informele assesseringsaktiwiteite gebruik wat vir week 1 - 5 voorgestel is.

***Week 6 - 10***

Onderwysers kies twee nuwe temas wat hulle in staat sal stel om voort te bou op dit wat hulle die eerste vyf weke gedoen het. Die temas kan nou weer herhaal word en aangeleerde woordeskat moet ingeskerp word. Die temas moet die onderwyser deurgaans in staat stel om eenvoudige, basiese taalstrukture te gebruik, terwyl daar met die leerders in Eerste Addisionele Taal gekommunikeer word.

Onderwysers moet seker maak dat al die aktiwiteite, indien moontlik, meer as een keer gedek word. Leerders moet geassesseer word deur van die informele assesseringsaktiwiteite gebruik te maak wat vir week 6 - 10 voorgestel is. ‘n Formele assesseringsaktiwiteit moet aan die einde van die kwartaal gedoen word.

***Daaglikse aktiwiteite (30 minute per week)***

Die aktiwiteite varieer in lengte. Die onderwyser kan een maal per week een lang aktiwiteit, of twee of drie kortes doen.

- Ontwikkel woordeskat deur van onderwerpe en temas, soos *Dinge wat groei*, gebruik te maak.
- Volg instruksies, byvoorbeeld: *Plaas grond in die pot. Plaas die saad in die grond. Maak die saad met ‘n bietjie grond toe. Gooi water op die saad*.
- Gee eenvoudige instruksies, byvoorbeeld: *Maak die saad met water nat*.
- Verstaan en reageer op eenvoudige vrae soos: *Wanneer? Waarom? Wat? Wat dink jy sal die saad word wanneer dit groei?*
- Stel vrae om duidelikheid te kry, byvoorbeeld: *Ek verstaan nie. Herhaal dit asseblief.*
- Stel versoeke en reageer daarop, byvoorbeeld: *Mag ek asseblief die woordeboek gebruik?*
- Neem aan ‘n kort gesprek oor ‘n bekende onderwerp deel, byvoorbeeld: *My vriende en wat ons graag doen*.
- Identifiseer ‘n voorwerp deur eenvoudige mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Ek is klein en hard. As jy my in die grond sit en water gee, groei ek. Wat is ek?*
- Praat oor ‘n voorwerp op prente of in foto’s en reageer op die onderwyser se instruksies, byvoorbeeld: *Wat sien jy op die foto? Vertel vir my meer van wat jy sien.*
- Luister na ‘n eenvoudige vertelling, byvoorbeeld die onderwyser wat vertel hoe ‘n plant groei: *Ek plaas grond in die pot. Dan plant ek die saad in die grond. Daarna maak ek dit nat. Nou neem ek waar hoe my plant groei.*
- Lewer ‘n eenvoudige vertelling, byvoorbeeld die leerder vertel hoe hy / sy saad geplant het.

- Verstaan en gebruik taalstrukture in konteks, byvoorbeeld die verlede tyd: *Ek het saad geplant*, en voorsetsels: *Ek plant die saad in die grond*.
- Memoriseer en dra eenvoudige gediggies, aksierympies en liedjies voor.
- Speel taalspeletjies, byvoorbeeld: *Ek sien iets wat met … begin*.

***Gefokusde luister- en praataktiwiteite (30 minute per week)***

***Luister na stories en lees dit voor (gedeelde lees).***

***Onderwyser lees twee maal per week 'n storie of 'n reeks gebeure voor. Stories kan deur gebare en toneelbenodighede gedramatiseer word om die betekenis van die storie duidelik verstaanbaar te maak. Die stories moet uit Grootboeke of illustrasies op plakkate gelees word, sodat al die leerders die prente kan sien.***

- Luister na kort stories, persoonlike verslae of niefiksie-boeke, byvoorbeeld feitelike verslae, instruksies, inligtingsverslae wat vir genot uit Grootboeke of geïllustreerde muurkaarte voorgelees word.
- Luister na stories en persoonlike verslae en beantwoord begripsvrae.
- Voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur, byvoorbeeld: *Wat dink jy gaan nou gebeur?*
- Druk gevoelens oor die storie uit: *Het jy van die storie gehou? Hoekom? Hoekom nie*?
- Vertel die storie oor
- Luister na niefiksie-tekste soos 'n feitelike weergawe of inligtingsverslag en beantwoord begripsvrae, soos *Wat het 'n plant nodig om te groei?*

***Ontwikkeling van konsepte, woordeskat en taalstrukture***

Om aan bogenoemde aktiwiteite deel te neem, word …

- kontekstuele woordeskat wat byvoorbeeld in 'n tema soos *Lewensiklusse* voorkom, uitgebrei; en
- die gebruik van eenvoudige taalstrukture in die konteks van gesproke taal ontwikkel, byvoorbeeld ten opsigte van selfstandige naamwoorde, lidwoorde (*'n* en *die*) en voorsetsels (*Die mot verander <u>in</u> 'n papie*).

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

**Week 1 - 5**

- Praat oor 'n prent of foto.
- Neem aan kort gesprekke oor 'n bekende onderwerp deel.

**Week 6 - 10**

- Luister na 'n eenvoudige mondelinge vertelling.
- Gee 'n eenvoudige mondelinge vertelling.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na 'n niefiksie-teks en beantwoord begripsvrae mondeling.
- Verstaan woordeskat deur na voorwerpe in die klas of in prente te wys en reageer op vrae / instruksies van die onderwyser, byvoorbeeld: *Wat is hierdie? Wys na die wortels van die plant.*

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 2**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na 'n storie en vertel dit oor.
- Verstaan woordeskat deur na voorwerpe in die klas of in prente te wys en reageer op vrae / instruksies van die onderwyser, byvoorbeeld: *Wat is hierdie? Wys na die wortels van die plant.*

| GRAAD 3: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur per week<br>Maksimum tyd: 1 uur 30 minute per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

***Klanke (15 minute per week)***

***Hersien enkelklanke en sommige tweeklanke deur van hoëfrekwensie woorde wat die leerder reeds ken, gebruik te maak. Verseker dat leerders die betekenis van nuwe woorde ken en dit in 'n sin kan toepas. Leerders gebruik luisteraktiwiteite om die begin- en eindklanke van woorde in Eerste Addisionele Taal wat hulle reeds ken, te identifiseer. Daar kan uit die voorbeelde een klankkombinasie per week aangeleer word. Hierdie aktiwiteite duur ongeveer 5 - 10 minute en is oor die week versprei. Dit kan ook met luister-, praat- en leesaktiwiteite geïntegreer word.***

***Week 1 - 5***

- Herken ten minste drie nuwe tweevokaalkombinasies, byvoorbeeld: *eu* in *neus*.
- Bou en klank woorde met klanke wat reeds aangeleer is.

***Week 6 - 10***

- Herken tweekonsonantkombinasies soos die volgende: *-lf, - nt, -rk, -rs* aan die einde van woorde - *wo-lf, se-nt, vu-rk, ke-rs*.
- Herken rymklanke, byvoorbeeld: *bly, gly, ry, vy, sy*.
- Bou en klank woorde met klanke wat reeds aangeleer is.

***Gedeelde lees (vorm deel van luister en praat)***

***Gedeelde lees is 'n lees- en luisteraktiwiteit. Dit sluit ook praat in aangesien leerders met hul onderwyser oor die teks gesels. Gedeelde lees gaan voort in Graad 3, maar is deel van luister en praat.***

- Lees 'n kort storie (Grootboek) saam met die onderwyser en gebruik die titel om te voorspel wat in die storie gaan gebeur.
- Beantwoord vrae oor die storie, byvoorbeeld: *Wat het die seun by die skool gedoen?*
- Elke leerder beskryf hoe die storie hom / haar laat voel.

***Groepbegeleide lees (minimum 45 minute, maksimum 1 uur 15 minute per week)***

***Onderwysers wat van die maksimum tydstoekenning vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak, moet hul klas in vyf groepe verdeel, elke groep op dieselfde leesvlak. Leerders behoort gegradeerde leesreekse te gebruik, en maak seker dat elke groep tekste het wat op die voorgestelde vlak is (woordherkenning tussen 90% - 95% ). Werk vir 15 minute per dag slegs met een groep. Terwyl die onderwyser met een groep besig is, hou ander groepe hulle met lees in pare of selfstandige lees besig of doen aktiwiteite wat op die teks betrekking het.***

***Onderwysers wat gebruik maak van die minimum tydstoekenning vir Eerste Addisionele Taal kan drie maal per week klasbegeleide lees doen.***

- Lees saam met die onderwyser stories **-** die hele groep lees dieselfde storie.
- Maak van dieselfde leestegnieke gebruik wat in Huistaal aangeleer is (klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise, sigwoorde).
- Lees hardop met toenemende vlotheid en uitdrukking.

- Toon begrip vir leestekens tydens hardoplees.
- Gaan voort om sigwoordeskat op te bou deur groepbegeleide, gedeelde en selfstandige lees.

***Selfstandige lees (gedurende leerders se vrye tyd by die skool en tuis)***

***Leerders moet aangemoedig word om selfstandig te lees in hul Eerste Addisionele Taal-periode, byvoorbeeld wanneer hulle voor ander leerders hul skriftelike werk voltooi het, of wanneer die onderwyser groepbegeleide lees doen, asook by die huis (vir huiswerk). Dit is belangrik dat leerders elke geleentheid in die klas sal gebruik om hul lees te ontwikkel.***

- Lees eie en ander se skryfwerk.
- Lees bekende gedigte en rympies.
- Lees boeke wat tydens groepbegeleide leessessies gelees is, en boeke met eenvoudige onderskrifte en prentstorieboeke in die leeshoekie.
- Maak van een- en tweetalige kinderprentwoordeboeke gebruik om die betekenis van onbekende woorde na te slaan.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Klanke (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Onderskei tussen die lang vokaalklanke, soos: *boot, muur, kaas, lees*; en kort vokaalklanke soos: *kas, bos, les*.

**Voorgestelde formele assesseringaktiwiteit 2**

**Klanke (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Herken vokaalklanke wat uit twee letters bestaan, soos in *m**oe**t, d**eu**r*; en in diftonge soos ***ou, ei, ui.***

**Voorgestelde formele assesseringaktiwiteit 3**

**Klanke (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Herken tweekonsonantkombinasies aan die begin van woorde, soos: ***fl**es, **kr**ap, **pl**uk, **pr**uim*.
- Bou en klank woorde wat geleer is.

**Voorstelle vir informele assesseringaktiwiteite**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

*Gedeelde lees*

- Beantwoord kort mondelinge vrae oor die teks.
- Vertel dele van die storie oor, met die onderwyser se hulp.

*Groepbegeleide lees*

- Toon begrip en vlotheid tydens lees wanneer saam met die onderwyser gelees word.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteite**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

*Gedeelde lees*

- Beantwoord vrae oor die storie of niefiksie-teks, byvoorbeeld: *Wat is die eerste ding wat met die boontjiesaad gebeur het?*

*Groepbegleide lees*

- Toon begrip en vlotheid wanneer saam met die onderwyser gelees word.

*Lees in pare / Selfstandige lees*

- Toon begrip en vlotheid wanneer daar selfstandig gelees word.

| GRAAD 3: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **SKRYF**<br><br>**TAALSTRUKTUUR** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>**Skryf**<br>Minimum tyd: 30 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week<br>**Taalstruktuur**: 30 minute per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

***Skryfaktiwiteite (minimum 30 minute, maksimum 1 uur per week)***

***Een of twee skryfaktiwiteite wanneer maksimum tyd gebruik word en een aktiwiteit wanneer minimum tyd gebruik word.***

- Maak gebruik van handskrifvaardighede wat reeds in Huistaal aangeleer is.
- Maak langer en moeiliker lyste met opskrifte, byvoorbeeld: *Dinge wat plante nodig het: water, grond, lug, sonlig*.
- Skryf, met hulp, ‘n eenvoudige stel instruksies, byvoorbeeld: *Hoe groei ‘n plant?*
- Organiseer inligting met behulp van ‘n diagram, tabel of staafgrafiek, byvoorbeeld die lewensiklus van ‘n plant.
- Skryf ‘n paragraaf van 4 - 6 sinne oor ‘n bekende onderwerp.
- Gebruik die skryfproses (beplan, skryf, redigeer en bied aan).
- Gebruik leestekens (punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens en aanhalingstekens) wat reeds in Huistaal aangeleer is.
- Spel algemene woorde korrek en probeer onbekende woorde gebruik deur van klankkennis gebruik te maak.
- Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek op.
- Gebruik een- en tweetalige kinderwoordeboeke.

**Taalstruktuuraktiwiteite (30 minute per week)**

**Gedurende hierdie aktiwiteite sal leerders begin om op taalstruktuur te fokus. Taalstruktuur moet in ‘n betekenisvolle konteks onderrig word.**

- Hersien selfstandige naamwoorde.
- Hersien taalstrukture wat informeel in Graad 1 **-** 2 gebruik is.

**ASSESSERING**

**Voorstel vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Skryfwerk (geskrewe)**

- Organiseer inligting op ‘n diagram, tabel of grafiek.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 2**

**Skryfwerk (geskrewe)**

- Skryf ‘n paragraaf van 6 - 8 sinne oor ‘n bekende onderwerp.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 3**

**Skryfwerk (geskrewe)**

- Skryf, met hulp van die onderwyser, eenvoudige instruksies: *Hoe om saad te plant.*

**Voorstel vir informele assesseringsaktiwiteit**

**Taalstruktuur (geskrewe)**

- Skryf betekenisvolle sinne deur van selfstandige naamwoorde gebruik te maak.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 2**

**Taalstruktuur (geskrewe)**

- Voltooi sinne deur voorsetsels in te vul.

| GRAAD 3: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| LUISTER EN PRAAT (MONDELING) | VOORGESTELDE KONTAKTYD<br>1 uur per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

***Week 1 - 5***

Onderwysers kies twee temas wat hulle in staat sal stel om woordeskat uit te brei en in te skerp, asook om die aktiwiteite hieronder gelys, te dek. Let daarop dat die voorgestelde temas slegs voorstelle is. Onderwysers kan hul eie temas kies, afhangend van inhoud en beskikbare hulpmiddels. Hulle moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke, muurprente, rympies, liedjies, speletjies en voorwerpe het vir die tema wat hulle gekies het. Onderwysers moet soveel moontlike aktiwiteite gedurende die beskikbare tyd probeer dek.

Om leerders te assesseer, maak die onderwyser van die informele assesseringsaktiwiteite gebruik wat vir week 1 - 5 voorgestel is.

***Week 6 - 10***

Onderwysers kies twee nuwe temas wat hulle in staat sal stel om voort te bou op dit wat hulle die eerste vyf weke gedoen het. Die temas moet deurgaans die onderwyser in staat stel om eenvoudige, basiese taalstrukture te vestig, terwyl daar met die leerders in Eerste Addisionele Taal gekommunikeer word.

Indien dit moontlik is, moet die onderwyser seker maak dat al die aktiwiteite meer as een keer gedek word. Leerders word geassesseer deur van die informele assesseringsaktiwiteite gebruik te maak wat vir week 6 - 10 voorgestel is. ‘n Formele assesseringsaktiwiteit moet aan die einde van die kwartaal gedoen word.

***Daaglikse aktiwiteite (30 minute per week)***

- Ontwikkel ‘n mondelinge (luister en praat) woordeskat deur van onderwerpe en temas, soos *Ons maak dinge*, gebruik te maak.
- Volg instruksies, byvoorbeeld: *Jy het papier, ‘n skêr, inkleurpotlode en wol nodig om ‘n masker te maak. Teken eers die gesig. Dan …*
- Gee eenvoudige instruksies, byvoorbeeld: *Kleur die masker geel in*.
- Verstaan en reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Wanneer? Waarom? Hoe? Hoe maak jy ‘n masker?*
- Stel vrae om duidelikheid te kry, byvoorbeeld: *Ek verstaan nie. Herhaal dit asseblief*.
- Stel versoeke en reageer daarop, byvoorbeeld: *Mag ek asseblief die woordeboek gebruik?*
- Neem aan ‘n kort gesprek oor ‘n bekende onderwerp deel, byvoorbeeld: *Wat gebeur in ons gemeenskap?*
- Identifiseer ‘n voorwerp deur ‘n eenvoudige mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Plaas prente in die korrekte volgorde van hoe jy ‘n masker maak.*
- Praat oor ‘n voorwerp op prente of in foto’s en reageer op die onderwyser se instruksies, byvoorbeeld: *Wat sien jy op die foto? Vertel vir my meer van wat jy sien.*
- Luister na ‘n eenvoudige vertelling, byvoorbeeld die onderwyser wat vertel hoe hy of sy ‘n masker maak: *Ek teken eers die gesig. Dan teken ek die oë, neus en ‘n mond.*
- Die onderwyser help leerders om te vertel, byvoorbeeld vertel hoe hy of sy ‘n masker gemaak het.
- Verstaan en gebruik taalstrukture in konteks, byvoorbeeld beskrywende voornaamwoorde.
- Memoriseer en dra eenvoudige gediggies, aksierympies en liedjies voor.
- Speel taalspeletjies, byvoorbeeld: *Ek sien iets wat met … begin*.

***Gefokusde luister- en praataktiwiteite (30 minute per week)***

***Luister na stories en lees dit voor (gedeelde lees).***

***Onderwysers lees twee maal per week 'n storie voor, of 'n reeks gebeure kan weergegee word. Stories kan deur gebare en toneelbenodighede gedramatiseer word om die betekenis van die storie duidelik verstaanbaar te maak. Die stories moet uit Grootboeke of illustrasies op plakkate gelees word, sodat al die leerders die prente kan sien.***

- Luister vir genot na kort stories, persoonlike vertellings of niefiksie-tekste, byvoorbeeld feitelike vertellings, instruksies, stories uit Grootboeke of geïllustreerde muurkaarte of prente.
- Luister na stories en persoonlike vertellings en beantwoord begripsvrae.
- Voorspel wat volgende in die storie of persoonlike vertellings gaan gebeur, byvoorbeeld: *Wat dink jy gaan nou gebeur?*
- Vertel die storie oor.
- Luister na niefiksie soos 'n prosedureteks, byvoorbeeld hoe om 'n masker te maak, en beantwoord begripsvrae, byvoorbeeld: *Wat het jy nodig om 'n masker te maak?*
- Druk gevoelens oor die storie uit: *Het jy van die storie gehou? Hoekom? Hoekom nie?*
- Die onderwyser help leerders om 'n opsomming van 'n niefiksie-teks te maak.

***Ontwikkeling van konsepte, woordeskat***

Om aan bogenoemde aktiwiteite deel te neem, word …

- mondelinge en kontekstuele woordeskat oor 'n tema, soos *Lewensiklusse* uitgebrei; en
- die gebruik van eenvoudige taalstrukture in die konteks van gesproke taal ontwikkel en uitgebrei deur, byvoorbeeld selfstandige naamwoorde, lidwoorde, voorsetsels en beskrywende voornaamwoorde.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

**Week 1 - 5**

- Gee en volg instruksies.

**Week 6 - 10**

- Luister na kort, mondelinge vertellings.
- Lewer 'n kort, mondelinge vertelling.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 4**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na 'n storie en beantwoord vrae mondeling.
- Vertel 'n storie oor.
- Verstaan mondelinge woordeskat deur na voorwerpe in die klaskamer of in prente te wys en reageer op vrae van die onderwyser.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 5**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Gee 'n mondelinge vertelling oor onlangse gebeure.

| GRAAD 3: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| LEES EN KLANKE | VOORGESTELDE KONTAKTYD<br>1 uur 30 minute per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

***Die onderwyser stel nuwe tweevokaalklankgroepe en konsonantverbindings bekend en gebruik hoëfrekwensie woorde, of woorde wat die leerders reeds ken.***

***Verseker dat leerders die nuwe woorde se betekenis verstaan en dit in 'n sin kan gebruik. Doen luisteraktiwiteite wat die spelling- / klankverskil tussen Huistaal en Eerste Addisionele Taal duidelik maak. Hierdie aktiwiteite moet kort wees (5 - 10 minute) en oor die week versprei word. Dit kan ook met luister-, praat- en leesaktiwiteite geïntegreer word.***

***Week 1 - 5***

- Onderskei tussen verskillende mondelinge vokaalklanke, byvoorbeeld die *e* in *berge*.
- Herken ten minste vyf tweevokaalkombinasies, byvoorbeeld, *loer, dier, deur*.
- Bou en klank woorde met klanke wat die leerders reeds ken.

***Week 6 - 10***

- Herken driekonsonantkombinasies aan die begin van 'n woord, soos: ***str**and, **str**aat, **str**af, **str**eel*.
- Herken dubbelkonsonantkombinasies, byvoorbeeld: *so**mm**e, po**tt**e, ba**ll**e*.
- Bou en klank woorde met klanke wat die leerders reeds ken.

***Gedeelde lees (vorm deel van luister en praat)***

***Gedeelde lees is 'n lees- en luisteraktiwiteit. Dit sluit ook praat in aangesien leerders met hul onderwyser oor die teks gesels. Gedeelde lees word in Graad 3 voortgesit, maar vorm deel van luister en praat.***

- Lees 'n kort geskrewe teks uit 'n Grootboek of enige ander vergrote teks saam met die onderwyser. Gebruik die titel om te voorspel waaroor die storie handel.
- Beantwoord vrae oor die storie, byvoorbeeld: *Kon mense die vriendelike spokie sien?*
- Leerders beskryf hoe die storie hulle laat voel.

***Groepbegeleide lees (minimum 45 minute, maksimum 1 uur 15 minute per week)***

***Onderwysers wat van die maksimum tydstoekenning vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak, moet hul klas in vyf groepe verdeel, elke groep op dieselfde leesvlak. Leerders behoort gegradeerde leesreekse te gebruik, en maak seker dat elke groep tekste het wat op die voorgestelde vlak is (woordherkenning tussen 90% en 95% ). Werk vir 15 minute per dag slegs met een groep. Terwyl die onderwyser met een groep besig is, hou ander groepe hulle met lees in pare of selfstandige lees besig of doen aktiwiteite wat op die teks betrekking het.***

***Onderwysers wat gebruik maak van die minimum tydstoekenning vir Eerste Addisionele Taal kan drie maal per week klasbegeleide lees doen.***

- Lees hardop uit eie boek tydens groepbegeleide leessessies saam met die onderwyser **-** die hele groep lees dieselfde storie of niefiksie-teks.
- Maak van dieselfde leestegnieke gebruik wat in Huistaal aangeleer is (klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise, sigwoorde).
- Lees hardop met toenemende vlotheid en uitdrukking.
- Toon begrip vir leestekens tydens hardoplees.
- Gaan voort om sigwoordeskat op te bou deur groepbegeleide, gedeelde en selfstandige lees.

***Selfstandige lees (gedurende leerders se vrye tyd by die skool en tuis)***

***Leerders moet aangemoedig word om selfstandig te lees in hul Eerste Addisionele Taal-periode, byvoorbeeld wanneer hulle voor ander leerders hul skriftelike werk voltooi het, of wanneer die onderwyser groepbegeleide lees doen, asook by die huis (vir huiswerk). Dit is belangrik dat leerders elke geleentheid in die klas gebruik om hul lees te ontwikkel.***

- Lees eie en ander se skryfwerk.
- Lees selfstandig boeke wat tydens groepbegeleide leessessies gelees is, en boeke met eenvoudige onderskrifte en prentstorieboeke in die leeshoekie.
- Lees bekende gedigte en rympies.
- Maak van een- en tweetalige kinderprentwoordeboeke gebruik om die betekenis van onbekende woorde na te slaan.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Klanke (mondeling en /of prakties en /of geskrewe)**

- Herken verskille tussen klank-spelling-verhouding in die huistaal en die eerste addisionele taal, soos die *wa-* in *water* in Afrikaans en Engels.

**Formele assesseringsaktiwiteit 4**

**Klanke (mondeling en /of prakties en /of geskrewe)**

- Onderskei tussen verskillende klanke op gehoor.

**Formele assesseringsaktiwiteit 5**

**Klanke (mondeling en /of prakties en /of geskrewe)**

- Herken driekonsonantkombinasies aan die begin van ‘n woord, byvoorbeeld: ***str**and, **str**aat, **str**af, **str**eel*.
- Herken dubbelkonsonantkombinasies, byvoorbeeld: *mo**tt**e, ka**nn**e, ba**ll**e*.
- Bou en klank woorde met klanke wat die leerders reeds ken.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

*Gedeelde lees*

- Beantwoord kort mondelinge vrae oor die teks.
- Vertel die storie oor met hulp van die onderwyser.

*Groepbegeleide lees*

- Demonstreer begrip en vlotheid op eie leesvlak saam met die onderwyser.

**Formele assesseringsaktiwiteite 4 en 5**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

*Gedeelde lees*

- Beantwoord vrae oor die storie of die niefiksie-teks, byvoorbeeld: *Kon mense die vriendelike spokie sien? Waarom kon mense nie die vriendelike spokie sien nie?*

*Groepbegeleide lees*

- Demonstreer begrip en vlotheid op eie leesvlak saam met die onderwyser.

*Lees in pare / Selfstandige lees*

- Demonstreer begrip en vlotheid op eie leesvlak saam met die onderwyser.

| GRAAD 3: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **SKRYFWERK**<br><br>**TAALSTRUKTUUR** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br><br>**Skryfwerk**<br><br>Minimum tyd: 30 minute per week<br><br>Maksimum tyd: 1 uur per week<br><br>**Taalstruktuur:** 30 minute per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

***Skryfaktiwiteite (minimum 30 minute, maksimum 1 uur per week)***

***Een of twee hoof-skryfaktiwiteite per week as maksimum tyd gebruik word en ten minste een aktiwiteit per week as minimum tyd gebruik word***

- Maak gebruik van handskrifvaardighede wat reeds in Huistaal aangeleer is.
- Maak langer en moeiliker lyste met opskrifte, byvoorbeeld: *Dinge wat jy nodig het om 'n masker te maak*.
- Skryf 'n paragraaf van 4 - 6 sinne oor 'n bekende onderwerp.
- Organiseer inligting op 'n tabel of staafgrafiek, byvoorbeeld: *Proses om 'n masker te maak*.
- Skryf, met hulp van die onderwyser, 'n persoonlike vertelling van ervaringe, byvoorbeeld: *Gister het ek 'n masker gemaak. Ek het eers … toe het ek … Die volgende stap was om … en ek het dit afgerond deur …*
- Gebruik die skryfproses (beplan, skryf, redigeer, bied aan).
- Gebruik leestekens wat reeds in Huistaal aangeleer is (punte, kommas vraagtekens, uitroeptekens en aanhalingstekens).
- Spel algemene woorde korrek en probeer onbekende woorde gebruik deur van klankkennis gebruik te maak.
- Gebruik die verlede tyd toenemend vlot en akkuraat
- Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek op.
- Gebruik een- en tweetalige kinderwoordeboeke.

**Taalstruktuursaktiwiteite (30 minute per week)**

***In hierdie aktiwiteite begin leerders om op taal in konteks te fokus; daarom moet taal binne 'n betekenisvolle konteks onderrig word.***

- Verstaan en gebruik die verlede tyd, byvoorbeeld: *Ek het gister 'n masker gemaak.*
- Verstaan en gebruik selfstandige naamwoorde (herhaling).
- Verstaan en gebruik die lidwoorde *'n* en *die* saam met selfstandige naamwoorde, byvoorbeeld: *'n huis / die huis; water / die water*.
- Hersien van die taalstrukture wat in Graad 1 en 2 gedoen is.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Skryfwerk (geskrewe)**

- Organiseer inligting op ‘n tabel of ‘n staafgrafiek, byvoorbeeld: *Hoe om ‘n masker te maak*.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 4**

**Skryfwerk (geskrewe)**

- Skryf ‘n paragraaf van 4 - 6 sinne oor ‘n bekende onderwerp.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 5**

- Skryf ‘n persoonlike vertelling.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Taalstruktuur (geskrewe)**

- Skryf betekenisvolle sinne deur selfstandige naamwoorde korrek saam met die lidwoorde *‘n* en *die* te gebruik.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 4**

**Taalstruktuur (geskrewe)**

- Voltooi sinne deur die verlede tyd te gebruik.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 5**

**Taalstruktuur (geskrewe)**

- Skryf betekenisvolle sinne korrek in die verlede tyd.

| GRAAD 3: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>1 uur per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

***Week 1 - 5***

Onderwysers kies twee temas wat hulle in staat sal stel om woordeskat uit te brei en in te skerp, asook om die aktiwiteite hieronder gelys, te dek. Let daarop dat die voorgestelde temas slegs voorstelle is. Onderwysers kan hul eie temas kies, afhangende van inhoud en beskikbare hulpmiddels. Hulle moet seker maak dat hulle die nodige Grootboeke, muurprente, rympies, liedjies, speletjies en voorwerpe het vir die tema wat hulle gekies het. Onderwysers moet soveel moontlik aktiwiteite gedurende die beskikbare tyd probeer dek.

Om leerders te assesseer, maak die onderwyser van die informele assesseringsaktiwiteite gebruik wat vir week 1 - 5 voorgestel is.

***Week 6 - 10***

Onderwysers kies twee nuwe temas wat hulle in staat sal stel om voort te bou op dit wat hulle tydens die eerste vyf weke gedoen het. Die temas moet deurgaans die onderwyser in staat stel om eenvoudige, basiese taalstrukture te vestig, terwyl daar met die leerders in Eerste Addisionele Taal gekommunikeer word.

Indien dit moontlik is, moet die onderwyser seker maak dat al die aktiwiteite meer as een keer gedek word. Leerders word geassesseer deur van die informele assesseringsaktiwiteite gebruik te maak wat vir week 6 - 10 voorgestel is. ‘n Formele assesseringsaktiwiteit moet aan die einde van die kwartaal gedoen word.

***Daaglikse aktiwiteite (30 minute per week)***

- Ontwikkel ‘n mondelinge (luister en praat) woordeskat deur van onderwerpe en temas soos *Vervoer* gebruik te maak.
- Gee en volg instruksies.
- Verstaan en reageer op eenvoudige vrae, byvoorbeeld: *Wanneer? Waarom? Hoe? Hoe kom jy soggens by die skool?*
- Stel vrae om duidelikheid te kry, byvoorbeeld: *Wat beteken <u>vervoer</u>?*
- Rig versoeke en reageer daarop, byvoorbeeld: *Mag ek asseblief die woordeboek gebruik?*
- Neem aan ‘n kort gesprek oor ‘n bekende onderwerp deel, byvoorbeeld: *Wat gebeur in die bus op pad skool toe*?
- Identifiseer ‘n voorwerp van ’n eenvoudige mondelinge beskrywing, byvoorbeeld: *Dit is ‘n voertuig. Dit is baie groot en lank. Dit vervoer leerders van hul huise af skool toe. Wat is dit?*
- Praat oor ‘n voorwerp op prente of in foto’s en reageer op die onderwyser se instruksies, byvoorbeeld: *Vertel vir my wat jy alles in die prent sien*.
- Luister na ‘n eenvoudige vertelling, byvoorbeeld die onderwyser wat vertel hoe hy soggens sukkel om sy motor aan die gang te kry.
- Verstaan en gebruik taalstrukture in konteks.
- Memoriseer en dra eenvoudige gediggies, aksierympies en liedjies voor, byvoorbeeld: *Die wiele van die bus gaan om en om …*
- Speel taalspeletjies, byvoorbeeld ‘n kettingspeletjie: die onderwyser sê ‘n klank en wys na ‘n leerder wat aan ‘n woord moet dink wat met daardie klank begin. Die leerder sê ‘n woord en wys na ‘n ander leerder en sê ‘n klank, ens.

***Gefokusde luister en praat (30 minute per week)***

***Luister na stories wat vertel en gelees word (gedeelde lees)***

***Die onderwyser lees twee maal per week 'n storie of 'n reeks gebeure voor. Stories kan deur gebare en toneelbenodighede gedramatiseer word om die betekenis van die storie duidelik verstaanbaar te maak. Die stories moet uit Grootboeke of illustrasies op plakkate gelees word, sodat al die leerders die prente kan sien.***

- Luister vir genot na kort stories, persoonlike vertellings of niefiksie-boeke, byvoorbeeld feitelike vertellings, instruksies, of luister na stories wat uit Grootboeke of geïllustreerde muurkaarte voorgelees word.
- Luister na stories en persoonlike vertellings en beantwoord begripsvrae.
- Voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur, byvoorbeeld: *Wat dink jy gaan nou gebeur?*
- Druk gevoelens oor die storie uit: *Het jy van die storie gehou? Hoekom? Hoekom nie*?
- Vertel die storie oor met die hulp van die onderwyser.
- Luister na 'n niefiksie-teks, byvoorbeeld *Vervoer*, en beantwoord begripsvrae, byvoorbeeld: *Kan jy drie verskillende vervoermiddels opnoem?*
- Die onderwyser help leerders om 'n eenvoudige opsomming van 'n niefiksie-teks te maak.

***Ontwikkeling van konsepte, woordeskat en taalstrukture***

Om aan bogenoemde aktiwiteite deel te neem, word …

- kontekstuele woordeskat wat, byvoorbeeld in 'n tema soos *Lewensiklusse* voorkom, uitgebrei; en
- die gebruik van eenvoudige taalstrukture in die konteks van gesproke taal ontwikkel, byvoorbeeld ten opsigte van die teenwoordige en die verlede tyd, selfstandige naamwoorde: *karre / vervoer*, lidwoorde (*'n* en *die*) en voorsetsels (*Ons ry <u>met</u> die bus skool toe);* trappe van vergelyking*: vinnig, vinniger, die vinnigste*.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

**Week 1 - 5**

- Praat oor 'n prent of foto.
- Neem aan kort gesprekke oor 'n bekende onderwerp deel.

**Week 6 - 10**

- Luister na 'n storie en beantwoord begripsvrae mondeling.
- Vertel die storie oor.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 6**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na 'n niefiksie-teks en beantwoord begripsvrae mondeling.
- Gee 'n eenvoudige opsomming van die teks.
- Demonstreer begrip van die woordeskat deur na voorwerpe in die klas of in prente te wys en reageer op vrae / instruksies van die onderwyser, byvoorbeeld: *Wat is hierdie? Wys na die trein*.

| GRAAD 3: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **KLANKE EN LEES** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur per week<br>Maksimum tyd: 1 uur 30 minute per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

***Klanke (15 minute per week)***

***Die onderwyser stel nuwe tweevokaalkombinasies en moeiliker woordgroepe bekend. Verseker dat leerders die nuwe woorde se betekenis verstaan deur dit in 'n sin te gebruik. Die gedeelde leestekste word gebruik om verskillende agtervoegsels te identifiseer. Hierdie aktiwiteite moet kort wees (5 - 10 minute) en word oor die week versprei. Dit kan ook met die luister-, praat- en leesaktiwiteite geïntegreer word.***

***Week 1 - 5***

- Herken ten minste vyf vokaalkombinasies.
- Herken die beginklanke in moeiliker woordpatrone.
- Bou en klank woorde met klanke wat die leerders reeds ken.

***Week 6 - 10***

- Herken moeiliker woordpatrone, byvoorbeeld: *varing*, *heining*.
- Herken en gebruik voegsels, byvoorbeeld: *gedoen; hoeke; boekie*.
- Bou en klank woorde met klanke wat die leerders reeds ken.

***Gedeelde lees (vorm deel van luister en praat)***

***Gedeelde lees is 'n lees- en luisteraktiwiteit. Dit sluit ook praat in, aangesien leerders met hul onderwyser oor die teks gesels. Gedeelde lees word in Graad 3 voortgesit, maar vorm deel van luister en praat.***

- Lees 'n kort geskrewe teks uit 'n Grootboek of enige ander vergrote teks saam met die onderwyser. Gebruik die titel om te voorspel waaroor die storie handel.
- Beantwoord vrae oor die storie.
- Leerders beskryf hoe die storie hulle laat voel.

***Groepbegeleide lees (minimum 45 minute, maksimum 1 uur 15 minute per week)***

***Onderwysers wat van die maksimum tydstoekenning vir Eerste Addisionele Taal gebruik maak, moet hul klas in vyf groepe verdeel, elke groep op dieselfde leesvlak. Leerders behoort gegradeerde leesreekse te gebruik, en maak seker dat elke groep tekste het wat op die voorgestelde vlak is (woordherkenning tussen 90% en 95%). Werk vir 15 minute per dag slegs met een groep. Terwyl die onderwyser met een groep besig is, hou ander groepe hulle met lees in pare of selfstandige lees besig of doen aktiwiteite wat op die teks betrekking het.***

***Onderwysers wat gebruik maak van die minimum tydtoewysing vir Eerste Addisionele Taal, kan 3 maal per week klasbegeleide lees doen.***

- Lees hardop uit eie boek in 'n geleide groep saam met die onderwyser - die hele groep lees dieselfde storie, of niefiksie-teks saam met die onderwyser.
- Maak van dieselfde leestegnieke gebruik wat in Huistaal aangeleer is (klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise, sigwoorde).
- Lees hardop met toenemende vlotheid en uitdrukking.
- Toon begrip vir leestekens tydens hardoplees.
- Gaan voort om 'n sigwoordeskat op te bou deur groepbegeleide, gedeelde en selfstandige lees.

***Selfstandige lees (gedurende leerders se vrye tyd by die skool en tuis)***

***Leerders moet aangemoedig word om selfstandig te lees in hul Eerste Addisionele Taal-periode, byvoorbeeld wanneer hulle voor ander leerders hul skriftelike werk voltooi het, of wanneer die onderwyser groepbegeleide lees doen, asook by die huis (vir huiswerk). Dit is belangrik dat leerders elke geleentheid in die klas gebruik om hul lees te ontwikkel.***

- Lees eie en ander se skryfwerk.
- Lees bekende gedigte en rympies.
- Lees boeke wat tydens groepbegeleide leessessies gelees is, en boeke met eenvoudige onderskrifte en prentstorieboeke, in die leeshoekie.
- Maak van een- en tweetalige kinderprentwoordeboeke gebruik om die betekenis van onbekende woorde na te slaan.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Klanke (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Herken die eerste klank en laaste deel van die lettergreep in meer komplekse patrone, byvoorbeeld: *dr-oom, str-oom*.
- Herken meer komplekse woordgroepe, byvoorbeeld: *pr-uim, br-uin*.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 6**

**Klanke (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Herken tweeklanke in woorde, byvoorbeeld: l**aai**, r**ooi**, k**oei**, l**eeu**).
- Herken agtervoegsels, byvoorbeeld *-er* in mooi**er**, *-ste* in mooi**ste**.
- Doen woordbou-aktiwiteite met die aangeleerde klanke.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Lees (mondeling en / prakties)**

*Gedeelde lees*

- Beantwoord kort, mondelinge vrae oor die teks.
- Vertel, met hulp van die onderwyser, gedeeltes van die storie oor.

*Groepbegeleide lees*

- Demonstreer begrip en vlotheid wanneer daar op eie leesvlak saam met die onderwyser gelees word.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 6**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

*Gedeelde lees*

- Beantwoord kort vrae oor die storie en niefiksie-teks, byvoorbeeld: *Watter voertuig is die vinnigste, 'n trein of 'n vliegtuig?*

*Groepbegeleide lees*

- Demonstreer begrip en vlotheid wanneer daar op eie leesvlak saam met die onderwyser gelees word.

*Lees in pare / Selfstandige lees*

- Demonstreer begrip en vlotheid wanneer daar selfstandig gelees word.

| GRAAD 3: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **SKRYFWERK**<br><br>**TAALSTRUKTUUR** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br><br>**Skryfwerk**:<br><br>Minimum tyd: 30 minute per week<br><br>Maksimum tyd: 1 uur per week<br><br>**Taalstruktuur**: 30 minute per week |

**INHOUD / KONSEPTE / VAARDIGHEDE**

***Skryfaktiwiteite (30 minute per week)***

***Een of twee hoof-aktiwiteite per week as die maksimum tyd gebruik word, en een aktiwiteit per week as die minimum tyd gebruik word.***

***Die onderwyser sal die nuwe tekstipe moet bekendstel - om stories te skryf. Die leerders sal baie leiding nodig hê en die onderwyser sal moet begin deur die storie saam met die klas te skryf. Die onderwyser begin deur ‘n eenvoudige, bekende storie vir die klas te vertel. Dan vra die onderwyser wie die karakters is, waar die storie plaasvind en watter gebeure plaasvind. Die onderwyser vra in watter tyd (die teenwoordige of verlede tyd) die storie afspeel. Die onderwysers vra dan dat die leerders hul eie karakters vir ‘n storie kies, asook waar die storie gaan afspeel en in watter tyd die storie vertel gaan word. Die leerders ontwikkel dan die storie met die onderwyser se hulp en die onderwyser skryf die storie op die bord. Verskillende leerders word gevra om die storie hardop voor te lees en die leerders skryf dan die storie in hul boeke.***

- Gebruik handskrifvaardighede wat reeds in Huistaal aangeleer is.
- Skryf moeiliker lyste met opskrifte neer, byvoorbeeld: *Verskillende vervoermiddels*: *fiets, motor, trein, motorfiets, taxi, bus, boot, vliegtuig*.
- Skryf ‘n paragraaf van 6 **-** 8 sinne oor ‘n bekende onderwerp.
- Organiseer inligting op ‘n tabel of staafgrafiek, byvoorbeeld ‘n staafgrafiek nadat ‘n ondersoek gedoen is na verskillende vervoermiddels wat gebruik word om leerders skool toe te vervoer.
- Skryf ‘n persoonlike vertelling, byvoorbeeld: *Verlede naweek het ek … Eers het ek …*
- Skryf, met hulp van die onderwyser, ’n storie.
- Gebruik die skryfproses (beplan, skryf, redigeer, bied aan).
- Gebruik leestekens wat reeds in Huistaal aangeleer is (punte, kommas vraagtekens, uitroeptekens en aanhalingstekens).
- Spel algemene woorde korrek en probeer onbekende woorde gebruik deur van klankkennis gebruik te maak.
- Gebruik die verlede tyd vlot en akkuraat.
- Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek op.
- Gebruik een- en tweetalige kinderwoordeboeke.

***Taalstruktuuraktiwiteite (30 minute per week)***

In hierdie aktiwiteite begin leerders op taal in konteks te fokus; daarom moet taal binne ‘n betekenisvolle konteks plaasvind.

- Verstaan en gebruik die toekomende tyd, byvoorbeeld: *Ek sal môre dorp toe gaan.*
- Verstaan en gebruik byvoeglike naamwoorde (trappe van vergelyking), byvoorbeeld: *‘n Motor is vinniger as ‘n fiets. ‘n Vliegtuig is die vinnigste.*
- Hersien die taalstrukture wat in Graad 1 en 2 gedoen is.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Skryfwerk (geskrewe)**

- Skryf 'n eenvoudige storie met die onderwyser se hulp.
- Gebruik die skryfproses (beplan, skryf, redigeer, bied aan).

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 6**

**Skryfwerk (geskrewe)**

- Skryf 'n paragraaf van 4 - 6 sinne oor 'n bekende onderwerp.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Taalstruktuur (geskrewe)**

- Voltooi sinne deur van byvoeglike naamwoorde (trappe van vergelyking) gebruik te maak.

**Voorgestelde formele assesseringsaktiwiteit 6**

**Taalstruktuur (geskrewe)**

- Skryf betekenisvolle sinne deur van byvoeglike naamwoorde (trappe van vergelyking) gebruik te maak.

**VOORGESTELDE TEKSTE / HULPMIDDELS VIR DIE JAAR**

**LUISTER EN PRAAT**

- Prente en plakkate
- Werklike voorwerpe wat van toepassing is op die temas, byvoorbeeld handpoppe, maskers, ensovoorts
- Prente vir volgorde
- Fantasieklere vir rolspel en ander mondelinge aktiwiteite
- CD's of kassette met stories (wat gelees of vertel word), gedigte, rympies en liedjies, CD-speler / kassetspeler, televisie en video's / DVD's
- Storieboeke en mondelinge stories
- Taalspeletjies (mondeling)

**LEES EN KLANKE**

- Prente en plakkate
- Grootboeke - fiksie en niefiksie
- Aanbevole leeskema (ten minste 10 stories / boeke per kwartaal)
- Kort pretboeke met 1 - 2 sinne op 'n bladsy vir die leeshoekie
- Flitskaarte vir klaskameritems, uitstallings en sigwoorde
- Eenvoudige een- en tweetalige kinderwoordeboeke

**SKRYFWERK EN HANDSKRIF**

- Toerusting vir praktiese aktiwiteite, byvoorbeeld balle, hoepels, skêre, speelklei
- Skryfapparaat, byvoorbeeld potlode, kleurkryt, vetkryt, verf, verfkwaste, blanko papier in verskeie groottes (A3, A4, A5), liniaal, uitveër, blanko boeke, 17mm- / 8.5mm-boeke, blanko boeke
- Groot papier en dik merkpenne
- Eenvoudige een- en tweetalige kinderwoordeboeke

**HOËFREKWENSIE WOORDE**

Die onderstaande is woorde wat gereeld in Afrikaanse tekste en storieboeke verskyn.

Die lys word ingesluit om aan onderwysers ‘n idee te gee van die kernwoordeskat wat leerders in Eerste Addisionele Taal behoort te bemeester. Hierdie woordeskat word opgebou deur na Afrikaans te luister en dit te lees, asook deur Afrikaans te praat en te skryf. Die woorde moenie buite konteks onderrig word nie.

Die woorde wat leerders in hul Eerste Addisionele Taal aanleer, sal nie presies dieselfde wees as die onderstaande woorde nie. Die woorde wat aangeleer word, sal afhang van die temas wat die onderwyser gebruik en die boeke wat hy of sy vir die leerders lees. Omdat dit die eerste addisionele taal is, word die woorde aangeleer deur middel van luister en lees in die teenwoordige tyd.

Hierdie lyste word slegs as riglyn ingesluit. Onderwysers moet self rekord hou van die woorde wat die leerders hoor en kan lees. Sodra die leerders in hul eerste addisionele taal kan lees, kan ‘n Afrikaanse woordmuur in die klaskamer aangebring word en kan die leerders aangemoedig word om ‘n eenvoudige kinderwoordeboek te gebruik. Sodra die leerders kan skryf, word hulle gelei om nuwe woorde in ‘n persoonlike woordeboek (of woordeskatboek) te skryf. Die onderwyser kan gereelde woordeskat- en speltoetse doen.

**Eerste 100 hoëfrekwensie woorde**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. is | 21. kan | 41. nog | 61. ma | 81. jou |
| 2. sit | 22. al | 42. maar | 61. pa | 82. nou |
| 3. en | 23. met | 43. daar | 62. na | 83. sou |
| 4. 'n | 24. kom | 44. aan | 63. so | 84. hou |
| 5. die | 25. om | 45. haar | 64. te | 85. gou |
| 6. in | 26. my | 46. gaan | 65. nie | 86. uit |
| 7. ons | 27. wat | 47. laat | 67. sien | 87. huis |
| 8. tot | 28. kon | 48. maak | 68. wie | 88. want |
| 9. van | 29. op | 49. staan | 69. tog | 89. waar |
| 10. vir | 30. kyk | 50. soos | 70. toe | 90. jaar |
| 11. as | 31. het | 51. ook | 71. doen | 91. klein |
| 12. sê | 32. sy | 52. oom | 72. hoe | 92. man |
| 13. net | 33. jy | 53. loop | 73. moet | 93. kry |
| 14. dan | 34. hy | 54. voor | 74. goed | 94. dat |
| 15. was | 35. by | 55. oor | 75. roep | 95. gee |
| 16. wil | 36. bly | 56. groot | 76. voel | 96. saam |
| 17. dit | 37. hom | 57. wees | 77. doen | 97. eers |
| 18. ek | 38. af | 58. weer | 78. hoe | 98. baie |
| 19. sal | 39. of | 59. weet | 79. moet | 99. nee |
| 20. dis | 40. se | 60. ja | 80. goed | 100. hier |

**Volgende 100 hoëfrekwensie woorde**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. iets | 21. eet | 41. gemaak | 61. daarom | 81. almal |
| 2. eie | 22. weg | 42. gesê | 62. hoop | 82. aand |
| 3. vrou | 23. neem | 43. gekom | 63. gehad | 83. land |
| 4. blou | 24. hul | 44. gesien | 64. hand | 84. dood |
| 5. soek | 25. grond | 45. gebruik | 65. altyd | 85. kind |
| 6. nooit | 26. graag | 46. gedoen | 66. drie | 86. word |
| 7. mooi | 27. brief | 47. verkoop | 67. mens | 87. tyd |
| 8. hulle | 28. breek | 48. plaas | 68. werk | 88. sommer |
| 9. julle | 29. eerste | 49. plan | 69. self | 89. lekker |
| 10. wou | 30. stil | 50. miskien | 70. niks | 90. ander |
| 11. word | 31. slaap | 51. waarom | 71. help | 91. onder |
| 12. klaar | 32. sodat | 52. val | 72. dink | 92. alles |
| 13. daardie | 33. omdat | 53. môre | 73. lank | 93. vertel |
| 14. hierdie | 34. reg | 54. praat | 74. lang | 94. verder |
| 15. hê | 35. mag | 55. vra | 75. bring | 95. sonder |
| 16. lyk | 36. wees | 56. trek | 76. ding | 96. amper |
| 17. lê | 37. gewees | 57. saak | 77. darem | 97. sny |
| 18. dag | 38. geval | 58. wag | 78. hele | 98. alleen |
| 19. dra | 39. gekry | 59. haal | 79. elke | 99. een |
| 20. teen | 40. genoeg | 60. gegee | 80. skryf | 100. oë |

**Laaste 100 hoëfrekwensie woorde**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. steek | 1. kinders | 1. vyf | 1. laaste | 1. kop |
| 2. speel | 2. minder | 2. moes | 2. sent | 2. rok |
| 3. lees | 3. kamer | 3. meer | 3. begin | 3. gehoor |
| 4. buite | 4. agter | 4. deur | 4. altwee | 4. geneem |
| 5. glo | 5. waarin | 5. hier | 5. boer | 5. gegaan |
| 6. stuur | 6. waarvan | 6. klein | 6. seun | 6. stem |
| 7. rooi | 7. daarvan | 7. gee | 7. naam | 7. binne |
| 8. draai | 8. oomblik | 8. geen | 8. skool | 8. mense |
| 9. goeie | 9. vandag | 9. weg | 9. keer | 9. woord |
| 10. spring | 10. elkeen | 10. neem | 10. paar | 10. geld |
| 11. verstaan | 11. daarop | 11. laat | 11. leer | 11. maand |
| 12. vergeet | 12. bang | 12. waar | 12. uur | 12. antwoord |
| 13. betaal | 13. gang | 13. groot | 13. deel | 13. moenie |
| 14. besluit | 14. jong | 14. staan | 14. week | 14. bietjie |
| 15. terug | 15. langs | 15. klaar | 15. raad | 15. wêreld |
| 16. beter | 16. dankie | 16. kry | 16. ken | 16. nuwe |
| 17. tussen | 17. kort | 17. want | 17. stap | 17. gebeur |
| 18. watter | 18. hart | 18. werk | 18. plek | 18. mekaar |
| 19. later | 19. geen | 19. eers | 19. wal | 19. groter |
| 20. gister | 20. mos | 20. beste | 20. sak | 20. groei |

**Bronne geraadpleeg:**

Aucamp G. 1932. *Woordeskat en woordherhaling*.

Grové M.C., Hauptfleisch H.M.A.M. 1988. *Remediërende Onderwys in die Primêre Skool*. Pretoria: HAUM

# AFDELING 4: TEKSSOORTE WAT IN DIE GRONDSLAGFASE GEDEK WORD

In die Grondslagfase sal leerders na die volgende tekssoorte luister:

- Persoonlike en feitlike vertellings / oorvertellings / mededelings
- Prosedures (instruksies)
- Niefiksie
- Verhale / stories

In Graad 3 word van hulle verwag om eenvoudige, mondelinge vertellinge te doen en instruksies te gee.

Wanneer hulle in die addisionele taal begin lees en skryf, sal leerders eenvoudige stories, oorvertellings, prosedures en niefiksie lees. In Graad 3 behoort hulle in staat te wees om ‘n eenvoudige vertelling, prosedure en storie met die hulp van die onderwyser te skryf.

Hier volg voorbeelde van tekssoorte wat in die Grondslagfase gebruik kan word:

**PERSOONLIKE (OOR-)VERTELLING**

| Voorbeeld | Struktuur en eienskappe |
|---|---|
| Ons skool se “Readathon”<br>Verlede week het ons ‘n leesfees in ons skoolsaal gehou.<br>Die Graad R-leerders het eers liedjies in Setswana en Afrikaans gesing. Almal het hande geklap.<br>Daarna het die Graad 1 - leerders ‘n storie in Setswana gelees. Almal het weer hande geklap<br>Toe het die Graad 2-leerders ‘n opvoering gehou. Dit was baie snaaks. Almal het gelag.<br>Laastens het die Graad 3-leerders stories in Setswana en Afrikaans gelees. Almal het weer hande geklap.<br>Die skoolhoof het pryse oorhandig. Almal het hande geklap.<br>Ons het sap gedrink en beskuitjies geëet. Dit was die beste deel. | **1. Opskrif**<br>**2. Oriëntasie:** vertel<br>• Wat het gebeur?<br>• Wanneer het dit gebeur?<br>• Wie was betrokke?<br>**3. Reeks gebeure**<br>Vertel gebeure oor in logiese volgorde.<br>*Tydlyn*<br>eers, daarna, toe, laastens<br>*Verlede tyd*<br>gelees, het geklap, was, het gelag,<br>**4. Persoonlike opmerkings**<br>Sluit die gebeure af. |

## FEITELIKE (OOR-)VERTELLING

| Voorbeeld | Struktuur en eienskappe |
|---|---|
| **Plant ‘n boontjie**<br><br>Op 3 September het ons klas ‘n boontjie geplant. Ons het dit dopgehou soos dit gegroei het.<br><br>Eers het ons vyf bone in glase geplant, sodat ons kon sien hoe dit groei. Ons het grond in die glase gegooi en dit natgemaak.<br><br>Elke groep het na ‘n boontjie omgesien. Na ‘n week het ons die wortels gesien.<br><br>Na twee weke was daar meer wortels. Ons het ook ‘n stingel bo die grond sien groei.<br><br>Na drie weke het die stingel groen blare aangehad. Op 26 September het ons die boontjieplant in ‘n pot gesit.<br><br>Na agt weke was die plant 20 cm lank. Dit het 10 blare gehad.<br><br>Op 5 November het ons die boontjieplante na die skooltuin verskuif. Daar was baie blommetjies aan die plante. Toe die blommetjies verdwyn, was daar boontjies aan die plante.<br><br>Die boontjies het groter en groter geword. Ons kan die bone weer plant om nuwe plante te kry. | **1. Opskrif**<br><br>**2. Oriëntasie**<br><br>Beantwoord vrae:<br><br>Wie? Wat? Wanneer?<br><br>**3. Reeks gebeure**<br><br>Vertel gebeure in logiese volgorde.<br><br>*Tydlyn*<br><br>eers, na<br><br>*Presiese tyd*<br><br>5 November<br><br>*Terme*<br><br>wortel, stingel, blare<br><br>**4. Resultaat**<br><br>Sluit die gebeure af. |

## PROSEDURES (INSTRUKSIES)

| Voorbeeld | Struktuur en eienskappe |
|---|---|
| Hoe om ‘n grondboontijebotter-toebroodjie te maak.<br><br>**Jy benodig:**<br><br>• 2 snye brood<br>• grondboontjiebotter<br>• margarien of botter<br>• ‘n mes<br>• ‘n bord<br><br>**Metode**<br><br>1. Smeer margarien of botter op elke sny brood.<br>2. Smeer grondboontjiebotter op een sny.<br>3. Plaas die twee snye brood opmekaar.<br>4. Sny toebroodjie in die helfte.<br>5. Eet jou toebroodjie! | **1. Opskrif**<br><br>Beskryf die doel van die instruksies.<br><br>**2. Benodighede**<br><br>Benoem die benodighede.<br><br>Aanwysers kan gebruik word.<br><br>**3. Metode**<br><br>Elke instruksie begin op ‘n nuwe lyn<br><br>en is genommer.<br><br>*Opdragte*<br><br>Smeer, plaas, sny, eet<br><br>*Presiese instruksies*<br><br>Plaas die snye opmekaar. Sny in die helfte. |

**INLIGTINGSVERTELLING**

| Voorbeeld | Struktuur en eienskappe |
|---|---|
| **Slange** | **1. Opskrif** |
| Slange is reptiele. Alle slange het skubbe. | **2. Algemene stelling** |
| Reptiele kan nie hul liggaamstemperatuur beheer nie. Hulle liggame neem dieselfde temperatuur aan as hul omgewing. Hulle word koudbloedige diere genoem, maar nadat hulle 'n rukkie in die son was, raak hul liggame warm. | Gewoonlik 'n definisie<br>*Onderwerp is geklassifiseer*<br>Slange word geklassifiseer as reptiele. |
| Alle reptiele lê eiers. | *Terme* |
| *Soorte slange* | reptiele, slange |
| Ons kry pofadders en luislange. | **3. Feite** |
| Pofadders is geel of bruin met 'n swart V-lyn-patroon. Hulle raak ongeveer 'n meter lank. | Groepeer in paragrawe, byvoorbeeld *Hoe lyk slange en wat vreet hulle?* |
| Luislange is langer as pofadders. Hulle is roomkleurig met 'n bruin patroon. Hulle raak ongeveer 5 m lank. | *Teenwoordige tyd:*<br>is, vreet, verstrengel, vergiftig |
| Pofadders vreet hoofsaaklik rotte en muise. Hulle vergiftig die diere. | *Sinne begin gewoonlik met onderwerpe:*<br>Pofadders ... |
| Luislange vreet groter diere soos dassies, hase en bokkies. Hulle draai hul lywe styf om hul prooi en druk hulle so dood. | Luislange ... |

**STORIE**

| Voorbeeld | Struktuur en eienskappe |
|---|---|
| **Hoe olifant sy slurp gekry het** | **1. Titel** |
| Lank, lank gelede het olifante geen slurpe gehad nie. | **2. Oriëntasie** |
| Eendag wou 'n baba-olifant in die Limpoporivier gaan swem. Sy ma het gesê: "Jy mag nie rivier toe gaan nie. Daar is krokodille wat jou kan opvreet." | Stel karakters voor.<br>**3. Gebeure wat tot komplikasies lei** |
| Die olifantkalfie wou nie luister nie. Hy het rivier toe gegaan en op die wal van die rivier gestaan. "Ek wil net water drink," het hy vir homself gesê. Hy het sy mond in die water gesit en 'n krokodil het sy neus gegryp. "Oeeeeee!" het hy skielik geskree en probeer om los te kom. Hoe meer hy getrek het, hoe langer het sy neus geword. | *Verlede tyd*<br>gehad, gesê, gegaan, gestaan, getrek<br>*Tydsaanwysings*<br>lank, lank gelede, eendag |
| Uiteindelik het die krokodil hom laat los. Die kalfie het huis toe gehardloop. Sy ma was baie verras om haar kind se lang slurp te sien. Sy het gou agtergekom dat hy baie dinge met daardie slurpie kon doen. | *Dialoog*<br>"Jy mag nie …"<br>*Taalstruktuur om impak op leser te maak:*<br>Oeeeeee |
| Van daardie dag af het olifante slurpe gehad. | **4. Oplossing en slot** |

# WOORDELYS

**antoniem -** ‘n woord wat die teenoorgestelde beteken, byvoorbeeld *groot* en *klein*

**assessering -** ‘n deurlopende en beplande proses van inligting versamel,oor leerderprestasie, formeel en informeel, op verskillende maniere

**assesseringsaktiwiteit -** ‘n aktiwiteit wat gebruik word om leerders te assesseer, bestaande uit ‘n aantal klein aktiwiteite / sub-aktiwiteite

**enkelbeginkonsonant -** die deel van die lettergreep voor die eerste vokaal (byvoorbeeld m - at)

**dekodering -** die vermoë om ‘n woord van teks na spraak te vertaal deur letter-klank-verwantskap; die verdeling van ‘n woord in klank- en lettergrepe

**deurlopende assessering -** ‘n assesseringsmodel wat die integrering van assessering in onderrig en in die ontwikkeling van leerders deur middel van deurlopende terugvoering aanmoedig

**fantasiehoekie -** ‘n hoekie in die klaskamer waar die leerders aan denkbeeldige spel kan deelneem, byvoorbeeld verskillende soorte klere kan aantrek en rolspeel

**fonemies -** die onderskeid tussen die aparte klanke van ‘n taal (byvoorbeeld “t”, “k”)

**fonemiese bewustheid -** die vermoë om te onderskei tussen die aparte klanke van die taal, byvoorbeeld “bed” en “bad”, “bod” en “bid”

**fonologiese bewustheid -** die vermoë om bewus te wees van klanke en klankveranderinge van ‘n taal

**fynmotories -** koördinasie van kleinspierbewegings, byvoorbeeld waar die vingers en oë saamwerk, soos om ‘n skêr te gebruik om iets uit te knip. Fynmotoriese vaardighede word gebruik by die skryfproses

**gedeelde lees -** ‘n aktiwiteit waar leerders en onderwysers die lees van vergrote teks met mekaar deel. Dit is ‘n les vir die hele klas. Sekere leerders sal slegs op luistervlak funksioneer, ander sal poog om te lees en die res sal ten volle deelneem. Dieselfde teks word oor die bestek van ‘n paar dae gebruik. Die onderwyser selekteer elke dag ‘n nuwe fokuspunt. Die teks word gebruik om klanke, taal en leesvaardighede in konteks aan te bied

**gegradeerde leesreeks -** leesboeke met grammatika en woordeskat op verskillende vlakke, byvoorbeeld Graad 1 - vlak 1, 2, 3, 4. Die vlakke gaan van maklik (eenvoudige woordeskat, kort teks) na moeilik. Elke vlak het ‘n aantal leesboeke. Die leerder begin, met hulp van die onderwyser, op die korrekte vlak, lees verskeie boeke op daardie vlak tot hy vlot kan lees en beweeg dan na ‘n volgende vlak

**geletterdhede -** verskillende soorte geletterdheid: lees en skryf; kulturele geletterdheid (begrip van die kulturele, sosiale en ideologiese waardes wat ons lees van tekste vorm); kritiese geletterdheid (die vermoë om krities op die boodskap in tekste te reageer); visuele geletterdheid (die lees / skryf van beelde, tekens, prente, ens); mediageletterdheid (die lees van koerante, tydskrifte, TV en film as kulturele boodskappe)

**geletterdheid -** die vermoë om te lees en geskrewe inligting te gebruik en om vir verskillende doeleindes te skryf. Dit is deel van die vermoë om sin van ‘n mens se wêreld te maak

**geslote prosedures -** ‘n tegniek waar woorde van ‘n teksgedeelte uitgelaat word, byvoorbeeld elke vyfde woord. Die leerders moet wenke volg om die openinge te vul. Dit word gebruik om begrip te toets en die taal te bemeester

**grafiese teks -** teks waar inligting visueel deur middel van diagramme en grafieke aangebied word

**groepbegeleide lees -** ‘n groepleessessie waar alle leerders op dieselfde vlak funksioneer en die onderwyser leerders op so ‘n manier ondersteun dat hulle met toenemende selfvertroue kan lees

**groepbegeleide skryf -** skryf van ‘n wye reeks tekste, individueel of in klein groepies, nadat die onderwyser aspekte van skryf ( byvoorbeeld formaat, punktuasie, taal, spel) verduidelik het

**grondlynassessering -** aanvanklike assessering wat gebruik word om uit te vind wat leerders reeds weet

**Grootboeke -** ‘n groot storieboek met prente en teks wat tydens gedeelde en groepbegeleide lees gebruik word. Hierdie Grootboeke is kommersieel verkrygbaar of dit kan deur die onderwyser en / of leerders self geskryf word

**hoëfrekwensie woorde -** ‘n groep bekende woorde wat gereeld in die Afrikaanse gedrukte media voorkom

**hoër-orde-denkvrae -** vrae wat vereis dat die leerders inligting van verskillende dele van ‘n teks bymekaarbring (lees tussen die reëls), evalueer wat gebeur (lug ‘n mening) en waardering kan uitspreek (sê hoekom hy of sy daarvan gehou het en hoekom)

**holistiese rubriek vir assessering -** ‘n rubriek wat al die vaardighede en verskillende soorte kennis in aktiwiteite integreer en nie op elkeen afsonderlik fokus nie

**kinesteties -** leer wat plaasvind deur fisiese aktiwiteite (byvoorbeeld leer deur te doen)

**klankbewustheid -** die vermoë om tussen die afsonderlike klanke van ‘n taal te onderskei

**klanke / fonetiek -** die verhouding tussen klanke en spelling in ‘n taal. Dit help met woordherkenning wanneer daar gelees word en help leerders om te spel

**klankkombinasies -** saamvloei van klanke in ‘n woord of gedeelte van ‘n woord

**klanke -** die verhouding tussen klanke en spelling. Klanke word in lees en in skryf gebruik

**kontekts -** die konteks waarin ‘n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kruising van die middellyn -** aksies wat uitgevoer word om ‘n denkbeeldige lyn (wat van kop

tot toon in die middel van die liggaam strek) te kruis, byvoorbeeld om die teenoorgestelde

elmboog te raak

**laer-orde-denkvrae -** vrae wat van leerders vereis om feite te onthou. Byvoorbeeld: “Wie was die hoofkarakters in die verhaal?” / “Wat was die hoofkarakter se naam?”

**leesgewoonte -** dit wat leerders doen wanneer hulle lees om sin te maak van die teks

**legkaart -** ‘n kaart bestaande uit inmekaarpassende stukkies wat saamgevoeg moet word

**lopende skrif -** ‘n vloeiende skrif waar letters vinnig gevorm word sonder om die pen of potlood te lig. ‘n Ander lopende skrif is waar letters met verbindings gevorm word, maar die pen of potlood word in die proses opgelig

**meta-kognitief -** ‘n leerder se bewustheid van sy / haar eie denkproses

**onderskrif -** wat onder ‘n foto,plakkaat of prent geskryf word

**ontluikende / vormende geletterdheid -** verwys na die kind se groeiende kennis van die gedrukte woord. Kinders sien die gedrukte teks in die omgewing en begin die doel daarvan verstaan. Wanneer stories aan hulle gelees en vertel word, leer hulle hoe stories werk en wat boeke is. Selfs voordat hulle skool toe gaan, weet hulle dikwels reeds baie. Hulle mag hulle eie idees van letters en spelling gebruik (vormende spelling). Hulle kan maak of hulle ‘n boek of boeke lees (vormende lees). Dit is die begin van leerders se geletterdheid

**oopeindevrae -** vrae waarop die leerders verskillende response kan gee

**ouditief -** wat op die klank gerig is, luister / hoor

**perseptueel-motories -** perseptueel-motoriese vaardighede koördineer sig en gehoor deur middel van liggaamlike aksies

**plastisien -** boetseerklei in alle kleure (speelklei)

**publiseer -** ‘n geskrif laat druk

**ruimtelike oriëntering -** bewuswording van voorwerpe in die ruimte rondom ons asook bewuswording van ons eie liggaamsposisie in die ruimte

**sigwoorde -** woorde wat leerders outomaties (op sig) kan herken. Dit is nie nodig om hierdie woorde te ontleed (op te breek) nie. Sigwoorde kom heel dikwels voor in vroeë lees of hoëfrekwensie woorde (byvoorbeeld hy, sy)

**sinoniem -** ‘n woord wat min of meer dieselfde as ‘n ander woord beteken (byvoorbeeld “mooi” en “pragtig”)

**sintaksis -** leer van sinsbou

**sluitingstegniek -** ‘n tegniek waar woorde van ‘n teksgedeelte uitgelaat word, byvoorbeeld elke vyfde woord. Die leerders moet wenke volg om die openinge te vul. Dit word gebruik om begrip te toets en die taal te bemeester

**stemtoon -** gebruik van stem om gevoel uit te druk

**storiebord -** ‘n reeks prente wat ‘n storie illustreer

**strategie -** manier waarop leerders besig is om te dink oor lees,skryf en mondelinge taal sodat leer en begrip bevorder kan word. Voorbeelde van begripstrategieë is voorspelling en visualisering

**strutureel-analities -** ontleding van dele van ‘n woord (voorvoegsel en agtervoegsels) om ‘n

onbekende woord te verstaan

**tangram -** ‘n Chinese legkaart wat uit sewe stukke bestaan en ‘n vierkant vorm van enige

geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie wat die doelbewuste gebruik van taal behels

**teks -** enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**vryspel -** wanneer leerlinge toegelaat word om te kies waar, hoe en waarmee hulle wil speel

**woordbank -** 'n lys woorde wat die leerder ken of nuwe woorde wat in die proses geleer word / 'n persoonlike woordeboek